

# Vader van Liefde Verhale

***Bybelverhale vir Kinders***
**Volume 1**

# Die Lewe van Jesus

Marlise Schneider

# Vader van Liefde Verhale

***Bybelverhale vir Kinders***

**Volume 1**

# Die Lewe van Jesus

Marlise Schneider

Gedruk deur

MARANATHA
MEDIA

Maranathamedia.com

**November 2021**

Opgedra aan Lukas en Sarah, my kosbare kinders.

Spesiale dank aan Danutasn Brown, Lorelle Ebens, Carlos Hernández en my eggenoot Daniel Bernhardt vir hul behulpsame voorstelle tydens die skrywe van hierdie boek.

# Inhoud


*Inleiding ............................................................................ 8*

*1. Johannes as Baba ............................................................ 10*

*2. Maria Glo God se Woord .................................................... 12*

*3. Jesus is Gebore ................................................................ 14*

*4. Die Toewyding van Jesus .................................................... 17*

*5. Die Wyse Manne ................................................................ 19*

*6. Die Seun Jesus .................................................................. 22*

*7. Jesus as Jongeling in Jerusalem ........................................... 24*

*8. Johannes in die Woestyn .................................................... 27*

*9. Jesus se Doop .................................................................... 29*

*10. Versoeking in die Woestyn ................................................ 31*

*11. Die Twaalf Dissipels ......................................................... 34*

*12. Die Bergpredikasie ........................................................... 37*

*13. Water Verander in Wyn .................................................... 41*

*14. Reiniging van die Tempel .................................................. 43*

*15. Nikodémus ...................................................................... 45*

*16. Die Samaritaanse Vrou ..................................................... 48*

*17. Jesus Genees die Koninklike Beampte se Seun ...................... 50*

*18. Onselfsugtige Johannes .................................................... 52*

*19. Die Dood van Johannes ..................................................... 55*

*20. Die Wonderlike Visvangs ................................................... 57*

*21. Genesing by Betésda ........................................................ 59*

*22. Jesus word uit Násaret Verdryf .......................................... 62*

*23. By Kapérnaüm ................................................................. 64*

*24. ‘n Melaatse word Genees ................................................... 66*

*25. Die Oopgemaakte Dak ........................................................68*

*26. Die Sabbat ...................................................................70*

*27. Genesing op Sabbatdae ...................................................72*

*28. Die Hoofman oor Honderd se Kneg ......................................75*

*29. Opwekking van die Seun van die Weduwee van Nain ...........77*

*30. Die Ware Familie van Jesus ..............................................79*

*31. Vrede, Stil ....................................................................81*

*32. Die Besetene .................................................................83*

*33. Jaïrus se Dogtertjie en die Siek Vrou ..................................86*

*34. Die Geneesheer ..............................................................88*

*35. Die Eerste Werkers vir Jesus .............................................90*

*36. Voedsel vir Vyfduisend ....................................................92*

*37. Een Aand op die See .......................................................95*

*38. Die Kananése (Siro-Fenisiese) vrou ....................................98*

*39. Voedsel en Genesing vir Nie-Jode ......................................100*

*40. Die Blinde Man in Betsáida ..............................................102*

*41. Die Verheerlikte Seun van God .........................................104*

*42. Help My om te Glo! .........................................................107*

*43. Die Vernaamste in die Koninkryk van God ..........................110*

*44. Muntstuk in 'n Vis ..........................................................112*

*45. By die Huttefees .............................................................114*

*46. 'n Medelydende God .......................................................117*

*47. Jesus Genees 'n Blinde Man .............................................120*

*48. Liefde vir die Samaritane .................................................123*

*49. Die Tien Melaatses .........................................................125*

*50. Jesus en die Kindertjies ...................................................127*

*51. Die Ryk Jongman ........................................................... 129*
*52. Aan die Voete van Jesus ................................................. 132*
*53. Lasarus ............................................................................. 134*
*54. Saggéüs ............................................................................ 137*
*55. Bartiméüs .......................................................................... 139*
*56. Nardussalf vir Jesus ......................................................... 141*
*57. Die Intog van Jesus in Jerusalem .................................... 145*
*58. Jesus se Laaste Besoek aan die Tempel .......................... 148*
*59. Die Vyeboom .................................................................... 151*
*60. Die Weduwee se Offergawe ............................................. 153*
*61. Die Grieke kom na Jesus toe ........................................... 155*
*62. Tekens van die Einde ....................................................... 157*
*63. Die Grootste Dienskneg ................................................... 161*
*64. Die Laaste Maaltyd .......................................................... 163*
*65. Die Laaste Gesprek .......................................................... 166*
*66. In Getsémané ................................................................... 168*
*67. By die Paleis van die Hoëpriester .................................... 175*
*68. By die Paleis van Pilatus en Herodus .............................. 179*
*69. Jesus word Gekruisig ....................................................... 184*
*70. Hy het Opgestaan! ........................................................... 189*
*71. Op die Weg na Émmaüs ................................................... 193*
*72. By die See saam met Jesus .............................................. 196*
*73. Jesus Gaan Terug Hemel Toe ........................................... 200*
*Tematiese Inhoudsopgawe ...................................................... 204*

# Inleiding

Kinders is een van die kosbaarste geskenke wat God aan ons toevertrou. Met hul aankoms in ons wêreld begin ons bewus word van al die behoeftes van ons kleintjies, dinge waaroor ons voorheen maar onkundig was. Dit is ons verantwoordelikheid om hulle na die voete van Christus te bring, sodat hulle God kan ken. Dit is belangrik dat ons hulle bekendstel aan die kenmerkende waarhede wat die sleutel tot die ervaring van God se mense in hierdie laaste dae bevat. Al die Bybelse verhale wat aan hulle voorgehou word, moet binne die kosbare beginsels waarmee God ons geseën het en wat ons so na aan die hart lê, oorgedra word.

Marlise het, in haar strewe om ‘n seën op ons kinders, Lukas en Sarah, te plaas, begin om aantekeninge te maak van die stories wat sy vir ons kinders vertel het. Namate daardie notas vermeerder het, het dit gou duidelik geword dat dit ook vir al daardie ouers, wat soortgelyke uitdagings in die gesig staar, van groot waarde kon wees. So is hierdie notas in 'n projek, waarvan hierdie die eerste bundel is, omskep. Die leser vra dalk: hoekom word die lewe van Jesus gedek in die eerste bundel van 'n reeks Bybelverhale? Hoekom word daar nie in chronologiese volgorde gewerk nie? Hoekom word nie met die skeppingsverhaal begin nie? Aangesien al die Bybelse verhale die Vader en die Seun as hul sentrale hoofkarakters voorhou, sou dit nie beter wees om hulle heel eerste direk bekend te stel nie?

Aangesien Christus die Vader openbaar (Matthéüs 11:27) en aangesien hy wat Christus gesien het, die Vader gesien het (Johannes 14:9), het die behoefte ontstaan om eers die skoonheid van die persoon van Christus aan te bied, sodat deur Christus te sien, ons kinders God mag ken. En deur Hom te ken, sal hulle Hom liefhê, want Hy is liefde (1 Johannes 4:8). Ons wil dus hê dat ons kinders 'n verhouding met God moet hê wat op die kennis van ons

hemelse Vader deur Christus, gebaseer is. Daarom begin ons met die lewe van Jesus voordat ons ander Bybelverhale aanspreek.

Met die voorbereiding van hierdie verhale is spesiale aandag gegee om te verseker dat dit op die begrip van die Ou en Nuwe Verbond, volgens die 1888 Boodskap, gebaseer is. Die mens is onbewus van die diepte van sy sondigheid, sy selfgenoegsaamheid en die mate van wantroue wat hy in God het. Hierdie realiteite word deur baie Bybelse verhale gemanifesteer. Dieselfde verhale wys ook op die voortdurende verlange van God dat die ganse mensdom, van Adam en Eva af tot in ons dag, die nuwe verbond sal aanvaar. Hierdie verbond van God bestaan uit die aanneming en waardering van Sy woord, in die aanneming van God se vergifnis en in die aanneming van Christus. Die nuwe verbondservaring word die duidelikste in die lewe van Christus uitgebeeld.

Elke les bevat 'n Bybelgeheueteks, wat na die skrywer se siening die kern van die verhaal weergee. Daarbenewens word die Bybelverwysing vir elke storie verskaf, asook 'n verwysing na Ellen G. White se geskrifte vir diegene wat dit verder wil ondersoek. Aan die einde van die boek is 'n tematiese inhoudsopgawe verskaf om dit makliker te maak om spesifieke verhale op te soek.

Dit is Marlise se begeerte dat hierdie materiaal net soveel vir u en u gesin tot seën sal wees as wat die voorbereiding van hierdie materiaal vir ons as gesin was.

Mag God u seën as ouers en leraars van diegene aan wie die koninkryk van die hemele behoort.

Daniel E. Bernhardt

# 1. Johannes as Baba

***"Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie."***
***Lukas 1:37***

*Lukas 1:5-25, 57-80*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 4 en 10*

Daar het 400 jaar verloop sedert die laaste profeet met Israel gepraat het. Die Israeliete was nou onder die Romeine. Hulle het hul koninkryk as gevolg van hul ongehoorsaamheid aan God se wette verloor en nou moes hulle die Romeinse Keiser in alles gehoorsaam wees. Tog was hulle steeds toegelaat om in hulle land te woon en hulle God te aanbid.

Die Israeliete het gewag op 'n held van God wat alles sou regstel – 'n man wat hulle die Messías genoem het. Sommige mense het die Skrifte in meer diepte as ander bestudeer en hierdie mense het verstaan dat die Messías binnekort as 'n baba sou kom. Een van hierdie manne was Sagaría. Hy was een van die priesters en hy het lank reeds die Skrif bestudeer en vir die koms van die Messías gebid.

Eendag was dit sy beurt om in die heiligdom diens te doen. Hy het dit twee keer per jaar gedoen. Terwyl hy voor die goue altaar in die Heiligdom gestaan het, het hy 'n engel gesien. Sagaría was bang.

"Moenie vrees nie, Sagaría" verseker die engel hom, "want jou gebed is verhoor, en jou vrou Elísabet sal vir jou ’n seun skenk, en jy moet hom Johannes noem. Hy sal 'n bron van blydskap en vreugde vir jou wees." Die engel het ook vir hom gesê: "Hy sal groot wees voor die Here. En wyn en sterk drank sal hy nooit drink nie, en hy sal met die Heilige Gees vervul word. Hy sal baie van die

kinders van Israel voorberei vir die koms van die Here (die Messías waarvoor hulle gewag het!).”

Dit was sulke wonderlike nuus! Elísabet, wat te oud was om kinders te hê, en wat nog nooit kinders gehad het nie, sou nou 'n baba hê! Hierdie baba sou so 'n belangrike werk vir God doen! Maar Sagaría het dit moeilik geglo. “Waaraan sal ek dit weet?” het hy gevra: “Ek en my vrou is al oud.” Het Sagaría nie onthou dat Abraham en Sara, toe hulle oud was, ook 'n baba gehad het nie?

Die engel antwoord hom: “Ek is Gabriël. Ek staan voor God, en Hy het my gestuur om vir julle hierdie goeie nuus te vertel. Jy sal nou nie kan praat totdat die baba gebore is nie, omdat jy nie my woorde geglo het nie.” Omdat Sagaría hierdie boodskap van God nie geglo het nie, kon God hom nie beskerm nie en vir 'n paar maande het hy die vermoë om te praat, verloor.

Sagaría het vergeet dat ons dinge net met die hulp van God kan doen en dat alles vir God moontlik is. Ons kan niks uit onsself doen nie. Vir nege maande sou hy hieraan herinner word, want gedurende daardie tyd sou hy nie 'n woord kon praat nie. Sonder God se hulp kon hy selfs nie eens praat nie.

Terwyl Sagaría by die engel in die Heiligdom was, het die mense buite vir hom gewag. Hulle was bekommerd omdat hy so lank geneem het. Het iets met hom gebeur in die Heiligdom? Hulle was redelik verlig toe hulle hom sien uitkom! Toe Sagaría uit die tabernakel kom, was hy veronderstel om vir die mense te bid, maar hy kon nie 'n woord praat nie. Die mense het gesien dat sy gesig geskyn het en hulle het verstaan dat iets belangriks in die Heiligdom gebeur het. Sagaría het vinnig die gebeurtenis neergeskryf, sodat die mense kon weet wat gebeur het.

Nege maande later is Sagaría en Elísabet se babaseuntjie gebore. Toe hy agt dae oud was, het hulle vir hom 'n spesiale partytjie

gehou. Die mense wou hê die baba moes na sy pa, Sagaría vernoem word, maar Elísabet het aanhoudend gesê: “Nee, dit is nie sy naam nie; sy naam is Johannes.” Die mense het toe vir Sagaría, wat steeds nie kon praat nie, gevra om die baba se naam neer te skryf. “Sy naam is Johannes,” het Sagaría geskryf. Skielik kon Sagaría weer praat. Hy het God geprys en het oor sy seun se toekomstige werk geprofeteer. Al die mense rondom hulle was verstom en hulle kon sien dat Johannes 'n baie spesiale baba was.

Sagaría en Elísabet het hulle seuntjie Johannes in die woestyn, weg van die dorpe en allerhande slegte invloede, grootgemaak. Maar die mense het van hom en die wonder van sy geboorte geweet. Hulle is altyd daaraan herinner dat, met God se hulp, alles moontlik is. Uit onsself kan ons niks doen nie. Wil jy ook God vertrou, sodat Hy jou kan help?

# 2. Maria Glo God se Woord

***“Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord.” Lukas 1:38***

*Lukas 1:26-56; Matthéüs 1:18-25*
*Koning van die Eeue, Hoofstuk 10*

Toe Elísabet ses maande met die baba Johannes swanger was, het die engel Gabriël na 'n jong vrou genaamd Maria gekom. Die engel het ’n baie vreugdevolle boodskap vir Maria gehad: “Wees gegroet, begenadigde! God is met jou; geseënd is jy onder die vroue.” Toe die engel sien dat Maria so 'n bietjie ontsteld is, het hy haar gerusgestel: “Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. Jy sal swanger word, en geboorte gee aan 'n babaseuntjie. Jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees; en die Seun van die

Allerhoogste genoem word, en God sal Hom die troon van Dawid gee. Aan Sy koninkryk sal daar nooit ‘n einde wees nie.”

Maria het aandagtig geluister en toe beleefd gevra: “Hoe kan dit wees? Ek het geen man nie.” Die engel het verduidelik: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die baba sal die Seun van God genoem word.” Die engel het ook vir Maria vertel dat haar niggie Elísabet reeds swanger was met die babatjie Johannes, al was sy te oud om 'n baba te hê. “Want niks sal by God onmoontlik wees nie,” het die engel haar verseker.

Maria het met blydskap aanvaar wat die engel vir haar gesê het. Sy het die engel geantwoord: “Ek is God se diensmaagd. Laat dit wees soos u gesê het.” Toe het die engel haar verlaat.

Maria het na Juda gereis waar Elísabet en Sagaía gewoon het en het 'n paar maande by hulle deurgebring. Sy het geweet hulle sou verstaan wat met haar gebeur. Toe Maria vir Elísabet gegroet het, het die babatjie Johannes in Elísabet se maag opgespring. Elísabet en Maria het albei God geprys. Hulle het geweet watter wonderlike seën aan hulle gegee is om die moeders van sulke spesiale babas te wees.

Maar terwyl Elísabet verstaan het wat met Maria gebeur het, het ander mense dit nie verstaan nie. Een van hierdie mense was Josef, die man wat met Maria sou trou. Toe Josef uitvind dat Maria swanger is, was hy baie hartseer. Hy wou haar nie voor ander beskaam nie, daarom het hy besluit om stilweg die troue te kanselleer. Maar terwyl hy hieroor nagedink het, het hy 'n droom gehad. In daardie droom het die engel van God na hom gekom en gesê: “Josef, moenie bang wees om Maria jou vrou te maak nie. Die baba in haar is deur die Heilige Gees aan haar gegee. Sy sal 'n seun hê, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal Sy volk van hulle sondes verlos.” Dit het alles so gebeur, sodat die profesieë vervul sou word.

Toe Josef wakker word, het hy gedoen wat die engel vir hom gesê het. Hy het die engel se woorde geglo en met Maria getrou.

Beide Maria en Josef het God se woorde geglo. Hulle het geweet dat baie mense nie sou verstaan wat besig was om te gebeur nie en dat hulle sleg van hulle sou praat, maar hulle het nie toegelaat dat dit hulle keer om God te gehoorsaam nie. God het hulle geseën met een van die grootste seëninge waarvoor God se volgelinge gebid het: die koms van Jesus, die Prins van die Hemel, as 'n baba op aarde. Ons kan ook vir God vra om ons te help om Hom te vertrou net soos Maria en Josef gedoen het. Soms sal dit beteken om iets moeiliks te doen, of iets wat ander dalk nie verstaan nie, maar God sal ons help om Hom te vertrou. Hy vra ons nooit om iets te doen sonder om ons al die hulp te gee wat ons nodig het nie. Hy wag net om ons te seën, as ons maar net Sy woorde glo! Wil jy ook vandag Sy woorde glo?

# 3. Jesus is Gebore

***In daardie tyd het Jesus gespreek en gesê: "Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het." Matthéüs 11:25***

*Lukas 2:1-20*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 4; Christ's Object Lessons, bladsy 83*

Maria se swangerskap was reeds ver gevorderd. Haar baba sou binnekort gebore word. Maar toe het sy en Josef die nuus ontvang dat hulle na Betlehem moes reis, omdat die Romeinse regering 'n sensus gedoen het. 'n Sensus is wanneer 'n regering al die mense in 'n land tel. Om die sensus uit te voer, moes almal teruggaan na die

dorpe en stede van hul voorouers. Aangesien Maria en Josef uit die familie van Dawid was, moes hulle na Betlehem gaan.

Die reis moes vir Maria baie ongemaklik gewees het. Vroue wat swanger is, word gou moeg. Aangesien hulle arm was, het hulle nie perde of waens vir hul reis gehad nie. Dalk het hulle ’n donkie gehad, of dalk moes hulle loop. Die reis het hulle etlike dae geneem. Die meeste mense het dit in ongeveer vier dae gedoen, maar met Maria se swangerskap, moes dit hulle ongeveer 'n week geneem het. Toe hulle dus uiteindelik by Bethlehem aankom, was die stad stampvol mense. Hulle kon geen kamer kry waar hulle kon oorslaap nie; die herberg was heeltemal vol. Iemand het vir hulle 'n stal aangebied, sodat hulle darem onderdak kon hê. Daar, in 'n stal tussen die diere, is die babatjie Jesus gebore. Maria het die babatjie in 'n paar doeke toegedraai en het 'n krip as 'n bedjie gebruik.

Die Seun van God is pas in hierdie stal gebore. Hy was die spesiale baba wat Israel al vir honderde jare verwag het en waarvan die Skrif vertel het, maar niemand behalwe Josef en Maria was daar om Hom te verwelkom nie. Maar Josef en Maria was nie alleen nie; al die engele het toegekyk. Die engele wou vir die hele wêreld hierdie goeie nuus vertel, maar in hulle soektog na gelowiges wat dalk gereed sou wees om hierdie nuus te ontvang, het hulle baie min mense gevind. Die priesters en leiers van die Jode, diegene wat die Skrif die beste geken het, was nie gereed nie. Hierdie mense sou nooit 'n baba wat in 'n stal gebore is, aanvaar het nie; hulle wou 'n prins in 'n paleis hê. So het die engele nog verder gesoek, totdat hulle 'n groep herders, wat daardie nag na hulle skape gekyk het, gevind het. Hierdie herders het die Skrif gelees en het vir die koms van die Messías gebid. Hulle was gereed om die goeie nuus te ontvang!

Die skaapwagters het die skape opgepas toe daar skielik 'n engel na hulle toe gekom het en die heerlikheid van God het rondom hulle geskyn. Die herders was bang, maar die engel het hulle verseker:

“Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie tyding van groot blydskap! Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid 'n Saligmaker gebore. Hy is Jesus Christus, die Here! Dit is vir julle die teken: julle sal Hom vind waar hy in ’n krip in doeke toegedraai, lê.”

Skielik het die skaapwagters 'n baie groot groep engele in die lug gesien. Die engele het pragtige lofliedere tot God begin sing: “Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde en in die mense 'n welbehae.”

Toe die pragtige sang eindig en die engele weg was, het die skaapwagters haastig na Betlehem gegaan om Jesus te soek. Hulle het vir Josef, Maria en die baba in die stal gevind. Hierna het hulle vir almal om hulle vertel wat hulle gesien en gehoor het.

Van al die mense in Israel het God Sy boodskapper-engele slegs na 'n groep herders gestuur. Hierdie herders was nie predikers of leiers nie, maar hulle het God liefgehad en Sy Woord geglo. Die leiers en priesters van Israel was so trots en vol verkeerde idees omtrent God, dat hulle nie die vreugdevolle boodskap van die engele kon ontvang nie. God gee Sy boodskappe aan mense wat gewillig is om Sy Woord te ontvang, of hulle nou belangrike leiers en predikers, of slegs gewone mense is. Ons moet God vra vir 'n hart wat oop is vir Sy Woord, soos wat die herders gehad het.

# 4. Die Toewyding van Jesus

***Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors. Jesaja 9:5***

*Lukas 2:21 – 39*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 5*

Toe Jesus veertig dae oud was, het Josef en Maria Hom na die tempel geneem. Elke Joodse ouer moes hul eersgebore baba in die tempel laat opdra aan God. Die priester wat hulle ontvang het, het nooit besef hoe baie spesiaal hierdie gesin was nie. Al wat die priester kon sien, was dat hulle arm was: hulle was in baie eenvoudige klere geklee en het slegs twee tortelduiwe gebring, wat diegene wat nie 'n lam kon bekostig nie, gebring het.

Net soos hy met talle ander babas gedoen het, het die priester die babatjie Jesus voor die altaar vasgehou, Hom aan Sy moeder teruggegee en toe “Jesus” op die lys van die eersgeborenes geskryf. Vir hom was dit die einde van hierdie baba se toewyding.

Hierdie oomblik was baie spesiaal. Jesus, die Seun van God, is na die tempel gebring. Die ganse tempel het verwys na die Seun van God. Elke altaar, elke meubelstuk, elke seremonie, alles het na die Seun van God verwys. En hier was Hy nou, as 'n klein babatjie, aan die wêreld gegee en die priester het dit nie eers besef nie, want hy het nie met diepe gebed die Skrifte noukeurig bestudeer nie.

Daar was wel iemand wat Jesus opgemerk het. Dit was 'n man in Jerusalem met die naam van Símeon wat vir baie jare vir die koms van die Messías gebid het. ’n Tyd vantevore het God deur die Heilige Gees vir hom gesê dat hy die Messías sal kan sien voordat hy sterf. Daardie dag het Símeon na die tempel gegaan – en daar

het hy Josef, Maria en die baba gesien en God het aan hom getoon wie hulle was.

Opgeruimd het hy na hulle toe gestap. Die priester het pas die baba vir Maria teruggegee en Símeon het die baba sagkens uit haar arms geneem. Hy het die baba na die hemel opgelig en God geprys en gedank: “O Here, wat U gesê het, het waar geword! Ek het Hom gesien wat ons sal red! Hy sal 'n lig wees vir die vreemdelinge, en Hy is die heerlikheid van ons land! Nou kan ek in vrede sterf.”

Toe het hy Maria en Josef geseën en gesê: “Hierdie seun sal sommige laat opstaan en ander laat val. Hy is 'n wonderwerk van God, maar baie sal teen Hom wees. Dit is sodat die mense se harte en gedagtes gesien kan word.”

Net toe kom 'n profetes, met die naam Anna, in. Anna was 'n weduwee van meer as tagtig jaar oud en was gedurig in die tempel en het gebid en gevas. God het ook aan haar getoon wie die baba Jesus was. Sy het God gedank en met almal wie sy kon, oor die baba gepraat. “Dit is vir wie ons gewag het!”

God het pas Sy Seun na die wêreld gestuur om ons voorbeeld en ons Verlosser te word en baie min mense het Sy koms raakgesien. Slegs diegene wie se harte oop was vir God se Woord en Sy waarhede, kon Jesus tydens Sy geboorte ontvang. Kom ons vra God om ons te help om 'n oop hart en gemoed te hê om Sy Woord en Sy waarheid te verstaan.

# 5. Die Wyse Manne

***Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo. Johannes 1:12***

*Matthéüs 2*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 6*

Toe Jesus gebore is, was daar maar min mense in Israel wat gereed was om Hom te ontvang. Baie min Israeliete het die Skrif behoorlik bestudeer en op Hom gewag. Tog was daar in verre lande ander wat wel die profesieë verstaan het en die Messías verwag het. Die ou heilige boeke het gesê dat die Messías groot werke sou doen, 490 jaar na die opdrag om die tempel te bou, en dit was naby aan daardie tyd – Christus, die Messías sou sekerlik binnekort gebore word!

Daar was 'n paar ryk wyse manne in 'n ver land wat met hul hele hart hierdie kindjie wou sien en geglo het dat God hulle op een of ander manier 'n teken sou gee. Een nag het hulle 'n buitengewone helder ster in die lug gesien. Hulle het 'n profesie onthou wat gesê het, “daar sal 'n ster uit Jakob kom...” Omdat hulle die lig verwelkom en gewonder het wat dit beteken, is daar verder vir hulle in drome gesê om na die pasgebore Prins te gaan soek.

Hulle het duur geskenke van goud, wierook en mirre vir die baba gekoop, en saam met al die goed wat hulle nodig sou hê vir hul lang reis na Israel, ingepak. Vir baie nagte het hulle in geloof na die ster gekyk en dit gevolg, totdat hulle in Jerusalem aangekom het.

Die wyse manne het begin rondvra: “Waar is hierdie baba, die Koning van die Jode?” Maar dit gelyk of niemand iets geweet het

nie. Hoe verbasend moes dit tog vir die wyse manne gewees het! Hoe kon die Israeliete nie weet dat hulle koning gebore is nie?

Koning Herodes het van hierdie manne gehoor. Hy het baie bang geword. Sou hierdie nuwe baba grootword en sy troon oorneem? Hy sou dit nooit toelaat nie! Koning Herodes het die priesters geroep en hulle gevra om die profesieë aan hom te verduidelik. Die priesters het baie ongemaklik gevoel. Hulle het berigte gehoor van die engele se besoek aan die herders, maar hulle het dit geïgnoreer. Hulle was te trots om te glo dat Hy gebore is en dat God dit vir nederige herders en vreemdelinge sou vertel, en nie vir hulle nie. Daarom het hulle vir Herodes so min as moontlik vertel. Maar Herodes het gedink dat almal teen hom planne beraam om sy mag oor te neem. “Verberg hierdie priesters iets vir my? Steek hulle die baba weg? Probeer hulle hierdie baba beskerm, en sal hulle later iets aan my doen?” het Herodes gewonder.

Toe het Herodes die wyse manne geroep. “Wanneer het julle die ster die eerste keer gesien?” het hy hulle gevra. Hy wou weet hoe oud hierdie baba is. Toe stuur hy hulle na Betlehem. “Nadat julle Hom gevind het, laat my weet, sodat ek Hom ook kan aanbid,” het hy gejok. Hy wou nie die baba aanbid nie; hy wou Hom doodmaak.

Die wyse manne het die ster na Betlehem gevolg. Die ster het uiteindelik bokant die plek gestop waar die baba Jesus was. Verheug het hulle Hom aanbid en hulle het hul duur geskenke van goud, wierook en mirre aan Maria en Josef gegee. Daardie nag het God die wyse manne 'n droom gegee en vir hulle gesê: “Moenie teruggaan na koning Herodes nie.” Die wyse manne het God gehoorsaam en met 'n ander pad na hulle land teruggekeer.

God het ook vir Josef 'n droom gegee, “Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte. Bly in Egipte totdat Ek vir jou sê, want Herodes gaan die Kindjie soek om Hom dood te maak.” Josef

was dadelik gehoorsaam. Hulle het gedurende die nag vertrek, sodat niemand hulle sou sien nie.

Koning Herodes het 'n geruime tyd gewag. Toe hy besef dat die wyse manne nie terugkom om hom te kom sien nie, was hy baie kwaad. Hy het beveel dat al die kinders wat twee jaar oud of jonger was in Bethlehem en die plekke rondom Betlehem, doodgemaak moes word. As die Israeliete maar net gebid en die Bybel bestudeer het, sou hulle Jesus ontvang het, Herodes sou geweet het dat Jesus nie gekom het om sy troon weg te neem nie en God sou die Israeliete kon beskerm teen hierdie verskriklike ding wat gebeur het. God wou die Joodse babaseuntjies veilig hou, maar Hy kon nie, want die Jode het God deur hulle ongeloof weggestoot.

Intussen was die baba Jesus veilig by Sy ouers in Egipte. Hulle het 'n paar jaar in Egipte gebly, totdat koning Herodes gesterf het en God vir Josef gesê het dat dit veilig is om weer na Israel terug te keer. Die geskenke van die wyse manne het Josef gehelp om te betaal vir al die goed wat hulle nodig gehad het terwyl hy na Egipte gereis en daar gewoon het. Hoe dankbaar moes Josef tog gewees het vir die manier waarop God vir hulle voorsien het! Nadat koning Herodes gesterf het, het Josef sy gesin na sy tuisdorp in Násaret teruggeneem waar Jesus grootgeword het.

Die wyse manne was nie Jode nie, maar hulle het geluister na God se Gees wat tot hulle harte gespreek het en het in Jesus geglo. Hulle het opgetree volgens wat hulle uit die Skrif verstaan het en hulle was ware kinders van God. Aan die ander kant het die arrogante Joodse leiers hulleself as die mees geëerdes van God beskou, maar al het hulle met die Skrif grootgeword, was hulle nie gereed om Jesus te ontvang nie, omdat hulle nie geglo het nie. God wil hê dat elkeen van ons Sy kinders moet wees en glo in dit wat Hy vir ons sê. Sal julle, soos die wyse manne, God vertrou?

# 6. Die Seun Jesus

***En Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense. Lukas 2:52***

*Lukas 2:40; Lukas 2:52*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 7 en 9*

Jesus het Sy kinderjare en jeug in Násaret, 'n klein bergdorpie, deurgebring. Mense in ander stede het gedink Násaret is arm en sommige van daardie mense was goddeloos. Tog het Jesus daar in wysheid, grootte en in genade by God en die mens toegeneem.

As kind was Jesus altyd bereid om ander te help. Van 'n baie jong ouderdom af het Hy verstaan dat Hy hier op aarde is om mense te seën. Hy het dikwels Sy eie water en voedsel gedeel met diegene wat dit nodig gehad het, al sou dit beteken dat Hy niks sou hê om te eet nie. Jesus sou enigiemand wat sleg behandel is deur ander, aanmoedig. Hy was beleefd, geduldig en opreg.

Al was daar 'n skool in Sy dorp met Rabbi's as onderwysers, het Jesus nie daardie skole bygewoon nie. Die leringe in hierdie skole het korrup geword; hulle het hul eie idees in plaas van die waarhede van die Bybel, verkondig. As gevolg hiervan het Jesus by die huis, by Sy moeder, die Skrifte ywerig bestudeer.

Behalwe dat Jesus uit die Skrif geleer is, het Hy ook die natuur bestudeer. Deur plante en diere te bestudeer, het Hy nuwe idees gekry oor hoe om die leringe van God te verduidelik. Onsigbare engele was daar om Hom te help om die waarhede van God te verstaan. Toe Hy ouer was, het die Rabbi's en selfs Jesus se ouer broers, uit Josef se eerste huwelik, probeer om Hom te oorreed om in die skole te studeer, maar Hy het sagkens en beleefd geweier. Wanneer die Rabbi's met Jesus omtrent die Skrif gepraat het, kon

hulle sien dat Jesus die Skrif selfs beter verstaan het as die Rabbi's self.

Alle kinders kan van God leer soos Jesus gedoen het: bid, leer uit die Bybel, neem die natuur waar en wees vriendelik en ondersteunend teenoor ander. Engele sal daar wees om hulle te help om dit te verstaan. Hoe meer daardie kinders leer, hoe meer word hulle karakters soos die karakter van Jesus: mooi, vriendelik en rein. Jesus was ook 'n kind en Hy het geleer net soos enige ander kind groei en leer.

Satan was nie bly dat Jesus nooit gesondig het nie. Hy het Hom voortdurend versteur en versoek, maar Jesus het naby Sy Vader, naby God, gebly en daardie versoekings vermy. Daar was goddelose dinge in Násaret aan die gang, maar Jesus het nooit daarby aangesluit nie. Wanneer Hy ook al versoek is, het Jesus 'n vers uit die Skrif aangehaal en dit sou Hom help om nie aan versoeking toe te gee nie.

Jesus se ouers was arm, dus moes Hy van kleins af saam met hulle werk en hulle help. Dit het Hom eintlik gehelp om versoekings te beveg, want dit het Hom besig gehou. Hy het by Josef timmerwerk geleer en Hy het versigtig, netjies en eerlik gewerk. Hierdie soort werk het ook Sy liggaam sterk en gesond gemaak.

Al was Hy besig en het Hy hard gewerk, was Jesus vrolik. Hy het dikwels Psalms en hemelse liedere gesing. Bejaardes, kinders en diere was na Hom toe aangetrek en het vertroos gevoel deur Sy teenwoordigheid. Toe Hy oud genoeg was, het Hy soms op die Sabbat die Skrif in die Sinagoge gelees en Sy woorde sou die mense help om die verse beter te verstaan. Tog het Jesus nooit probeer om 'n leier in Sy dorp te wees nie. Hy was stil en nederig. Hy het Homself nooit verdedig wanneer ander Hom sleg behandel het nie, maar het dit geduldig verdra.

Elke kind moet onthou dat Jesus eens 'n seun was en dat Hy Sy ouers gehoorsaam was en nederig by God en Sy ouderlinge onderrig ontvang het. Met die hulp van Jesus kan elke kind, net soos die kind Jesus, 'n pragtige karakter ontwikkel.

# 7. Jesus as Jongeling in Jerusalem

***Die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. Hebreërs 12:2***

*Lukas 2:41-51*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 8*

Elke jaar het Josef en Maria na Jerusalem gereis om die Pasga te vier. Toe Jesus 12 jaar oud was, het hulle Hom saamgeneem. Tussen die ouderdom van 12 en 13 is 'n Hebreeuse seun nie meer beskou as 'n kind nie, maar 'n jeugdige en daar is van hom verwag om aan die feeste deel te neem. Die twee sewe dae lange feeste was oesfeeste, en die Pasga was die eerste oesfees van die jaar.

Die reis na Jerusalem het etlike dae geduur, maar dit is in groot groepe gedoen. Die mense het dit geniet om saam te reis. Hulle kon saam gesels en kuier. Oppad sou hulle Psalms sing, soos: “Ons voete staan in jou poorte, o Jerusalem... Mag daar vrede wees binne jou mure, rus in jou wonings.” (Psalm 122:2,7).

Tydens die Pasga het Jesus al die seremonies noukeurig en nadenkend dopgehou. Terwyl die meeste van die mense daar nie meer nagedink het oor wat elkeen van hierdie seremonies beteken nie, het dit vir Jesus 'n diep betekenis gehad. Hy was so verdiep in

alles wat gebeur het en wat Hy gesien het, dat Hy verkies het om eerder alleen te wees as saam met Sy ouers.

Terwyl Hy die brandoffers en sondoffers dopgehou het, het Hy begin verstaan dat die lam Homself verteenwoordig en dat Hy, net soos daardie lam, na hierdie wêreld gebring is om vir alle mense te ly en te sterf. Hy het besef dat Hy ook deur God gegee is om die ongesuurde brood en die eersteling te wees, sodat daar 'n baie groter oes as wat mense besef het, kan wees – om mense van alle volke tot God byeen te bring. Hy het die Skrifte wat Hy geleer het, onthou en Sy sending op aarde begin verstaan. God het Jesus gehelp om al hierdie dinge te verstaan.

By die tempel was daar 'n vertrek waarin die Rabbi's, wat die godsdienstige leiers van Israel was, klas gegee het. Jesus het ingegaan en na hulle geluister. Terwyl Hy geluister het, het Hy ook vrae gevra. Die onderwysers het opgemerk dat Jesus probeer het om die waarheid te verstaan en God te leer ken. Hulle het ook besef dat Jesus die Skrif baie goed verstaan het. Die vrae wat Jesus gevra het, het vir die onderwysers getoon dat hulle eie begrip van die Skrif nie altyd korrek was nie. Hulle was verstom oor Jesus se intelligente vrae. Jesus het nederig en met respek met hulle gepraat. Die Rabbi's het 'n ander Messías verwag as wat God vir Israel sou gee. Hulle verkeerde idees sou lei tot hul eie en hul volgelinge se verwoesting. God het probeer om die Rabbi's deur Jesus te bereik, sodat hulle die Seun van God sou aanvaar en die hoër doel van Israel sou verstaan.

Intussen was die Feesdae voltooi en die meeste mense het van Jerusalem af na hulle huise begin teruggaan. Josef en Maria het ook huistoe vertrek. Hulle het aangeneem dat Jesus by van hulle vriende was. Hulle het ’n hele dag lank gereis en eers teen die aand besef dat Jesus nie by hulle en ook nie by enige van hulle vriende was nie.

Maria en Josef was desperaat. Hoe kon hulle sonder Jesus vertrek het? Hulle het na Jerusalem teruggekeer om na Hom te soek. Na drie dae het hulle Hom in die tempel gevind, waar Hy met die leraars gepraat het. “Kind, waarom het jy so met ons gemaak?” het Maria vir Jesus gevra: “Jou vader en ek was so bekommerd terwyl ons na jou gesoek het!”

Maar Jesus het slegs gedoen wat Hy moes doen; Hy was die Seun van God en Hy het al Sy tyd in die tempel deurgebring. Dit was Josef en Maria wat Hom uit die oog verloor het en sonder Hom vertrek het. Jesus het Sy moeder sagkens geantwoord: “Het u nie geweet dat Ek my Vader se dinge moet doen nie?” Terwyl Hy dit gesê het, het Hy na bo gewys. Hy het so aangedui dat Hy verstaan dat Sy ware Vader nie Josef nie, maar God is.

Tog, toe dit tyd was om te gaan, het Jesus saam met Sy ouers na Násaret teruggegaan. Hy was gehoorsaam aan hulle en het hulle in alles gehelp. Hy het vir etlike jare by hulle gewoon en geduldig en stil gewag dat God vir Hom sê wanneer Hy Sy bediening moet begin. Terwyl Hy gewag het, het Hy aangehou om die Skrifte te bestudeer en daaroor na te dink. Hy het ook as 'n skrynwerker gewerk. Selfs nadat Hy geweet het dat Hy die Seun van God is, was Hy steeds sag, stil en nederig en het nie, nie eens in Sy eie dorpie, probeer om 'n leier te word nie. Hy was bloot 'n seën vir almal rondom Hom.

Josef en Maria het nooit die dag toe hulle Jesus verloor het, vergeet nie. Hulle is 'n plig deur God opgelê om oor hierdie spesiale kind te waak en hulle het dit nie gedoen nie. Hulle het Hom net een dag uit die oog verloor en dit het hulle drie dae geneem om Hom weer te vind. Hulle blameer toe vir Jesus, terwyl dit eintlik hulle was wat van Hom vergeet het! Dit gebeur ook met ons. Wanneer ons Jesus verloor, al is dit vir 'n kort tydjie, kan dit lank neem om weer na aan Hom te voel - en dan is ons kwaad vir Jesus omdat Hy nie naby aan ons is nie! Kom ons hou altyd die oë op Jesus en verloor Hom nooit uit die oog nie!

# 8. Johannes in die Woestyn

***Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.***
***Matthéüs 3:2***

*Lukas 1:80; 3:1-18; Matthéüs 3:1-12; Markus 1:1-8*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 10*

Sagaría en Elísabet was baie dankbaar om ‘n baba, dis nou Johannes, te hê. Sy geboorte was 'n wonderwerk, want hulle was al reeds te oud om kinders te hê. Sagaría en Elísabet het al die instruksies wat die engel vir hulle gegee het, gevolg. Hulle het vir Johannes die regte kos gegee. Hulle het hom van baie kleins af die Skrifte geleer en hulle het hom nie na die skole van die Rabbi's gestuur nie, want daar het die Rabbi's verkeerde dinge verkondig. Hulle het ook weg van mense gewoon, naby die woestyn, sodat Johannes meer van die natuur om hom sou kon leer en minder beïnvloed word deur mense wat hom dalk sou mislei. Johannes het sterk en gesond grootgeword, tot 'n jongeling met ‘n pragtige karakter. Die manier waarop sy ouers hom grootgemaak het, het hom gehelp om die werk wat God van hom gevra het, te doen.

As kind het Johannes baie eenvoudig gelewe. Hy het klere van kameelhare, met 'n leergordel om sy middel, gedra. Soortgelyke klere is gedra deur die profeet Elía, uit die Ou Testament, 900 jaar voor die tyd van Johannes. Hy het ook die kos wat hy in die woestyn kon kry, geëet: sprinkane (wat moontlik ook kan verwys na peulplante) en wilde heuning. Hy het ook suiwer water gedrink. Hy het nie in rykdom of roem belanggestel nie. Hy wou slegs God se wil doen.

Al het hy in die woestyn gewoon, sou Johannes ook uitgaan na mense en met hulle praat. Sodra mense hom gehoor het, het hulle in groot groepe na hom begin kom. Die mense was gretig om sy

boodskap aan te hoor. Hy moes hulle vir die koms van die Messías voorberei. En hy het geweet dat wanneer die mense die Messías ontmoet, hulle sou besef hoe sondig hulle was, want die teenwoordigheid van Jesus help ons om ons sondes duideliker te sien. Hy het vir die mense gesê: "Bekeer julle, want die koninkryk van God het naby gekom." Wanneer die mense begin om hulle sondes te bely en jammer daaroor te wees, sou hulle gereed wees om Jesus lief te hê. Indien hulle sou weier om hulle sondes neer te lê, sou hulle uiteindelik vir Jesus verafsku.

Johannes het die mense genooi om hulle te bekeer en hy het almal wat dit gedoen het, gedoop. Deur die doop het hy hulle gehelp om in te sien dat hulle van sonde gereinig word. Hy het vir die tollenaars gesê om altyd eerlik te wees en aan die soldate om nie gewelddadig te wees nie. Tog het hy besef dat nie almal wat kom om gedoop te word, regtig jammer was oor hulle sondes nie. Daar was priesters wat na hom toe gekom het, net omdat hulle wou hê die mense moet van hulle hou; hulle wou hê dat ander die nuwe Messías as hul vriend beskou, maar hulle was nie van plan om hulle sondes neer te lê nie. Johannes het hierdie manne gewaarsku oor die gevaar waarin hulle verkeer. Hy het probeer om hulle te help besef dat God hulle harte moet verander. Enigeen wat nie toelaat dat die Gees van God hulle help om hul karakter te verbeter nie, sal nie gemaklik voel in die teenwoordigheid van God nie en sal nie in die Hemel kan lewe nie. Dit is hoekom Johannes die Doper so baie oor die karakter van God se volgelinge gepraat het. Hy het vir die mense gesê dat, indien hulle deel van God se koninkryk is, hulle dan vriendelik, saggeaard, nederig en eerlik sou wees, en nie gewelddadig nie.

Baie mense het na Johannes geluister en hom gevolg. Johannes het daardie mense altyd daaraan herinner dat iemand groter as hy sou kom. Hierdie groter persoon sou die Messías wees en wanneer Hy kom, moes die mense Hom, in plaas van Johannes, volg. Hy het vir

die mense gesê dat die Messías so heilig sou wees dat hy, Johannes, nie eers waardig gevoel het om Sy sandale los te maak nie.

Die leringe van Johannes aan die mense is ook vandag vir ons belangrik. Johannes het die mense gehelp om gereed te wees vir die eerste koms van Jesus. Sy boodskap kan ons ook help om gereed te maak vir die wederkoms van Jesus. Ons moet ons van ons sondes bekeer en na Jesus kyk en Hom volg, net soos Johannes die mense aangemoedig het om te doen. Wil jy hierdie uitnodiging aanvaar?

# 9. Jesus se Doop

***En daar kom ‘n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Matthéüs 3:17***

*Matthéüs 3:13-17; Markus 1:9-11; Lukas 3:21,22;*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 11*

Jesus het gehoor van Johannes die Doper en wat hy aan die mense verkondig. Hy het geweet dat dit tyd was om die skrynwerkers-winkel te verlaat en met Sy sending te begin, omdat Hy die profesieë van Daniël bestudeer het. Jesus het Sy moeder gegroet en gegaan na waar Johannes die Doper gepreek het. Jesus was op daardie stadium dertig jaar oud.

Alhoewel Jesus en Johannes neefs was, het hulle mekaar nog nooit ontmoet, saam gesels of mekaar aan huis besoek nie. Alles wat hulle gedoen het, was in opdrag van God en nie omdat hulle dit met mekaar afgespreek het nie.

Jesus het by die Jordaanrivier aangekom waar Johannes besig was om mense te doop en Hy het Johannes gevra om Hom te doop. Maar toe Johannes Hom sien, kon hy sien hoe rein en edel Jesus was. “Waarom kom U na my toe om gedoop te word? Ek moet deur U gedoop word!” het Johannes gesê. Hy het geweet dat Jesus geen sondes het om oor berou te hê nie en geen sondige lewe het om in die water agter te laat, soos mense dit doen wanneer hulle gedoop word nie. Maar Jesus sê sagkens vir hom: “Laat dit toe; ons het dit nodig om alle geregtigheid te vervul.” Jesus wou ons voorbeeld wees en vir ons wys hoe om te lewe. As ons ons lewens aan God wil gee, moet ons gedoop word, net soos Jesus gedoop is. Johannes het dit verstaan en het ingestem om Jesus te doop.

Nadat Jesus uit die water opgekom het, het Hy by die rivieroewer neergebuig om te bid. Hy het verstaan hoe moeilik dit sou wees om mense te oortuig van God se liefde en van die weë van Sy koninkryk en Hy het gebid vir krag om dit te doen en dat mense se harte oop sal wees vir God. Net daar het God Sy gebed verhoor. Die hemele het oopgegaan, helder strale lig het afgeskyn uit die hemel en in 'n gloeiende duifagtige vorm het die lig op die hoof van Jesus neergedaal. Hierdie duifagtige vorm het die karakter van Jesus verteenwoordig; Hy is sagmoedig en teer, net soos 'n duif.

Nie almal wat daar was, kon hierdie spesiale dalende lig sien nie, maar hulle kon voel dat iets belangriks besig was om te gebeur. Hulle kon sien dat Jesus se gesig geskyn het en hulle het stil toegekyk. Uit die oop hemele is 'n stem gehoor wat sê: “Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.” God die Vader het dit vir Jesus gesê, om Hom te versterk in Sy sending en om ons almal daaraan te herinner dat, net soos Hy Sy geliefde Seun liefhet, Hy ons ook liefhet; dit is juis die rede waarom Hy Sy eie Seun vir ons gestuur het. Ons is ook Sy geliefde kinders.

Johannes het alles gesien en gehoor. Terwyl hy na Jesus gewys het, het hy uitgeroep: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die

wêreld wegneem!" Van daardie dag af het Johannes alles in sy vermoë gedoen om die mense na Jesus te wys en weg van homself te lei. Hy het die Messías gevind na wie almal moes gaan. Sou die mense glo dat Jesus die Seun van God is, en Hom volg? Glo jy dat Jesus die Seun van God is? Kies jy om Hom vandag te volg?

# 10. Versoeking in die Woestyn

***Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. Matthéüs 4:4***

*Matthéüs 4:1-11; Markus 1:12,13; Lukas 4:1-13.*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 12 en 13*

Nadat Jesus gedoop is, is Hy deur God se Gees na die woestyn gelei. Hy het veertig dae in die woestyn deurgebring en gebid om voorbereid te wees vir Sy werk onder die mense. Gedurende daardie veertig dae het Hy niks geëet of gedrink nie.

Aan die einde van die veertig dae was Jesus baie swak. Satan het besluit dit is 'n goeie geleentheid om Jesus te versoek. Mense sondig baie makliker wanneer hulle honger en swak is. Die ganse wêreld sou vir altyd verlore wees indien Satan Jesus kon laat sondig. Hy het deur Jesus se kinderjare probeer om Hom te laat sondig, maar Jesus het nooit aan versoekings toegegee nie.

Satan het Jesus genader. Daar was ronde klippe rondom hulle wat soos brode gelyk het. Satan het geweet dat Jesus baie honger was en daarom het hy voorgestel: "As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word." Daar was niks mee verkeerd om klippe

in brode te wil verander nie; later in Sy bediening het Jesus vir mense wyn en voedsel voorsien. Maar op daardie oomblik was dit nie die regte ding om te doen nie. Deur klippe in brode te verander, sou Jesus slegs Homself seën, nie ander nie. Hy het nie gekom om Homself te dien nie, maar om 'n seën vir ander te wees. Maar die belangrikste is dat Satan Hom gevra het om die klippe in brode te verander, sodat Hy kon bewys dat Hy die Seun van God is. Jesus het nie nodig gehad om enigiets te bewys nie! God het reeds gesê dat Jesus Sy geliefde Seun is. Jesus moes slegs God se woorde glo. Deur enigiets te probeer bewys sou beteken dat Hy nie God se woorde vertrou het nie en dit sou sonde wees. Jesus het geweier. Hy het ’n Bybelvers gebruik om Satan te antwoord: “Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.”

Satan het weer probeer. Hierdie keer het hy Jesus na die dak van die tempel geneem. Hy het Jesus versoek deur 'n Bybelvers te gebruik. Hy het gesê: “As U die Seun van God is, gooi Uself af; want die Skrif sê dat God Sy engele bevel omtrent U sal gee, om U te bewaar.” Jesus het geweet dat God se engele Hom kon beskerm indien Hy afspring. Maar om af te spring sou beteken om iets gevaarliks te doen slegs om te bewys dat God Hom kan beskerm; Jesus het geweet Hy behoort niks te doen as God nie vir Hom gesê het om dit te doen nie, al kon God Hom beskerm. En ook, om af te spring, sal niemand seën nie. En indien Jesus afspring, net sodat ander kon sien dat God Hom beskerm en dat Hy God se Seun is, sou Hy sondig. Hy het nie nodig gehad om aan enigiemand te bewys dat Hy die Seun van God is nie; God het dit reeds gesê en Hy moes slegs op God se woorde vertrou. Weer het Jesus met die Skrif geantwoord: “Daar is geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie.” Hy het geweier om God te “versoek” om Hom te beskerm teen iets wat Hy in die eerste plek nie nodig het om te doen nie.

Satan het nog een keer probeer. Hy het Jesus na die kruin van 'n baie hoë berg geneem. Van daar af het hy vir Jesus die koninkryke van die wêreld gewys. Hy het vir Jesus die pragtige geboue, die velde, die welige woude, die vreedsame mere en al die skoonheid van die aarde gewys. Natuurlik het hy gesorg dat die lelike dele weggesteek word: die vuiligheid, die gemors, die siek mense, die misdade, die geweld. Hy het vir Jesus gesê: “Ek sal dit alles vir jou gee as U my aanbid, want dit is myne.” Jesus het geweet dat Hy moeilike tye sou hê om mense wat nie luister nie te leer en dat Hy baie sou ly; hier het Satan Hom 'n kortpad aangebied. Maar dit was die verkeerde kortpad. Jesus kon slegs die wêreld red indien Hy vir mense kon wys hoe God se karakter is; en om dit te doen, sou Hy dit alles met geduld moes verdra, sodat mense kan sien dat God hulle nie wil seermaak nie. Eintlik, omdat hulle deur Satan beïnvloed is, was dit die mense wat God wou seermaak! Satan wou nooit aanvaar dat Jesus die Seun van God is nie. Jesus het weer met 'n Bybelvers geantwoord, en daarmee het Hy Satan ook weggestuur. “Gaan weg, Satan! Daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.”

Satan het sy bes gedoen om Jesus te laat twyfel dat Hy die Seun van God is, maar hy het misluk. Hy het sy bes probeer om Jesus te laat sondig, maar hy kon nie. Jesus het vasgehou aan God se woorde en deur die Skrif aan te haal, kon Hy die versoekings weerstaan. Nadat Satan weg is, het Jesus uitgeput op die grond neergeval. Die versoekings was baie moeilik om te deurstaan en Hy was baie swak. God het engele gestuur om Hom te versorg en Hom te versterk. Hulle het vir Hom voedsel, water en bemoedigende woorde gebring. “U Vader het U lief en die ganse hemel is verheug dat U nie aan daardie verskriklike versoekings toegegee het nie,” het hulle vir Hom gesê. Noudat Hy beter gevoel het, was Hy gereed om onder die mense te werk, hulle te seën en aan hulle die Koninkryk van God te verkondig.

Jesus was in staat om versoekings te weerstaan en sonde te vermy. Wat Hy ook al gedoen het, wil Hy vir ons doen. Hy kan ons ook help om versoekings te weerstaan. Al wat ons nodig het om te doen, is om Hom vir Sy hulp te vra. Wil jy ook?

# 11. Die Twaalf Dissipels

***Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies.***
***Johannes 15:16***

*Matthéüs 9:9; Markus 2:14; 3:13-19; Lukas 5:27-28; 6:12-16; Johannes 1:19-51.*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 14, 28 en 30*

Die mense het gewonder wie Johannes die Doper was. Selfs die leiers van Israel het vir Johannes kom vra of hy die Messías is. Johannes het hulle eerlik geantwoord: "Nee, ek is nie die Christus nie. Ek is hier om mense voor te berei vir Sy koms."

Jesus het pas veertig dae in die woestyn deurgebring en het nou teruggekom na die Jordaanrivier, waar Johannes besig was om te preek. Hy het stilweg by die mense wat na hom geluister het, aangesluit. Toe Johannes Jesus weer sien, het hy na Hom gewys en vir die mense gesê: "Daar is die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem!" Dit was sy taak om die mense na Jesus toe te lei. Maar toe die mense na Jesus kyk, was baie van hulle maar teleurgesteld. Hy het nie soos 'n glansryke, magtige koning gelyk nie. Hoekom het hierdie man so nederig gelyk? Kon hy die afskuwelike Romeine omverwerp?

Jesus was nie daar om 'n magtige leier te word nie; Hy was daar om vir mense te leer van God en Sy koninkryk, maar die mense het dit

nie verstaan nie. Selfs Johannes die Doper was verward; hy het ook gedink dat die Messías vol krag en heerlikheid sou wees. Toe hy die Skrif gelees het, het hy gelees van die wederkoms van Jesus en dit verwar met die eerste koms. Tog het hy steeds geglo dat Jesus die Messías was, want hy het God se woorde tydens Jesus se doop onthou.

Andréas en Johannes was twee dissipels van Johannes die Doper. Toe hulle Johannes se woorde hoor, dat Jesus die Lam van God is, het hulle Jesus gevolg. Jesus het hulle vriendelik gevra: “Wat soek julle?” Hulle het geantwoord: “Rabbi, waar woon U?” Dit het beteken dat hulle tyd saam met Jesus wou deurbring en meer by Hom wou leer. Daarom het Jesus gesê: “Kom kyk.” Hy het hulle geneem na waar Hy gebly het en hulle het die dag saam met Hom deurgebring. Andréas en Johannes was die eerste dissipels van Jesus; hulle kon sien dat Jesus 'n pragtige karakter gehad het en wou Hom volg.

Andréas wou graag met ander deel dat hy die Messías gevind het. Hy het na sy broer Simon gehardloop en vir hom gesê: “Ons het die Messías gevind!” Simon het hom gehaas om Jesus te ontmoet. Jesus het liefdevol vir hom gesê: “Jy is Simon, maar jy sal Petrus genoem word.” Petrus beteken klippie; dit was van toe af sy naam.

Die volgende dag het Jesus na Galiléa gegaan en Filippus ontmoet. Hy het vir hom gesê: “Volg My.” Filippus het Jesus gehoorsaam en ook Sy dissipel geword. Daarna gaan Filippus na sy vriend Natánael, wat ook Bartholoméüs genoem is. Natánael het Jesus reeds gesien toe Johannes die Doper na Hom gewys het, maar hy was nie seker of Jesus die Messías kon wees nie. Hy het na 'n stil tuin gegaan om te bid dat God hom sal help om te weet of Jesus werklik die Messías is. Terwyl Natánael besig was om te bid, het Filippus hom gekry en gesê: “Ons het Hom gevind. Hy is Jesus van Násaret, die seun van Josef.” “Násaret? Kan daar uit Násaret iets goeds wees?” het Natánael gevra. Násaret was nie 'n goeie dorp nie. Filippus het

eenvoudig gesê: “Kom kyk!” Natánael het ingestem om Jesus te ontmoet, sodat hy self kon besluit of Jesus die Messías is. Jesus het Natánael sien aankom en gesê: “Hier is waarlik 'n man in wie daar geen leuens is nie!” “Waarvandaan ken U my?” het Natánael verbaas gevra. Jesus het geantwoord: “Ek het jou geken voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die vyeboom gebid het.” Natánael het dadelik in Jesus geglo en ook Sy dissipel geword.

Soos die weke verbygegaan het, het Jesus meer manne geroep om Hom te volg en Sy dissipels te wees. Jakobus, die broer van Johannes, wie se vader Sebedéüs genoem is, het hom by hulle aangesluit, asook Thomas Didimus, Jakobus die jonger broer en sy broer Judas, ook genoem Thadéüs of Lebbéüs, en Simon die Yweraar. Die meeste van hierdie manne was arm en nederig en verskeie van hulle was vissermanne.

Daar was ook Judas; hy het gevra om by Jesus as Sy dissipel aan te sluit en Jesus het hom aangeneem. Judas was meer opgevoed as die meeste van die dissipels en hulle het daarvan gehou dat hy by hulle aangesluit het. Jesus het ook vir Levi-Matthéüs genooi om Hom te volg. Levi-Matthéüs was 'n tollenaar en hy het geweet dat niemand van tollenaars hou nie. Hy was so bly toe Jesus na hom toe kom en sê: “Volg My,” dat hy dadelik alles agtergelaat het om Jesus te volg, al het dit beteken dat hy al sy rykdom kon verloor.

Die dag het aangebreek vir Jesus om Sy dissipels aan te stel. Dit beteken om 'n spesiale seën aan hulle te gee, sodat hulle kan preek en genees. Jesus het hulle na Hom toe geroep, in die middel gekniel en Sy hande op hulle koppe geplaas terwyl Hy gebid en hulle aan God opgedra het om Sy dienaars of Sy apostels te wees. Jesus het Sy dissipels innig liefgehad. Hulle besluit om Hom te volg, het Hom bly gemaak. Hy het geweet hulle het karaktergebreke, maar Hy het ook geweet dat, indien hulle God se Gees toelaat om in hulle harte te werk, hulle karakters pragtig gevorm sou word en hulle in staat

sou wees om wonderlike dinge met God se hulp, vir die koninkryk van God te kan doen.

Jesus roep ook elkeen van ons om Hom te volg. Sal jy Hom aanvaar en Hom volg?

# 12. Die Bergpredikasie

***Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Matthéüs 6:33***

*Matthéüs 5, 6, 7.*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 31*

Jesus het pas Sy dissipels aangestel. Hy het die twaalf manne na 'n stil strand geneem, waar hulle 'n gemaklike plek gekry het om te sit en gesels. Daar was soveel wat Jesus vir hulle wou vertel! Terwyl Jesus met hulle gepraat het, het ander mense Hom gesien en besluit om ook by hulle aan te sluit. Jesus het nooit iemand weggestuur wat naby Hom wou wees nie, daarom het Hy al hierdie mense ook toegelaat om te luister. Maar gou was daar soveel mense, dat daar nie genoeg plek vir almal was nie!

Jesus het rustig opgestaan en na die berghelling gestap. Hier was meer spasie waar Hy kon gaan sit en waar die ganse skare Hom kon sien en hoor. Sy dissipels het rondom Hom gesit en die res van die mense het ook gemaklike plekke gevind. Hulle was gretig om te luister na wat hierdie wonderlike leraar vir hulle vertel. Op hierdie berghelling het Jesus 'n preek gelewer wat ons die *Bergpredikasie* noem. In hierdie preek het Hy die mense vertel van die Koninkryk van God en hoe ons ware kinders van God kan word.

Hoe is die kinders van God veronderstel om te wees? Jesus het hulle geleer: "As jy arm van gees voel, is jy geseënd, want die Koninkryk van God behoort aan jou." Die eerste ding wat ons nodig het, is om te weet dat ons niks goeds in ons het nie; ons is sondaars, ons is arm van gees en ons het God nodig. God is die bron van ons goedheid en ons is geseënd as ons besef ons het meer van Sy gees nodig. Jesus het voortgegaan, "Geseënd is jy as jy jou bekeer en hartseer voel oor jou sondes. Jy sal vertroos word."

Daarna het Jesus verduidelik water tipe karakter God se volgelinge het. Dit is ook Sy karakter. "Jy is geseënd as jy sagmoedig is; die aarde sal joune wees. Jy is geseënd as jy regtig God se geregtigheid wil hê; God sal dit vir jou gee. Jy is geseënd as jy barmhartig is; jy sal met genade behandel word. Jy is geseënd as jy 'n rein hart het; jy sal God sien. Jy is geseënd as jy 'n vredemaker is; jy sal ’n kind van God genoem word."

Die mense het verstom geluister. Jesus het vir hulle gesê dat ware geluk voortspruit wanneer 'n pragtige karakter van God ontvang word. Die mense het nog altyd geglo dat ware geluk gevind word in rykdom, beroemdheid en belangrikheid. Maar daardie dinge kon nooit werklike geluk bring nie; slegs God kon.

Toe het Jesus verduidelik dat God se ware volgelinge deur mense wat weier om God te volg, mishandel sal word. "Jy is geseënd as jy weens My vervolg word," het Jesus gesê, "Jy sal ’n groot beloning in die hemel hê. Onthou dat die profete voor julle ook vervolg is." Deur die vervolging met genadig te verduur (soos Jesus), kon hulle diegene wat God nie geken het nie, help om te besef dat hulle ook sondaars is, sodat hulle hul harte oopmaak vir God se genesing.

Jesus het verder gesê: "My volgelinge is die sout van die aarde en die lig vir die wêreld." Wat gebeur wanneer jy sout by kos gooi? Dit smaak beter, nie waar nie? Net so sal mense agterkom dat daar iets liefliks in God se kinders is. Wat gebeur as daar 'n lig aangeskakel

word? Almal kan dit sien. Jy kan nie ‘n lig, al is dit klein, wegsteek nie. Op dieselfde manier kan God se kinders nie die liefde van Jesus vir ander wegsteek nie; mense sal dit agterkom.

Jesus het voortgegaan, “Ek het nie gekom om God se wet te vernietig of te verander nie; Ek het gekom om dit te vervul.” Het jy geweet dat ons God se wet bloot deur verkeerde gedagtes te dink, kan oortree? Jesus het verduidelik dat as jy iemand haat, is dit asof jy daardie persoon doodmaak. Om God se wet te onderhou beteken nie om slegs die regte dinge te doen nie, maar ook om die regte dinge te dink. Jesus het die mense genooi en gesê: “Wees volmaak, net soos julle Vader in die hemel volmaak is.” God kan ons deur Sy Gees help om Sy wet volmaak te onderhou.

Die mense was gewoond daaraan om te sien hoe die Fariseërs hooghartig optree wanneer hulle offers gebring of gevas het. Die Fariseërs het seker gemaak dat almal hul goeie dade sien. Maar Jesus het gesê: “Doen hierdie dinge sodat slegs julle Vader wat in die hemele is daarvan weet.” Ons moet dinge uit liefde vir God doen en nie omdat ons wil hê ander mense moet dink ons is so wonderlik nie.

“Moenie jou tyd deurbring deur rykdom op aarde in te samel nie,” het Jesus voortgegaan, “Dinge op aarde word vernietig of gesteel. Spandeer jou tyd om die rykdom van die hemel bymekaar te maak, en maak die dinge van God vir jou die belangrikste.” Daar is niks fout daarmee om geld en mooi goed te hê nie. Rykdom kan 'n groot seën wees. Maar indien dit vir ons belangriker word as die koninkryk van God, dan word dit vir ons soos afgode; in plaas daarvan om God te vertrou, vertrou ons op hierdie dinge. “Jou hart sal wees waar jou skat is,” het Jesus gesê.

Toe verseker Jesus die mense dat hulle op God kan staatmaak om vir hulle te sorg. “Moenie bekommerd wees oor jou voedsel nie,” het Hy gesê, “Gee God nie om vir die voëls van die lug nie? Jy is baie

belangriker as 'n voëltjie; God sal vir jou sorg. Moenie bekommerd wees oor jou klere nie. As God die gras van die veld en die pragtige lelies beklee het, sal Hy jou nie ook beklee nie? God weet wat jy nodig het. Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid en Hy sal jou ook al hierdie dinge gee. Moenie bekommerd wees oor môre nie." Jesus het ook gesê: "As jy vra, sal jy ontvang. Hou julle, wat sondig is, nie daarvan om goeie dinge vir jul kinders te gee nie? Hoeveel te meer gee julle Vader in die hemel dan goeie dinge aan dié wat Hom vra?"

Jesus het gesê dat dit belangrik is om mekaar lief te hê en nie vir ander kwaad te wees nie. "Voordat jy 'n offer aan God bring, maak seker dat jy in vrede met jou broer staan," het Hy die mense geleer. Later het Hy gesê: "Moenie ander oordeel nie, anders sal jy uiteindelik op dieselfde manier geoordeel word." Ons hoef slegs mense lief te hê en te aanvaar, en hulle nie te oordeel nie.

Daarna het Jesus gevra: "Kan jy druiwe uit dorings kry of vye uit distels? Natuurlik nie! Slegs 'n vyeboom kan vye gee. Mense is dieselfde; hulle sal geken word aan hulle vrugte of hulle karakter. "Dié wat die wil van my Vader doen, sal die koninkryk van die hemel ingaan," het Jesus gesê. En hoe kan ons God se wil doen? Deur afhanklik van Jesus, die Rots, te wees. "As 'n huis op 'n rots gebou is, sal dit selfs gedurende storms sterk bly staan," het Jesus gesê, "maar as 'n huis op sand gebou is, sal dit gedurende 'n storm inmekaar val." Ons moet op Jesus staatmaak, net soos die huis wat op die rots gebou is.

Die mense was verstom oor wat hulle gehoor het. Dit het soveel anders geklink as die Fariseërs en priesters se lering, maar Jesus het hulle duidelik geleer en hulle kon insien dat dit die waarheid was. Dit was aan hulle oorgelaat om oor hierdie wonderlike dinge na te dink en te kies om dit te aanvaar. Ons het ook hierdie keuse. Kies jy om eers God se koninkryk te soek en om God toe te laat om Sy wil in jou lewe te doen?

# 13. Water Verander in Wyn

***Sy moeder sê vir die dienaars: Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen. Johannes 2:5***

*Johannes 2:1-11*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 15*

Maria was baie gelukkig. Daar sou binnekort 'n bruilof in Kana, 'n dorpie naby Násaret, wees en haar seun Jesus sou saam met Sy dissipels na hierdie bruilof toe kom. Sy was baie bly om Jesus weer te kon sien; sy was ook bly om te hoor van wat Hy gedoen het sedert Hy Násaret verlaat het.

Tydens die bruilofsfees het Maria gehoor daar is 'n probleem. "Die wyn is op!" het iemand vir haar gesê. "O, nee!" het sy gedink. Dit was 'n groot skande vir die bruidegom se familie as hulle druiwesap opraak, want dit was regtig belangrik om genoeg kos en drinkgoed vir al die gaste te hê.

"Ek weet Jesus kan help!" het Maria gedink. Sy het ook gedink dat indien Jesus wyn vir hierdie gesin gemaak het, die mense Hom dalk tot koning sou wou kroon. Sou dit nie wonderlik wees nie? Sy het vinnig na Jesus toe gegaan en vir Hom gesê: "Hulle het nie meer wyn nie."

Jesus het vriendelik na Sy moeder gekyk. Hy het haar sagkens laat weet dat Hy dit slegs kan doen indien God wil hê Hy dit moet doen. Hy sou nie iets teen God se wil doen nie, selfs nie as Sy eie ma wou hê dat Hy dit moet doen nie. Hy sou eerstens God se wil doen. Maar Maria het geglo dat Jesus 'n wonderwerk kon doen, daarom, om die geloof van Maria en van Jesus se dissipels te versterk, het God Hom toegelaat om dit te doen.

Maria het na die diensknegte gegaan en vir hulle gesê: “Doen net wat Jesus vir julle sê om te doen.” Jesus het gekyk en ses groot klipwaterkanne gesien. Hy het vir die dienaars gesê: “Maak die kanne vol water.” Die dienaars het elke kruik tot bo toe volgemaak.

“Skep nou uit en bring dit na die hoofdienaar van die fees,” het Jesus beveel. Die dienaars het presies gedoen soos Jesus gesê het, maar hulle het nie vir die hoofdienaar van die fees vertel hoe hulle hierdie wyn gekry het nie. Toe die hoofdienaar dit proe, roep hy na die bruidegom en gesê: “Almal bedien altyd eers die beste wyn en wanneer die gaste genoeg gehad het, bedien hulle die slegte wyn. Maar jy het die beste wyn vir laaste gebêre!” Hy het nie geweet waar die wyn vandaan gekom het nie, maar hy kon proe dat dit beter was as die wyn wat hulle voorheen gehad het.

God het die geloof van Maria geëer en Jesus toegelaat om hierdie wonderwerk te doen. As gevolg van Maria se geloof het die dienaars Jesus volkome gehoorsaam en die gaste het genoeg wyn gehad vir die volle tydsduur van die fees. Jesus se dissipels was ook verstom oor wat gebeur het en hulle geloof in Jesus is versterk.

Dit was die eerste wonderwerk van Jesus. Deur hierdie wonderwerk het Hy die geloof van Sy volgelinge versterk. Deur 'n wonderwerk by 'n troue te verrig, het Hy vir hulle getoon dat God omgee vir gesinne; Hy wil hulle graag gelukkig maak. As ons Jesus volg, kan Hy vir ons gesinne ook vreugde bring. Ons moet Hom net vertrou en Hom volg. Wil jy ook?

# 14. Reiniging van die Tempel

***Maar die HERE is in sy heilige tempel – swyg voor Hom, o ganse aarde! Hábakuk 2:20***

*Johannes 2:13-22*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 16*

Dit was weer tyd vir die Pasga, dus het Jesus en Sy dissipels vir die fees na Jerusalem gereis. Mense het van regoor Israel, en selfs van ander lande, na Jerusalem gekom om God gedurende hierdie spesiale tyd te aanbid.

Iets hartseers het in die tempelhof gebeur: die priesters het opgemerk dat al die mense wat van ver af gekom het nie diere saam met hulle kon bring vir die offers nie, daarom het hulle besluit om hierdie diere self in die tempelhof te verkoop. Was dit iets wat die priesters moes doen? Nee, dit was nie. Daar was ander plekke waar diere gekoop kon word. Maar nou het die tempelhof soos 'n raserige, vuil markplein gelyk. Daar was geen eerbied nie en dit was onmoontlik om God op 'n plek soos hierdie te aanbid. Enigiemand wat in die tempel ingekom het, sou die diere sien, hoor en ruik. Hulle sou hoor hoe mense oor die duur pryse van die diere onderhandel. Hulle sou die geklink van muntstukke hoor. Dit was moeilik om by die altaar uit te kom en amper onmoontlik om te konsentreer en te bid. Hoe kon iemand in hierdie warboel God aanbid?

Jesus het gekyk na wat gebeur en was baie hartseer. Hy het 'n sweep van toutjies gevleg en Hy het met 'n baie ernstige uitdrukking op Sy gesig na die mense gekyk. Die priesters en verkoopsmanne het dit gesien en skielik bang geword. Hulle het geweet dat wat hulle doen verkeerd was, maar hulle wou nie erken dat hulle verkeerd was nie. In plaas daarvan om hulle te bekeer en

Jesus te vra om hulle te help, het hulle met hulle diere en al uit die tempel begin weghardloop. Jesus het die tafels, wat met hope geld bedek was, omgegooi en al die muntstukke op die vloer gegooi. Die geld op daardie tafels is verkry deur mense te bedrieg, dus was dit nie reg vir die priesters en verkoopsmanne om dit te hou nie.

“Vat hierdie goed weg!” het Jesus beveel: “Moenie die huis van my Vader ’n handelshuis maak nie.” Jesus het niemand seergemaak met die sweep wat Hy in Sy hand gehou het nie, maar die skuldige mense was baie bang, asof daardie sweep 'n swaard was, sodat hulle so vinnig as wat hulle kon, uitgehardloop het.

Die tempel was weer stil. Daar was 'n paar mense wat nie vir Jesus weggehardloop het nie; hulle het Hom stil dopgehou. Hulle het gevoel dat die tempel weer 'n heilige plek is, want Jesus was daar. Hy het die tempel van al die geraas, verwarring en bedrog wat daar gebeur het, gereinig, sodat mense weer kon inkom om God te aanbid. Jesus het graag gebly en die mense onderrig wat besluit het om te bly en te aanbid. Hy het ook elke sieke wat na Hom toe gebring is, gesond gemaak.

Die priesters wat van Jesus af weggehardloop het, was baie skaam. Na 'n rukkie het hulle weer die tempel binnegesluip. Hulle was verbaas om te hoor hoe mense lofsange tot God sing en Jesus bedank dat Hy hulle genees het. Die priesters het nie daarvan gehou om te sien wat Jesus doen nie. Hulle was ongelukkig dat Hy vir hulle gewys het dat hulle hul moet bekeer en hulle het niks daarvan gehou om te sien dat die mense so lief was vir Jesus nie. Hulle het met Jesus gestry, maar dit was duidelik dat Hy die gesag gehad het om die tempel skoon te maak.

Jesus, die Messías, het die tempel gereinig toe Hy Sy bediening begin het. Hy wou hê dat mense na die tempel kom om die teenwoordigheid van God, asook ‘n seën, daar te vind. Dit is

waarom Hy die mense en die besighede wat ander verhinder het om God te aanbid, weggestuur het.

Die Bybel sê ook dat ons liggaam die tempel van die Heilige Gees is. Jesus belowe om ook die tempels van ons liggame te reinig, sodat Hy in ons kan woon en ons kan help om heilig te leef. Kom ons vra Hom om die tempels van ons liggame te reinig en dank Hom dat Hy gereed is om enigiets weg te neem wat ons kan keer om naby God te kan kom. Hy sal dit doen indien ons Hom toelaat en Hom vertrou.

# 15. Nikodémus

***Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Johannes 3:3***

*Johannes 3:1-17*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 17*

Nikodémus was 'n Fariseër en 'n belangrike Joodse leier. Die meeste van die priesters en leiers het Jesus gehaat, maar Nikodémus het anders gevoel. Hy wou regtig vir Jesus ontmoet en met Hom praat. Hy was nie seker of Jesus die Messías was nie, maar hy kon sien daar was iets besonders omtrent Jesus. Hy het besluit om Jesus gedurende die nag te besoek, sodat niemand hom sou sien om moeilikheid te veroorsaak nie.

Jesus het Nikodémus met graagte ontvang. Hy het geweet wat Nikodémus nodig het. Al was hierdie man 'n belangrike leermeester, het hy steeds nie verstaan hoe God ons red nie.

Jesus het vir hom gesê: “Om die koninkryk van God te sien, moet jy weer gebore word.” *Weer gebore word*? Nikodémus was verward. Hy het gevra: “Hoe kan ’n man gebore word wanneer hy oud is? Hoe kan iemand 'n tweede keer in sy moeder se maag ingaan?”

Natuurlik het Jesus nie bedoel dat ons weer in babas moet verander nie! Jesus het geduldig aan Nikodémus verduidelik: “Moenie verbaas wees dat Ek sê jy moet weer gebore word nie. Om in die koninkryk van God in te gaan, moet jou hart van sonde gereinig word en jy het die Gees van God, wat jou lei om die goeie dinge te doen en te dink, in jou nodig. As die Gees van God in jou is, sal jy die dinge van God doen. Indien nie, sal jy die dinge van hierdie wêreld doen.” Jesus het gesê ons moet toelaat dat die Heilige Gees ons harte so verander dat ons soos nuwe mense sal optree, dink en voel – asof ons weer gebore is.

Nikodémus was ongemaklik. Het Jesus vir hom gesê dat hy moet verander? “Ek was my hele lewe lank ’n goeie Fariseër,” het Nikodémus gedink, “ek het al die reëls gevolg en ek het al die regte dinge gedoen. Hoekom sê Jesus dat ek moet verander? Is dit nie genoeg om al die reëls te volg nie?”

Nee, dit is nie genoeg nie. Nie een van daardie dinge het saak gemaak tensy God se Gees in sy hart is nie. Jesus het sagkens vir Nikodémus verduidelik: “Weet jy hoe die Gees van God in jou werk? Dit is soortgelyk aan die wind; jy weet nie waar die wind vandaan kom en waarheen dit gaan nie, maar jy kan dit voel. Net so weet jy nie hoe God jou verander nie, maar jy kan sien dat jou karakter bietjie vir bietjie verander. Jy sal agterkom dat jy elke dag meer liefdevol en vriendeliker is. Dit is die werk van die Gees.”

Nikodémus het geknik terwyl hy stadigaan begin verstaan het. “*Al het ek baie goeie dinge gedoen, is my hart nie rein nie*. *Ek moet weer gebore word*,” het hy gedink. Hy het vir Jesus gevra: “Hoe kan hierdie dinge gebeur?”

Jesus het geantwoord, “Onthou jy toe die Israeliete in die woestyn was en die slange hulle gebyt het? Hoe is hulle gered? Hulle is gered deur na 'n bronsslang op 'n paal te kyk. Deur te kies om daarna te kyk, het hulle getoon dat hulle in God se woorde glo. Ek sal op dieselfde manier as daardie bronsslang opgehang word, sodat elkeen wat in My glo, die ewige lewe kan hê. Dit is hoe lief God alle mense het: Hy het Sy eniggebore Seun gegee sodat, as hulle glo, hulle gered sal word.”

Nikodémus het stadig en ernstig geknik. Sy ganse lewe lank het hy na die tempel gegaan om vir God te wys hoe goed hy is, maar nou het hy geweet dat dit nutteloos was. Van nou af sou hy na die tempel gaan om meer van God en Sy Seun te leer. Hy wou hê dat God se Gees in hom moet werk en sy karakter verander.

Nikodémus het mooi gedink oor alles wat Jesus aan hom verduidelik het. Drie jaar lank het hy Jesus stilweg gevolg. Maar nadat Jesus gesterf het en weer opgewek is, het Nikodémus een van Jesus se ywerigste volgelinge geword. Hy het nooit die spesiale gesprek wat hy daardie nag met Jesus gehad het, waarin die Heiland vir hom verduidelik het hoe mense gered word, vergeet nie. Sal jy ook toelaat dat Jesus Sy Gees in jou lewe stuur, om jou te verander? Hy wil dit regtig graag doen!

# 16. Die Samaritaanse Vrou

***Maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe. Johannes 4:14***

*Johannes 4:1-42*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 19*

Jesus en Sy dissipels het in Samaría aangekom. "Ons sal nie lank hier wees nie," het die dissipels gedink. Alhoewel beide die Jode en Samaritane God aanbid het, het hulle gestry oor *hoe* en *waar* om Hom te aanbid. Die Jode en Samaritane het nie van mekaar gehou nie, dus daar was geen rede om te lank te bly nie.

Maar Jesus het ander planne gehad. Hulle het by 'n put met water aangekom en Jesus het vir Sy dissipels gesê: "Gaan koop asseblief kos. Ek sal hier vir julle wag." Die dissipels was honger en het met graagte gegaan.

Terwyl Jesus by die put gesit en wag het, het 'n vrou gekom om water uit die put te skep. Jesus sê vir haar: "Gee vir My water om te drink, asseblief." Die vrou was verbaas. "Hoekom vra U my vir water? U is 'n Jood en ek 'n Samaritaan!" Hoekom het hierdie Joodse man met haar gepraat? Jode het nooit met Samaritane gepraat nie!

Jesus het geantwoord: "As jy geweet het wie met jou praat, sou jy Hom gevra het en Hy sou jou lewende water gegee het." Die vrou was 'n bietjie deurmekaar. "Meneer, hoe kan jy water skep sonder 'n skepding? Die put is diep," het sy gesê.

Jesus het geduldig geantwoord, "Ek praat van lewende water. Wie water uit hierdie put drink, sal weer dors word, maar Ek het water wat ewig is." Jesus het vir haar probeer sê dat indien sy Hom aanneem, sy so tevrede sou wees dat sy niks anders sou wou hê nie. Die vrou het gesê: "Meneer, gee asseblief vir my van daardie water, sodat ek nie meer dors sal kry nie en nie weer nodig het om hier te kom water skep nie."

Jesus het sagkens geantwoord: "Gaan roep jou man en kom hier." "Ek het nie 'n man nie," het sy geantwoord. "Jy is reg," het Jesus gesê, "want jy het vyf mans gehad en die man wat nou by jou is, is nie jou man nie."

Die vrou was verbaas. Hoe het Jesus dit alles geweet? Sy was 'n bietjie bang en wou nie oor haar sondige lewe praat nie. Sy wou oor iets anders praat. "Meneer, ek sien dat U ’n profeet is," het sy gesê, "sê my asseblief, waar moet ons aanbid? Ons as Samaritane wil op hierdie berg aanbid, maar die Jode wil in Jerusalem aanbid."

Jesus het geantwoord: "Eendag sal julle nie hier op hierdie berg of daar in Jerusalem aanbid nie. Die plek is nie belangrik nie. Wat saak maak, is dat jy die ware God aanbid en liefhet."

Die vrou het na Jesus gekyk en gesê: "Ek weet dat die Messías kom, en Hy sal ons alles vertel." "Ja," het Jesus gesê, "Ek is die Messías wat met jou praat." Die vrou was verheug. Sy het geglo wat Jesus vir haar gesê het. Sy het haar waterkan net daar gelos en vinnig haar vriende en familie gaan roep, om hulle te bring om na Jesus te luister. "Kom kyk, hier is ’n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het! Is Hy nie miskien die Messías nie?" het sy met vreugde vir haar familie en vriende vertel.

Net toe sy weggaan, het die dissipels met die kos teruggekom. Hulle het nie verstaan waarom Jesus met 'n Samaritaanse vrou gesels het nie. Hulle het nie gedink dat Jesus sou belangstel om met

Samaritane te praat nie, maar kort voor lank was 'n groot groep mense by die put wat gretig na Jesus geluister het. Hulle het Hom gesmeek om vir 'n paar dae by hulle te bly. Jesus het met graagte nog twee dae by hulle gebly en hulle van God se koninkryk vertel. Hy het in hulle huise geslaap en hulle kos geëet. Baie mense in Samaría het van toe af in Hom geglo.

Die dissipels het verkondig dat God oral kinders het en dat die Jode nie die enigstes was wat veronderstel was om God se redding te ontvang nie. Jesus het gekom om ook Samaritane en mense uit alle nasies te red. God het elke persoon van elke land lief en Hy bied elkeen van ons, maak nie saak waar ons vandaan kom nie, redding aan. Hy bied ook aan jou en my verlossing aan. Wil jy dit aanvaar?

# 17. Jesus Genees die Koninklike Beampte se Seun

***Mag julle insien hoe enorm groot die krag is wat God gebruik vir ons wat glo… Efésiërs 1:19 (Nuwe Lewende Vertaling)***

*Johannes 4:43-54*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 20*

Daar het 'n ryk man in Kapérnaüm gewoon. Hy was 'n Jood en een van die koning se beamptes. Sy seun was baie siek en nie een van die dokters kon hom meer help nie. Toe hierdie man van Jesus hoor, het hy begin hoop dat Jesus sy seun kon genees. Sy seun sou sekerlik sterf as Jesus hom nie genees nie.

Diep in sy binneste het hierdie edelman gewonder of Jesus werklik die Messías is. Hy het gedink: “As Jesus my seun genees, sal ek glo

dat Hy die Messías is. Maar as my seun sterf, sal ek glad nie in Jesus glo nie.” Hy het na Kana waar Jesus was, gereis en gevra om met Hom te praat.

Jesus het geweet wat in hierdie man se hart was. Hy was hartseer dat hierdie man slegs sou kies om te glo indien Jesus doen wat hy wil hê Hy moet doen. Ons is veronderstel om te glo, omdat ons God se woorde glo, nie omdat God doen wat ons wil hê nie. Dit is selfsugtig om slegs te glo indien dinge verloop soos ons dit wil hê. Jesus het die man sagkens probeer help om dit in te sien. Hy het vriendelik vir hom gesê: “Julle sal nie glo tensy julle wonderwerke sien nie.”

Die edelman het Jesus gehoor en verstaan dat hy selfsugtig was en dat sy gebrek aan geloof in Jesus as die Messías, sy seun kan laat sterf. Hy het nou geweet dat Jesus sy gedagtes kon lees en dat enigiets vir Hom moontlik was. Hy het vir Jesus gesmeek: “Kom asseblief, anders sal my kind sterf.” Jesus antwoord hom vriendelik: “Gaan, jou seun lewe!”

Die man se geloof in Jesus was nou sterk. Hy het Jesus se woorde geglo en huistoe gegaan met die vertroue dat Jesus sy seun genees het.

Toe hy die volgende dag by die huis aankom, het die diensknegte hom met vreugde ontvang. “U kind lewe!” het hulle vrolik vir hom gesê. “Hoe laat het dit gebeur?” het hy gevra. “Gister, op die sewende uur,” het hulle hom geantwoord. Dit was presies dieselfde tyd waarin Jesus vir hom gesê het: “U kind lewe!”

Hoe bly en dankbaar was hy tog om sy seun weer gesond te sien! Hierdie man en sy hele huisgesin het volgelinge van Jesus geword.

Die woorde van Jesus is ook vir ons. Ons hoef nie te wag dat Jesus doen wat ons wil hê Hy moet doen voordat ons in Hom glo nie; dit

sou selfsugtig wees. Ons moet eenvoudig Sy woorde glo en Hom vertrou. Hy sal ons graag help. Sal jy Hom toelaat?

# 18. Onselfsugtige Johannes

***Johannes het daarop gereageer: 'n Mens is nie in staat om iets te ontvang as dit nie vanuit die hemel aan hom gegee is nie. Johannes 3:27 (Nuwe Lewende Vertaling)***

*Johannes 3:22-36; Matthéüs 11:1-11; Lukas 7:18-28*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 18 en 22*

Jesus het meer en meer bekend geword namate Hy van plek tot plek gereis, onderrig gegee en genees het. Geleidelik het meer mense om Jesus begin toestroom en al hoe minder mense het agtergebly om na Johannes die Doper te luister. Johannes se dissipels het dit opgemerk en hulle was nie gelukkig daaroor nie.

Johannes se dissipels wou gehad het dat hy baie volgelinge moes hê. Hulle het by hom gekla oor wat Jesus en Sy dissipels besig was om te doen. "Hy doop mense, en almal volg Hom," het hulle met afguns gesê.

Dit was 'n versoeking vir Johannes. Sou hy jaloers wees op Jesus? Sou hy al die aandag en eer vir homself wou hê, en nie vir Jesus nie? Nee. Johannes het geweier om vir homself jammer te voel. Hy was so naby aan God dat hy verstaan het dat, indien die mense na Jesus toe gaan, dat hy sy werk klaar was. Johannes het sagkens vir sy dissipels gesê: "Ek kan slegs ontvang wat die hemel my gee. Ek is nie die Messías nie; my werk was om die mense te wys wie die Messías is en hierdie werk het ek gedoen." Johannes was vervul

met blydskap om te sien dat die mense verkies het om rondom Jesus te wees en hy was tevrede om in stilte te lewe.

Maar Johannes was nie bestem vir 'n lang lewe van vrede nie en sy geloof moes getoets word. 'n Kort rukkie nadat Jesus Sy bediening begin het, het iets onaangenaams met Johannes gebeur. Koning Herodes het hom in die tronk gesit. Die koning het Johannes gerespekteer, maar hy het net vantevore sy broer se vrou geneem en Johannes het verklaar dat dit verkeerd is. As gevolg hiervan het Heródias, die koning se nuwe vrou, glad nie van Johannes gehou nie. Sy het Herodes oortuig om Johannes in die tronk te sit, al het hy nog nooit iets verkeerd gedoen nie.

Die tyd het verby gegaan en Johannes was steeds in die tronk. Johannes se dissipels het gereeld vir hom gaan kuier. Hulle het hom vertel wat Jesus besig was om te doen en hulle het aanhou vra: “Hoekom help Hy jou nie om uit die tronk te kom nie?” Johannes het dieselfde gewonder. Hy was hartseer in die donker sel en was dikwels in die versoeking om aan Jesus te twyfel, omdat hy verwag het dat Jesus 'n koning sou word en die Romeine sou verslaan. Maar Johannes sou ook God se woorde tydens die doop van Jesus onthou – dit is my geliefde Seun in wie Ek my verheug – en dit het hom gehelp om aan sy geloof vas te hou. Hy was hartseer dat sy dissipels aan Jesus getwyfel het en was ook bekommerd oor hulle. Uiteindelik het Johannes besluit om sy dissipels met 'n vraag na Jesus te stuur.

Johannes se dissipels het by Jesus gekom en gesê: “Johannes vra, is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?” Jesus het hulle vriendelik genooi om by Hom te vertoef. Johannes se dissipels het gesien hoe Jesus, uur na uur, mense seën. Hy het baie siekes genees, die mense onderrig gegee en hulle vertroos. Jesus het vir Johannes se dissipels gesê: “Gaan vertel aan Johannes wat julle gesien en gehoor het. Diegene wat nie hul geloof in My verloor nie, sal geseën word.”

Nadat Johannes se dissipels weg is, het Jesus met die mense oor Johannes begin praat. Hy het die mense daaraan herinner dat Johannes altyd die waarheid gepraat het en altyd verkondig het wat God wou hê hy moes verkondig. Hy het nooit sy oortuigings en idees verander sodat mense van hom sou hou nie. "Daar was nog nooit iemand groter as Johannes die Doper nie," het Jesus verklaar, want Johannes was nederig en getrou aan God.

Johannes het aandagtig geluister na wat sy dissipels vir hom omtrent Jesus vertel het. Wat Jesus besig was om te doen het hom laat dink aan 'n profesie van die Messías in Jesaja 61:1: "*Hy het My gestuur om goeie nuus aan die armes te bring en die wat gebroke is van hart te genees...*" Johannes se hart het opgehelder. Hy het nou vrede gehad, want hy was seker dat Jesus die Messías was. *"Ek sal God volkome vertrou, maak nie saak wat met my gebeur nie*," het Johannes gedink, "*ek sal nie vir myself jammer voel as God my in die tronk laat bly nie."*

Johannes het ook uiteindelik verstaan dat Jesus nooit 'n magtige aardse koning sou word nie. "*Hy sal nie kom om ons land te verander nie; Hy het gekom om ons harte en karakters te verander*," het Johannes besef, en hy is gerusgestel. Johannes het God gedank dat Hy hom gehelp het om beter in te sien hoe God werklik is.

Johannes het soveel tyd saam met God deurgebring dat hy geleer het om onselfsugtig te wees. Hy was nie trots en jaloers nie. Hy het verstaan dat, wat ons ook al het, is omdat God dit aan ons gegee het. Hy het met graagte God se plan vir hom aanvaar, al het dit beteken om in 'n donker tronk te wees. Dit is die soort geloof in God wat al God se volgelinge nodig het. Ons kan Jesus vra om ook vir ons hierdie geloof in Hom te gee.

# 19. Die Dood van Johannes

***Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.***
***Romeine 8:38-39***

*Matthéüs 14:1-11; Markus 6:17-28.*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 22*

Johannes was in die tronk. Koning Herodes, wat hom daar gesit het, het geweet dat hy Johannes moes vrylaat; hy het eintlik van Johannes gehou en geglo dat hy die waarheid verkondig het. Maar Herodes is deur sy vrou, Heródias, beïnvloed en hy wou haar behaag. Sy het hom gevra om Johannes in die tronk te laat sit. Sy het nie gehou van wat Johannes aan die mense verkondig het nie. Sy wou haar nie bekeer en haar maniere verander nie. Herodes het besluit dat hy Johannes binnekort sou vrylaat, maar nie onmiddellik nie.

Toe kom Herodes se verjaarsdag. Hy het 'n groot fees beplan en baie belangrike besoekers genooi. Tydens die fees het Herodes en sy gaste baie alkohol gedrink en soveel geëet dat hulle nie helder kon dink nie. Skielik het die dogter van Heródias, genaamd Salóme, in die vertrek gekom en vir die gaste begin dans. Sy was jonk en baie mooi en Herodes het baie van haar gehou. As gevolg van alles wat hy geëet en gedrink het, kon hy nie helder dink nie en het toe 'n baie dwase ding gedoen: hy het aangebied om haar enigiets te gee wat haar hart begeer.

Salóme het na haar moeder gehaas en gevra: “Moeder, waarvoor moet ek vra?” “Vra vir die hoof van Johannes die Doper, op 'n skottel,” antwoord Heródias. Salóme was geskok. Sy wou nie

daarvoor vra nie! Maar haar moeder het daarop aangedring en uiteindelik is dit wat Salóme van Herodes gevra het.

Herodes se gaste het Salóme se versoek aangehoor en die hele vertrek het stil geword. Elke persoon in daardie vertrek het geweet dat Johannes die Doper 'n goeie, onskuldige man was en dat hy nie moes sterf nie. Maar almal het so baie geëet en gedrink dat hulle nie helder kon dink nie en niemand het die moed gehad om koning Herodes te keer om so 'n verskriklike ding te doen nie. Indien ten minste een gas vir Johannes verdedig het, sou koning Herodes sterk genoeg gevoel het om te sê: “Nee, Johannes sal nie doodgemaak word nie. Ek sal dit nie doen nie.” Koning Herodes het aaklig gevoel, maar hy het gevoel hy moet sy belofte aan Salóme voor al hierdie gaste nakom, sodat hy nie as 'n swakkeling beskou word nie. Hy het toe die bevel gegee dat Johannes onthoof moet word.

Heródias was eers doodgelukkig, maar gou daarna het sy ellendig gevoel. Die mense van Israel was lief vir Johannes en het gedink dat Heródias 'n aaklige vrou was, omdat sy Johannes se kop gevra het. En koning Herodes self het geen vrede gehad nie. God het hom tyd gegee om hom van sy sondes te bekeer, maar ongelukkig het hy nie. Al was hy 'n koning, het hy 'n baie hartseer lewe gelei.

Wat met Johannes gebeur het, was heeltemal onregverdig. Indien Herodes en sy gaste toegelaat het dat die Gees van God in hulle werk, sou hierdie dood nooit plaasgevind het nie. Johannes se storie is baie hartseer, maar God wil hê dat Sy mense ook uit Johannes se ervaring moet leer. Mense wat God liefhet, moet vertroos word, soos Johannes vertroos is, wanneer hulle ly as gevolg van selfsugtige en dwase mense wat weier dat God hulle lei. God het Johannes nie verlaat nie en Hy sal ons nie verlaat nie. Johannes het gesterf al het hy niks verkeerd gedoen nie, net soos Jesus en baie ander volgelinge van Jesus ná hulle. Maar wanneer Jesus terugkom om ons na die hemel te neem, sal Johannes opgewek word en dit geniet om vir ewig by God te wees. Soos

Johannes kan ons God vertrou, selfs wanneer slegte dinge gebeur. Sal jy God vertrou, maak nie saak wat gebeur nie?

# 20. Die Wonderlike Visvangs

**En nadat hulle die skuite aan land gebring het, het hulle alles verlaat en Hom gevolg. Lukas 5:11**

*Matthéüs 4:18-22; Markus 1:16-20; Lukas 5:1-11*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 25*

Dit was dagbreek by die meer Gennésaret, in die See van Galiléa. Petrus en Andréas was teleurgesteld. “Ons het die hele nag lank niks vis gevang nie,” het hulle gesê, “en bedags is dit onmoontlik om enige vis te vang.” Hul vriende op die ander skuit, Jakobus en Johannes, het ook niks gevang nie. Toe hulle terugkom strand toe, het hulle Jesus sien aankom.

Jesus wou rustig by die strand kom bid, maar dit was nie lank nie of mense van oral oor het na Hom toe gekom. So baie mense wou naby Hom wees vir genesing en vertroosting. Hulle wou na Sy woorde luister. Kort voor lank was daar soveel mense rondom Jesus dat Hy op Petrus se skuit geklim het, sodat Hy beter deur die skare gesien en gehoor kon word. Vanuit die skuit het Jesus met die mense gepraat oor die pragtige waarhede omtrent God se koninkryk en Sy liefde vir hulle.

Toe Jesus klaar gepraat het, het Hy na Petrus gedraai en gesê: “Vaar uit in die diep water en laat julle nette sak om vis te vang.” Petrus was moedeloos ná die lang nag wat hy deurgebring het sonder dat hy enige vis kon vang. Hy het ook geweet dat die vis gedurende die dag nie naby die nette sou kom nie. Maar hy het Jesus vertrou en

vir Hom gesê: “Meester, ons het die hele nag deur hard gewerk en niks gevang nie, maar omdat U so sê, sal ek die net laat sak.” Daarop het hy dit gedoen.

Skielik het die net vol vis geword. Trouens, dit was so vol dat Petrus en Andréas hulp nodig gehad het en die net wou skeur. Hulle het na Jakobus en Johannes geroep om hul skuit te bring om hulle te help. Selfs met twee skuite was die net so vol dat die skuite in gevaar was om te sink! Dit kon slegs 'n wonderwerk wees!

Petrus het die nette agtergelaat en by Jesus se voete gekniel. “Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondaar,” het hy vir Jesus gesê. Petrus wou baie, baie graag by Jesus wees, maar hy het gevoel dat hy so sondig was, dat hy nie by iemand so rein en goed soos Jesus, kon wees nie. Maar natuurlik wou Jesus hê Petrus moet by Hom wees! Hy het vriendelik gesê: “Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense in plaas van visse, vang.” Jesus het Petrus genooi om by Hom aan te sluit in Sy werk om mense na God te bring. Petrus het met graagte Jesus se uitnodiging aanvaar.

Petrus, Andréas, Jakobus en Johannes het voorheen al na Jesus geluister, maar nie een van hulle het hul visvangwerk agtergelaat om Hom ten volle te volg nie. Hulle het oor Jesus getwyfel, omdat die priesters nie van Hom gehou het nie en omdat Hy nie Johannes die Doper uit die tronk gered het nie. Maar nou het hulle nie meer getwyfel nie. Hulle het Jesus volkome vertrou.

Jesus het toe ook vir Andréas, Jakobus en Johannes genooi om Hom te volg. Al vier manne het hulle skuite en nette verlaat en Jesus gevolg. Net soos Jesus hierdie manne geroep het, roep Hy ons ook om Hom te volg en by Hom te leer. Sal jy Sy uitnodiging aanvaar?

# 21. Genesing by Betésda

***En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes. Efésiërs 2:1***

*Johannes 5*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 21*

Dit was Sabbat-oggend en Jesus het naby 'n bad met die naam Betésda gekom. Rondom die bad was daar stoepe en baie siek mense het op hierdie stoepe gelê. Die mense het geglo dat 'n engel op bepaalde tye die bad se water roer en dat die een wat eerste in die water klim, van enige siekte genees sou word. Al hierdie siek mense het daar gelê en vir die roeringe gewag en gehoop om voor enigiemand anders in die water te klim. Hulle het gehoop om die vinnigste te wees. Klink dit na die manier waarop God dinge sou doen? Natuurlik nie! Dit was onwaar stories wat mense geglo het en baie het as gevolg hiervan gely.

Jesus het al die lydende, siek mense rondom die bad gesien. Hy het verlang om hulle almal te genees, maar dit was nie die regte tyd nie, want dit sou te veel probleme met die Joodse leiers veroorsaak. Maar Hy het geweet daar was een man wat Hy nodig gehad het om daardie Sabbatoggend te genees: die siekste, swakste en mees hopelose man van almal. Dié man was verlam, wat beteken hy kon nie sy arms en bene beweeg nie. Hy was 38 jaar lank verlam en hy het geweet dat hy binnekort sou sterf.

Jesus het oor hom gebuk, vriendelik na hom gekyk en gevra: “Wil jy gesond word?” Die man was aangemoedig omdat iemand hom wou help, maar toe voel hy hartseer. Hy het vir Jesus gesê: “Here, ek het niemand om my in die bad te sit nie. Daar was altyd nog iemand anders wat voor my in die water geklim het.”

Jesus het eenvoudig geantwoord: “Staan op, neem jou bed op en loop.” Die man het Jesus nie geken nie en het nog nooit van Hom gehoor nie, maar hy het iets in Jesus gesien wat hom laat besluit het om bloot Sy woorde te gehoorsaam. Hy het opgestaan. Skielik was sy hele liggaam weer gesond en sterk. Sy bene en arms het gewerk! Hy het met vreugde sy slaapmat opgetel, soos Jesus vir hom gesê het. Maar toe hy opkyk om Jesus te dank, was Jesus weg.

“Waarheen het Hy gegaan? Ek hoop ek sien Hom weer!” het die geneesde man gedink. Hy het met 'n blye hart, met sy bed onder sy arm, uitgestap. Op pad het hy verskeie Fariseërs gesien en opgewonde vertel wat gebeur het. Die Fariseërs was veronderstel om bly te wees om hom weer sterk en gesond te sien, maar in plaas daarvan was hulle kwaad. Hulle het hom gevra: “Waarom dra jy jou bed op die sabbatdag?” Die Fariseërs het wette uitgedink wat sê dat mense nie toegelaat word om goed op die Sabbatdag rond te dra nie, al is dit nie wat die Skrif omtrent die Sabbat aangedui het nie.

Die geneesde man het vir hulle gesê: “Die Een wat my genees het, het vir my gesê om my bed op te neem en te loop.” Hy het nie eers onthou dat dit die Sabbat was nie, maar hy het ook nie skuldig gevoel oor iets wat hy verkeerd gedoen het nie.

“Wie is hierdie man wat dit gedoen het?” het die Fariseërs gevra. “Ek weet nie wie Hy is nie,” het die geneesde man geantwoord. Maar natuurlik het die Fariseërs baie goed geweet dat dit Jesus was.

'n Rukkie later het die man na die tempel gegaan om 'n offer te bring. En daar, by die tempel, het hy Jesus gesien. Hy was verheug en het vir die Fariseërs gesê: “Hierdie man, Hy is die Een wat my gesond gemaak het!” Hy was so bly om Jesus weer te sien en Hom te bedank.

Jesus het vriendelik vir hom gesê: “Jy is genees. Moenie meer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.” Die geneesde man het blymoedig vertrek, ewig dankbaar vir wat Jesus vir hom gedoen het.

Die Fariseërs was baie ontsteld. So gou as wat hulle kon, het hulle Jesus voor die Joodse leiers gebring. Hulle wou Hom straf, omdat hy die Sabbatswette wat hulle uitgedink het, oortree het. “Waarom het U op die Sabbat genees?” het hulle Hom gevra.

Jesus het na al hierdie belangrike Joodse manne gekyk en sagkens en met respek geantwoord. “Ek doen wat God, my Vader, My vra om te doen. Ek doen niks wat Hy nie wil hê ek moet doen nie,” het Hy geantwoord. Hy het die leiers aangemoedig om die Skrif omtrent die Messías te bestudeer.

Die leiers was baie ontsteld. Hulle was ontevrede dat Jesus hulle mensgemaakte Sabbatswette verbreek het. Hulle was ontsteld dat Hy gesê het Hy is die Seun van God. Hulle wou nie 'n Messías soos Jesus hê nie; hulle wou nie 'n Messías hê wat die mense geleer het om hulle harte te verander nie. Hulle wou net 'n Messías hê wat die Joodse nasie 'n baie ryk en magtige land sou maak.

As die priesters en leiers maar net geluister het en in Jesus geglo het soos die verlamde man! Die verlamde man het eenvoudig na Jesus geluister en Hom geglo en sy geloof het dit vir hom moontlik gemaak om Jesus se woorde te gehoorsaam sodat hy volkome genees is. Die priesters en leiers kon heeltemal van hulle afguns, selfsug en ook sondes genees word, indien hulle maar net vir Jesus geglo het! Elkeen van hulle moes ‘n keuse maak en ongelukkig het baie min gekies om in die woorde van Jesus te glo. Ons het ook daardie keuse. Sal ons Jesus se woorde glo, soos die verlamde man, of sal ons Hom verwerp soos die priesters en leiers gedoen het?

# 22. Jesus word uit Násaret Verdryf

***Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om ‘n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes ‘n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis. Jesaja 61:1***

*Lukas 4:16-30; Matthéüs 13:54-58; Markus 6:1-6*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 24*

Jesus was vir baie maande weg van Sy huis in Násaret. Hy het nou Sy familie en die mense saam met wie Hy grootgeword het, kom besoek. Al hierdie mense het Hom geken en hulle het ook gehoor van die wonderwerke wat Hy gedoen en die dinge wat Hy verkondig het.

Daardie Sabbatoggend het Jesus na die sinagoge gegaan en daar het hulle Hom gevra om die Skrif hardop te lees. Hy het 'n paar verse uit Jesaja gelees. Hierdie verse het gesê dat die Messías sou kom om vir die armes te preek, om hartseer mense te vertroos, om hulle van sonde te bevry en om hulle te help om die waarheid te sien. Jesus het gelees terwyl die mense aandagtig geluister het. Toe maak Hy die boekrolle toe en sê: “Vandag word hierdie Skrif net hier vervul.”

Aanvanklik was die mense gevul met vreugde en verwondering. Kon Jesus waarlik die Messías wees waarop hulle gehoop het? Toe twyfel hulle. Hoe kon daar iets goeds uit Násaret kom? En hoe kon Jesus die een wees waarvoor hulle gewag het? Hulle het Hom geken vandat Hy 'n seuntjie was. Ja, Jesus het nog nooit iets verkeerd gedoen nie, maar Hy was so arm. Hy was 'n timmerman.

Hulle het Sy familie geken. Hoe kon Hy beter as hulle wees? Hy sou hulle nooit van die Romeinse regering bevry soos hulle gehoop het nie. Nee, Hy kon nie die Een wees nie.

Jesus het geweet wat hulle dink en dit het Hom hartseer gemaak. Hy het probeer om hulle sagkens te wys wat in hulle harte gebeur. “Profete word nie in hulle eie land aanvaar nie,” het Hy hulle herinner, “Toe daar hongersnood in Israel was gedurende Elía se tyd, het God Hom gestuur om by 'n weduwee te gaan woon in 'n plek met die naam Sarfat, weg van Israel, al was daar in Israel ook baie weduwees. Gedurende Elísa se tyd was daar ook baie melaatses in Israel, maar God kon net Naäman, wat van Sirië was, genees.” In hierdie verhale het die mense van Israel nie God se seëninge ontvang nie, want hulle het geen geloof gehad nie, maar mense van ander lande het God geglo en hulle is geseën. Dieselfde ding sou met die mense van Násaret gebeur; as hulle nie in Jesus geglo het nie, dan sou hulle nie deur Hom geseën kon word nie. Die seëninge sou gaan na mense van ander plekke wat in Jesus sou glo.

Die mense van Násaret was baie kwaad toe hulle dit hoor. Hulle het nie daarvan gehou om te hoor dat hulle verkeerd was nie. Hulle het nie daarvan gehou om te hoor dat nie-Israeliete dalk meer seëninge as hulle kry nie. Satan het hulle nou beheer en hulle het Jesus met geweld uit die sinagoge na 'n krans geneem. Hulle wou Jesus van hierdie krans afgooi om Hom dood te maak. Maar voordat hulle Hom kon afstamp, het engele van God Jesus beskerm en Hy het tussen hulle deur geloop en kon na 'n veilige plek wegkom.

Jesus was baie hartseer dat Hy nie vir Sy tuisdorp kon doen wat Hy vir soveel ander dorpe gedoen het nie. Hy het daarna verlang om hulle met God se waarhede te vertroos en hulle siekes te genees. Maar Hy moes weggaan, want hulle sou Hom nie as die Messías aanvaar nie.

Tog het Hy hulle nog een kans gegee. Net voor die einde van Sy bediening, baie maande later, het Jesus na Násaret teruggekeer. Die mense het intussen baie meer stories omtrent Sy bediening hoor en hulle het geweet Hy het 'n krag wat geen normale mens het nie. Hulle het weer na Sy woorde geluister, maar die meeste van hulle het steeds kwaad geword oor Jesus se vorige besoek aan Násaret. Hulle het steeds geweier om te glo dat Hy die Seun van God is. Baie min mense in Násaret het hulle harte vir Jesus oopgemaak en Jesus kon maar baie min wonderwerke hier doen. Die res van die dorp kon nie Sy seëninge ontvang nie, omdat hulle te trots was om in Hom te glo.

Hoe hartseer dat die mense van Násaret die kans verspeel het om Jesus as die Messías te ontvang! Met Jesus in die omtrek het hulle agtergekom hoe sondig hulle was en hulle het nie daarvan gehou nie. Hulle wou 'n Messías hê wat hulle eerder ryk en magtig sou maak. Ongelukkig wou hulle vry wees van die Romeine, maar nie vry van hul sondes nie. Ons het vandag dieselfde keuse. Wil ons die vryheid van sonde en skoonheid van karakter ontvang wat Jesus ons wil gee, of verkies ons die dinge van hierdie wêreld?

# 23. By Kapérnaüm

***Maak my gesond, HERE, dan sal ek gesond word; verlos my, dan sal ek verlos word; want U is my lof. Jeremia 17:14***

*Lukas 4:31-44; Matthéüs 8:14-17; Markus 1:21-39*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 26*

Jesus het baie tyd in Kapérnaüm deurgebring en Hy het baie keer daarheen gegaan. Onthou jy toe Hy die edelman se seun genees het? Na daardie gebeure het die mense van Kapérnaüm Jesus

liefgehad. Elke keer wanneer Hy gekom het, het hulle hul siekes vir Hom gebring om te genees en hulle het graag na Sy leringe geluister. Die mense was baie verbaas oor die lering van Jesus. “Hy leer asof Hy gesag het,” het hulle gesê. Jesus sou dinge eenvoudig en duidelik uiteensit en dan was die Skrif soveel makliker om te verstaan. Dit het nie gebeur wanneer die priesters en Fariseërs hulle onderrig het nie. Die mense het geweet dat wat Jesus gesê het die waarheid is. En terwyl hulle geluister het, het hulle die warm gevoel van liefde en vertroosting ervaar.

Een Sabbat het Jesus in die sinagoge gepreek. Hy het lering gegee oor die Koninkryk van God wat mense van Satan sou bevry. Skielik het daar 'n man met die gees van 'n onreine duiwel, na Jesus aangestorm gekom en geskree: “Laat ons staan, Jesus van Násaret! Het U gekom om ons te vernietig? Ek weet U is die Heilige van God.” Dit was nie die man wat hierdie woorde gesê het nie, maar die onreine gees in hom. Die man kon geen woord van sy eie sê nie; hy kon slegs hierdie woorde aanhoor en hoop dat Jesus sou verstaan dat hy van hierdie onreine gees bevry wou word.

Jesus het presies verstaan wat hierdie man wou hê. Hy het die onreine gees bestraf en gesê: “Bly stil, en gaan uit hom uit!” Die onreine gees wou nie uitgaan nie, maar hy moes Jesus gehoorsaam. Die onreine gees het probeer om die man dood te maak voordat hy hom verlaat het, maar Jesus het dit nie toegelaat nie. Nadat hy hard geskreeu het, het die onreine gees die man verlaat. Uiteindelik was die man vry! Hy het die Here geloof vir sy verlossing, hy was vir ewig dankbaar teenoor Jesus dat Hy hom gehelp het.

Hierna het Jesus na die huis van Simon Petrus gegaan om te rus. Simon Petrus se skoonmoeder was in die bed, siek met 'n baie hoë koors. Jesus het na haar toe gegaan. Hy het haar hand aangeraak en vir die siekte gesê: “Los haar!” Petrus se skoonma is dadelik genees. Sy het so goed gevoel en was so dankbaar, dat sy sommer

gou uit die bed opgestaan het en vir Jesus en al Sy dissipels lekker kos gekook het.

Terwyl Jesus in hierdie huis gebly het, het mense hulle siekes vir Hom gebring, regdeur die dag en selfs gedurende die nag. Jesus het hulle almal liefdevol genees, al was Hy tot baie laat in die aand daarmee besig. Vroeg in die môre het Hy weer opgestaan en na 'n plek ver van al die mense af gegaan om te bid.

Dit was wat Jesus soveel keer gedoen het. Hy het elkeen wat in Hom geglo het met graagte gehelp en Hy het elke dag krag van Sy Vader ontvang om dit te doen. Ons kan ook Jesus vertrou om ons te help en om ons te genees, veral van die sonde in ons lewens. As ons bid en naby Hom kom, sal Hy met graagte aan ons die hulp gee wat ons nodig het.

# 24. ‘n Melaatse word Genees

***En Jesus het vir hom innig jammer gevoel en die hand uitgesteek en hom aangeraak en vir hom gesê: “Ek wil, word gereining!”***
***Markus 1:41***

*Matthéüs 8:1-4; Markus 1:40-45; Lukas 5:12-16*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 27*

Melaatsheid was die vreesaanjaendste en ergste siekte gedurende Bybeltye. Dit was hoogs aansteeklik, as iemand dus melaatsheid gehad het, moes hulle die dorpe en stede verlaat en ver van ander mense af woon. ’n Melaatse kon slegs saam met ander melaatses woon, dus het daar soms groepe melaatses buite die stad saamgewoon.

Een van hierdie melaatses het van Jesus gehoor. Jesus het so baie mense genees. Kon Hy 'n melaatse ook genees? Die man het begin hoop en uiteindelik het hy geglo dat Jesus hom kon help. Hy moes naby Jesus kom, maar terselfdertyd was hy nie toegelaat om tussen ander mense te wees nie. Jesus was altyd omring deur mense! Kon hy dit waag om naby te kom?

Eendag het hy gesien dat Jesus besig was om 'n skare mense langs 'n meer te leer. Die melaatse het van ver af geluister en gekyk. Hy het gesien hoe Jesus siek mense genees. Skielik was hy *seker* dat Jesus hom kon genees. Hy was net nie seker of Jesus hom *wou* genees nie. Hy het nader en nader gekom. Die mense het hom gesien en bang geword en hulle het van hom af wegbeweeg. Die melaatse het nie omgegee nie. Hy het slegs vir Jesus in die oog gehad. Hy het by Jesus se voete gekniel en gesê: “Here, as U wil, kan U my reinig.”

Jesus het hom met deernis aangekyk en hom aangeraak. Niemand kon aan 'n melaatse raak nie, maar Jesus kon. “Ek wil – word gereinig,” het Jesus geantwoord. Dadelik was die man heeltemal genees. Hy het soveel vreugde en dankbaarheid in sy hart gehad!

Jesus het vir die man gesê: “Moenie vir iemand hiervan vertel nie, maar neem ‘n offer en gaan vertoon jou aan die priester.” Daar was 'n wet wat gesê het dat, as 'n melaatse dink dat hy genees is en na sy familie wil terugkeer, hy 'n offer moes bring en eers na die priester moes gaan, sodat hulle kan bevestig dat hy rein is. Jesus wou hê dat die man hierdie wet moes gehoorsaam, sodat die priester kon sien dat Hy hulle respekteer en nie teen hulle was nie. Maar daar was nog 'n rede waarom Jesus vir die man gesê het om dit vir niemand te vertel nie: Hy het geweet dat die priesters nie gelukkig sou wees om te weet dat Hy 'n melaatse genees het nie. As die priesters geweet het dat Jesus hierdie man genees het, kon hulle selfs vir die man sê dat hy steeds melaats is en hom verhoed het om terug te keer huis toe. Maar die geneesde man was so bly

dat hy nie kon stilbly nie. Hy het vir almal wat hy ontmoet het, vertel wat Jesus vir hom gedoen het!

Melaatsheid herinner ons aan sonde. Net soos dit vir die dokters onmoontlik was om melaatsheid te genees en slegs Jesus dit kon doen, is dit ook vir ons onmoontlik om self van sonde ontslae te raak. Ons kan dit slegs met Jesus se hulp doen. En Jesus wil, meer as enigiets anders, ons van die melaatsheid van sonde reinig. Sal jy Hom toelaat?

# 25. Die Oopgemaakte Dak

***Seun, hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe. Matthéüs 9:2***

*Matthéüs 9:1-8; Markus 2:1-12; Lukas 5:17-26*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 27*

Jesus was weer in Kapérnaüm, waar Hy in die huis van Petrus onderrig gegee het. Toe mense hoor dat Jesus daar was, het hulle begin bymekaarkom. Binne-in die huis was Jesus, Sy dissipels, Fariseërs en wetgeleerdes. Die res van die mense het so naby as moontlik gekom, maar gou was die huis oorvol en baie moes buite staan.

Vier manne het 'n verlamde man op 'n bed gebring. Hulle wou hê Jesus moes hulle vriend wat vir baie jare verlam was, genees. Hulle het probeer om deur die skare mense te kom om by die deur in te gaan, maar dit was onmoontlik, want daar was net te veel mense. Toe kry een van hulle 'n idee: “Kom ons klim op die dak!” Die vier vriende het met hul vriend op die dak geklim. Hulle het die dak oopgemaak en hom versigtig tot by die voete van Jesus laat sak.

Die verlamde man het geweet dat hy siek geword het, omdat hy 'n baie sondige leefstyl geleef het. Maar toe hy van Jesus hoor, het hy begin hoop dat hy, deur Jesus te ontmoet, vergifnis vir sy sondes sou vind. Selfs al sou hy nooit gesond word nie, wou hy ten minste weet dat God hom vir die slegte dinge wat hy gedoen het, vergewe het. Die Fariseërs het nog nooit vir hierdie man gesê dat God hom liefhet en vergewe nie; hulle het vir hom gesê dat God vir hom oor al die sondes wat hy gedoen het, kwaad was. Jesus het dit alles geweet; die eerste ding wat hy vir die man gesê het, was: "Seun, wees bly; jou sondes is jou vergewe."

Is sy sondes vergewe? Dit het die verlamde man so gelukkig gemaak dat hy vir niks anders gevra het nie. Uiteindelik het hy die vrede gehad om te weet dat God hom vergewe het!

Maar die Fariseërs wat daar was, was ongelukkig. Hulle het gedink: "Ons het vir hierdie man gesê dat hy siek is, omdat God kwaad is vir hom. En kyk nou – Jesus sê sy sondes is vergewe! Dit is verkeerd! Net God kan sondes vergewe! Wie is Jesus om dit te doen?"

Jesus het die gedagtes van die Fariseërs geken. Hy het na hulle gekyk en gesê: "Waarom dink julle kwaad in julle harte? Wat is makliker om te sê: 'Jou sondes is jou vergewe', of om te sê: 'Staan op en loop'? Maar nou sal daar iets gebeur sodat julle weet dat Ek die mag het om sondes te vergewe." Jesus draai toe na die verlamde man en sê: "Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe."

Hierdie man het met die hulp van vier manne wat hom gedra het, na Jesus gekom. Hy het nou so anders gelyk! Sy bene en spiere was weer sterk! Hy het opgestaan en kon sy bed alleen dra. Die mense het dit gesien en was verbaas. "Al die lof aan God!" het hulle uitgeroep.

Die Fariseërs het nie geglo dat Jesus die mag het om sondes te vergewe nie, maar toe Jesus die man beide vergewe en genees het, was dit baie duidelik dat Sy krag van God af gekom het. Dit is baie hartseer dat die Fariseërs dit nie aanvaar het nie. Hulle was te jaloers op Jesus. In plaas daarvan om vir Jesus te vra om hulle te vergewe en hulle ook te genees, het hulle Petrus se huis verlaat en beplan om Jesus dood te maak.

Jesus het steeds die mag om ons sondes te vergewe. Hy wil dit doen. En Hy wil ons genees van die verskriklike dinge wat sonde aan ons doen. Kom ons gaan vandag na Hom en vra Hom om ons te help!

# 26. Die Sabbat

***So is dit dan geoorloof om op die sabbat goed te doen.***
***Matthéüs 12:12***

*Lukas 6:1-5; Markus 2:23–28; Matthéüs 12:1-8*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 29*

God het die Sabbat gemaak as 'n spesiale dag vir mense, om saam met Hom deur te bring. Ongelukkig, soos die jare verbygegaan het, is die Sabbatsonderhouding baie skade aangedoen, omdat die priesters en Fariseërs allerhande vermoeiende reëls vir die Sabbat uitgedink het. Hierdie reëls het die Sabbatdag in 'n dag van vrees verander, want die mense was so bekommerd om die verkeerde ding op die Sabbat te doen, sodat hulle dit nie kon geniet nie. Hulle kon nie rus vind en God se vreedsame teenwoordigheid aanvoel nie. Dit was moeilik om in te sien dat God hulle *veral* op die Sabbat wou genees en vergewe. Hulle het gedink God was altyd gereed om vir hulle kwaad te word en dit het hulle bang gemaak. Jesus het

geweet dat dit besig was om te gebeur. Daarom het Hy mense geleer hoe om die Sabbat te onderhou.

Een Sabbat het Jesus en Sy dissipels verby 'n graanland gestap. Die dissipels was honger en het, terwyl hulle loop, van die graan gepluk om te eet. Dit was toegelaat dat, wanneer iemand by 'n graanland of 'n vrugteboom verbygaan en nodig gehad het om te eet, om net daar en dan genoeg te pluk om te eet, om hul honger te stil. Maar die Fariseërs het verkondig dat dit nie op die Sabbat gedoen mag word nie, want vir hulle was die pluk van graan of vrugte dieselfde as werk. “Kyk wat U dissipels doen – hulle werk en verbreek die Sabbat!” het iemand vir Jesus gesê.

Wat is belangriker – om die behoeftes van mense te bevredig, of om onnodige wette te onderhou? Om dit te verduidelik, het Jesus hulle aan 'n storie in die skrifte herinner. Hy het gesê: “Onthou julle toe Dawid en sy manne die brood uit die heiligdom geëet het?” Die priesters het hierdie verhaal goed geken. Dawid het weggehardloop vir koning Saul wat hom wou doodmaak. Maar Dawid het nie alleen weggekruip nie; hy het 'n ganse leër soldate by hom gehad. Eendag was hulle regtig honger en hulle het niks kos by hulle gehad nie. Hulle het gesien dat die huis van God naby was en Dawid het onthou dat daar brood was. Hierdie brood was spesiaal; dit was 'n offer en slegs die priesters was toegelaat om dit te eet. Maar Dawid het uiteindelik ingegaan en daardie brood vir sy honger manne gebring. Hy wou nie oneerbiedig wees nie, maar hy het geglo dat God hulle toegelaat het om hierdie brood te eet, omdat hulle so honger was en daar niks anders was om te eet nie. En God het dit toegelaat.

Jesus het voortgegaan om te sê, “Op hierdie oomblik, net hier, is iemand groter as die tempel. Ek is ook Here van die Sabbat.” Waarom het Jesus gesê dat Hy groter as die tempel is? Die tempel en alles daarin, was daar om die mense van Hom te leer. Dit het nie sin gemaak vir mense om allerhande Sabbatsreëls en seremonies

te volg as nie een hiervan hulle gehelp het om van God te leer en nader aan Hom te kom nie.

“Die Sabbat is gemaak vir die mens en nie die mens vir die Sabbat nie,” het Jesus gesê. Die Sabbat was bedoel om 'n dag van seën en vreugde vir mense te wees, nie 'n dag van laste en beperkings nie. Dit is 'n dag vir ons om die krag van Christus om ons te skape en te red, te gedenk. Ja, daar is dinge wat ons nie op die Sabbat doen nie, maar dit is omdat ons meer tyd met God wil deurbring en oor Sy Woord wil nadink. God sê vir ons om nie daardie dinge te doen nie, om Sy verbintenis met ons op hierdie spesiale dag te beskerm, sodat ons geseën word. Die Sabbat is 'n dag van vrede en rus, want Jesus kom nader aan ons as op ander dae. Sal jy hierdie spesiale dag aanvaar wat God vir jou wil gee?

# 27. Genesing op Sabbatdae

***Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde. Psalm 147:3***

*Lukas 6:6-11; 13:10-17; 14:1-6; Markus 3:1-6; Matthéüs 12:9-14*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 29*

Jesus en Sy dissipels het op die Sabbat koringkorrels van die lande geëet, wat volgens die Fariseërs die Sabbat verbreek het. Maar nee, Jesus het nie die Sabbat verbreek nie; Hy en Sy dissipels het bloot, omdat hulle honger was, geëet. Hy het verduidelik dat om mense te help en in hul behoeftes te voorsien, 'n goeie ding is om op die Sabbat te doen.

’n Bietjie later daardie dag kon Jesus meer verduidelik oor wat die Sabbat alles behels. Hy het na die sinagoge gegaan en daar 'n man

met 'n verdorde hand gesien. Die Fariseërs wou sien wat Hy sou doen. Jesus het geweet dat hulle sou dink dat Hy die Sabbat verbreek as Hy die man genees. Daarom het Hy vir die man gesê: “Staan op.” Toe het Hy na die Fariseërs gekyk en hulle gevra: “Is dit geoorloof om op sabbatdae goed te doen of om kwaad te doen? Om ‘n lewe te red, of om dood te maak?”

Almal was stil. Jesus was baie hartseer toe Hy na hulle gekyk het. Hy het geweet dat die Fariseërs geweier het om te aanvaar wat Hy sê. Die Jode het geglo dat wanneer jy iets kan doen om iemand te help, maar jy het dit nie gedoen nie, dan is dit dieselfde as om kwaad te doen. Dus het hulle geweet dat genesing op die Sabbat die regte ding was om te doen. Sou dit nie verkeerd wees om die man te laat aanhou ly, terwyl Jesus hom kon genees nie? Ook, hoe kon die man die Sabbat geniet wanneer hy siek is? Jesus het vir die man gesê: “Steek jou hand uit.” Die man het sy hand uitgesteek en hy is dadelik genees.

Op 'n ander Sabbat is Jesus genooi om by die huis van 'n Fariseër te eet. ’n Man het na Jesus gekom om genees te word. Hy het 'n siekte gehad wat ‘water’ genoem word; sy liggaam was totaal opgeswel en seer. Jesus het weer vir die Fariseërs wat daar teenwoordig was, gevra: “Is dit reg om op die sabbat te genees?” Natuurlik kon die Fariseërs nie “nee” sê nie, dus het Jesus die siek man genees.

Jesus het hulle toe herinner dat, indien een van hulle skape op die Sabbat in 'n put val, hulle dit natuurlik dadelik sal uittrek; hulle sou nie die skaap in die put laat sterf slegs omdat dit die Sabbat was nie. Waarom sou hulle dan wil hê dat 'n sieke steeds moet ly op die Sabbatdag wanneer hy genees kan word? Is 'n mens nie kosbaarder as 'n skaap nie?

Op 'n ander Sabbat was Jesus weer in 'n sinagoge. Daar was 'n vrou wat al agtien jaar siek was. Sy was heeltemal inmekaargetrek en kon nie regop staan nie. Jesus het haar na Hom geroep en Hy het

gesê: "Vrou, jy is van jou siekte verlos." Toe het Hy Sy hande op haar gelê en sy is dadelik genees. Sy kon daarna regop staan en sy het God met vreugde verheerlik!

Die priesters moes bly gewees het om hierdie vrou weer gesond te sien, maar in plaas daarvan het hulle woedend gesê: "Daar is ses dae om te werk en te genees; mense behoort nie op die Sabbatdag te kom om genees te word nie."

Jesus het hartseer gevra: "Neem elkeen van julle nie jul os en donkie uit om op die Sabbat water te drink nie? Hierdie vrou is meer werd as 'n os of 'n donkie; sy is 'n dogter van Abraham. Watter dag is beter as 'n sabbatdag om van haar siekte verlos te word?" Toe Jesus dit sê, was die priesters skaam, want hulle het geweet Hy was reg. Die res van die mense was bly oor die wonderlike dinge wat Jesus gedoen het.

Die Sabbat is 'n heilige dag, 'n spesiale dag. Dit is heilig, omdat God op hierdie dag Sy Gees in 'n groter mate stuur. En waar die Gees van God is, daar is genesing en vertroosting. As gevolg van hierdie vloei van die Gees van God na ons doen Jesus die meeste van Sy wonderwerke op die Sabbat. Die Sabbat is 'n wonderlike dag om ons vry te maak van sonde en siekte en God kan ons spesiale vreugde en vertroosting op hierdie dag gee, net soos Jesus vir hierdie mense wat Hy genees het, gegee het. Sal jy hierdie spesiale dag wat God vir jou wil gee om tyd saam met Hom deur te bring, aanvaar?

# 28. Die Hoofman oor Honderd se Kneg

***Gaan, en laat dit vir jou wees soos jy geglo het. Matthéüs 8:13***

*Matthéüs 8:5-13; Lukas 7:1-10*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 32*

Die Joodse leraars het geglo dat God slegs vir Joodse mense omgee en dat redding slegs vir die Jode was. Dit was natuurlik nie so nie. God het die Joodse volk uitverkies om Sy wet te ontvang en dit met mense oor die hele wêreld te deel. God se plan was dat vreemdelinge wat Israel besoek het, die liefde en vreugde van die Joodse volk, die wysheid van hul wette en regering sou sien, sodat hulle God sou wou leer ken. Deur die Jode sou God die wêreld seën. Dit is tragies dat dit nie so gebeur het nie. Die selfsug van die Jode het dit moeiliker vir mense wat nie Jode was nie, gemaak om die liefde van God te verstaan.

Eendag het 'n hoofman oor honderd na Jesus gekom. 'n Hoofman oor honderd is 'n magtige Romeinse soldaat wat in beheer is van 100 soldate. Hierdie hoofman oor honderd het 'n dienskneg gehad vir wie hy baie lief was. Eendag het sy dienskneg siek geword, so siek dat hy op die punt was om te sterf. Die hoofman oor honderd was baie hartseer. Hy was bereid om enigiets te doen sodat sy dienskneg gesond kon word. Hy het onthou dat hy gehoor het van 'n man met die naam Jesus, wat mense genees het en hy het geglo dat Jesus sy dienskneg kon genees.

Maar die hoofman oor honderd het onthou dat hy 'n Romein was en nie 'n Jood nie. Sou Jesus iemand wou help wat nie 'n Jood was nie? Hierdie hoofman oor honderd was altyd vriendelik en behulpsaam teenoor die Joodse leiers, maar hy het nie geweet of hy, as 'n Romein, Jesus om hulp kon vra nie. Hy het gedink, “Miskien sal Jesus bereid wees om my te help as die Joodse leiers Hom vra.”

Hy het na die Joodse leiers gegaan en hulle gevra om namens hom met Jesus te praat.

Die ouderlinge van die Jode het na Jesus gekom en vir Hom gesê wat die hoofman oor honderd wou hê. “Help hom asseblief,” het hulle Jesus aangemoedig, “Hy was nog altyd vriendelik en behulpsaam teenoor ons. Hy het selfs vir ons ’n sinagoge gebou.”

Jesus het ingestem om te help. Hy het na die hoofman oor honderd se huis begin stap. Oppad het ’n boodskapper van die hoofman vir Jesus ontmoet en gesê: “Die hoofman oor honderd sê dat hy nie belangrik genoeg is vir U om na sy huis te kom nie. U hoef nie te kom nie.” Jesus het nie weggedraai nie; Hy was meer as gewillig om die man se dienskneg te gaan genees, dus het Hy aangehou om na die man se huis toe te stap.

Toe die hoofman oor honderd hoor dat Jesus na sy huis toe kom, het Hy self op pad vir Jesus gaan ontmoet. “Here, ek het nie gedink ek is waardig om U self te ontmoet nie,” het hy vir Jesus gesê, “maar al wat U hoef te doen is om te praat en ek weet my dienskneg sal gesond word. Ek glo U het gesag uit die hemel, net soos ek gesag van Rome het. Ek hoef net vir my soldate en my diensknegte ‘n bevel te gee en dit word gedoen. Ek glo dit is dieselfde met U; as U dit net beveel, sal dit gebeur.”

Jesus was verwonderd oor wat Hy gehoor het. Hy het vir die mense wat Hom gevolg het, gesê: “Selfs in Israel het Ek nie so 'n groot geloof gevind nie.” En aan die man het Hy gesê: “Soos jy geglo het, laat dit vir jou geskied.” Op daardie einste oomblik is die man se dienskneg genees.

Hierdie hoofman oor honderd het baie min van God geweet. Dit was vir hom baie moeilik om van die ware God te leer as gevolg van sy lewe as soldaat, die afgode wat hy as kind aanbid het en die manier waarop die Jode geweier het om die dinge van God aan nie-

Jode te verkondig. Hy het selfs opgemerk dat die Joodse leiers Jesus verwerp het en dit was vir hom verwarrend. Maar ten spyte daarvan het hy geglo. Hy het meer geloof as selfs die Joodse leraars, wat van beter moes geweet het, getoon. Ons kan kies om ook hierdie geloof te hê. Glo ons die dinge wat God vir ons in die Bybel sê wat Hy vir ons kan doen? As ons net glo, sal dit vir ons gedoen word.

# 29. Opwekking van die Seun van die Weduwee van Nain

***Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn. Efésiërs 5:14***

*Lukas 7:11-17*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 32*

Jesus het pas klaar met die hoofman oor honderd gepraat. Hy het vreugde in Sy hart gehad nadat Hy hierdie man gehelp het wat in Hom geglo het, al was hy 'n Romeinse soldaat. Hierna het Jesus en Sy dissipels na die dorpie Nain, 20 myl (ongeveer 32 km) daarvandaan, begin stap. Die hele dag, terwyl Hy gewandel het, het mense Hom gevolg, na Hom geluister en hulle siekes vir Hom gebring om te genees. Die mense wat saam met Jesus gewandel het, was vol vreugde.

Toe hulle Nain bereik, het hulle iets gesien wat hulle almal skielik baie hartseer gemaak het. 'n Ander groep mense was op pad om 'n jong man wat gesterf het, te begrawe. Die dooie man was die enigste seun van sy moeder, 'n weduwee; haar man was ook oorlede. Hierdie vrou het nie meer ‘n gesin gehad nie. Sy sou alleen

wees, met niemand om vir haar te sorg nie. Die mense by haar, wat saam met haar oppad na die graf was, kon haar hartseer aanvoel.

Die groep wat saam met Jesus was, het die groep ontmoet wat die jong man gaan begrawe. Jesus het na die moeder toe geloop en sagkens vir haar gesê: “Moenie huil nie.” Hy kon haar hartseer aanvoel en wou haar vertroos. Hy het na die draagbaar geloop en dit aangeraak. Enigeen wat aan die draagbaar of 'n dooie persoon geraak het, is as onrein beskou. Maar Jesus het nie onrein geword deur dit aan te raak nie, want Hy het gesag oor die dood.

Almal was skielik stil. Hulle het gekyk om te sien wat Jesus sou doen. Hy kon soveel siektes genees. Kon Hy ook iemand uit die dood opwek?

Toe praat Jesus hard en duidelik: “Jongman, Ek sê vir jou, staan op!” Die jong man het sy oë oopgemaak en Jesus het sy hand gevat en hom gehelp om regop te sit. Toe begin die jongman praat. Hoe bly was die moeder tog om haar seun weer te kon vashou!

Die mense het na 'n hartseer begrafnis gekom, maar nou het almal met vreugde die eer aan God gegee. Hulle het geweet dat hierdie krag wat Jesus gehad het, slegs van God kon kom.

Jesus wil ons vertroos en lewe gee, net soos Hy die moeder getroos en lewe aan haar seun gegee het. Wanneer Hy weer kom om ons na die hemel te neem, kan ons seker wees dat Hy die krag sal hê om mense uit die dood op te wek. Ons kan vertrou dat Hy lewe is en Hy gee lewe aan elkeen wat in Hom glo. As ons dit glo, sal ons vertroos word wanneer hartseer dinge gebeur. Kom ons dank God vir Sy krag om lewe en vertroosting aan ons te gee!

# 30. Die Ware Familie van Jesus

***Want elkeen wat die wil van God doen, dié is my broer en my suster en moeder. Markus 3:35***

*Matthéüs 12:22-50; Markus 3:20-35; Lukas 11:14-23*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 33*

Jesus het rondgegaan en mense genees, hulle onderrig en vertroos. Sy optrede het vir almal getoon hoe God, ons Vader is. Maar ongelukkig was juis daardie leiers wat verheug moes wees om Jesus te ontmoet, ontsteld oor Hom. Hulle het leuens oor Jesus begin versprei. "Hy gebruik die mag van Satan om bose geeste uit te dryf," het hulle vir mense gesê.

Was dit waar? Natuurlik nie! Jesus het vriendelik gevra: "Hoe kan die Satan die Satan uitdryf? Hoe kan Satan teen homself veg?" Jesus het voortgegaan, "Hy wat nie met My is nie, is teen My. Jy kan nie terselfdertyd aan My kant en teen My wees nie."

Jesus het na die Fariseërs gekyk wat hierdie leuen oor Hom vertel het. Hulle was te trots om te erken dat hulle verkeerd was. Hy het hulle gewaarsku: "As julle aanhou om die waarheid wat God vir julle wys te verwerp, sal julle sonde teen die Heilige Gees pleeg." Wanneer mense weier om te luister na wat die Heilige Gees vir hulle sê, dan sal God uiteindelik nie meer hulle harte kan bereik nie. Dit is baie gevaarlik om die Heilige Gees te verwerp wanneer Hy vir ons probeer sê dat ons ons van iets moet bekeer.

Jesus het die mense ook ander dinge geleer. "Dit is nie vir my genoeg om 'n bose gees uit te dryf nie. Die bose gees mag dalk weggaan, maar as hy terugkom en die persoon se hart leeg vind, sal dit weer inkom, en dit sal sewe ander bose geeste saambring." Jesus wou die bose uit mense se harte verdryf, maar dit was ook vir

hulle belangrik om Hom in hulle harte te aanvaar. As Jesus 'n mens se hart vul, sal boosheid nie daarin kan kom nie. Sonder Jesus in jou hart kan 'n mens selfs erger as voorheen verval in sonde.

Die broers van Jesus, die seuns van Josef, het gehoor wat Jesus leer. Hulle het gehoor dat Hy hard werk en mense genees, maar ook dat die Fariseërs oor Hom ontsteld was. “Hoekom stem Hy nie saam met die Fariseërs nie? Hoekom probeer Hy nie hulle guns wen nie?” het hulle gewonder. Toe hulle hoor wat Jesus doen, het hulle verleë gevoel. “Ons moet Hom keer,” het hulle gesê. Hulle het na Maria gegaan en haar gevra om saam met hulle te kom. Miskien, met haar hulp, kon hulle Jesus keer om al hierdie dinge te doen. Hulle het nie geglo dat Jesus die Messías is nie.

Jesus was nog besig om die mense te onderrig toe Sy dissipels vir Hom gesê het dat sy moeder en broers na Hom soek. Jesus het geweet hoekom Sy moeder en broers gekom het; hulle het gekom om Hom te keer om God se werk onder die mense te doen. Natuurlik het Hy Sy familielede vriendelik ontvang, maar Hy het ook vir die mense gesê: “My moeder en my broers is hulle wat die wil doen van My Vader in die hemel.” Jesus was lief vir Sy moeder en broers, en hulle was baie spesiaal vir Hom, maar hulle was nie die enigste mense naby aan Jesus nie. Daardie mense wat die wil van God wil doen, is diegene wat die naaste aan Jesus is.

As ons toelaat dat Jesus in ons harte kom om ons te help om God se wil te doen, sal Hy selfs nader aan ons wees as 'n broer, 'n ouer of 'n vriend. Al Sy kinders sal vir ons soos familie word en ons sal meer liefdevolle en vriendelike broers en susters hê as wat ons kan dink, want ons sal almal gevul wees met die liefde en goedhartigheid van Jesus! Wil jy deel wees van daardie familie?

# 31. Vrede, Stil

***OMDAT ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus. Romeine 5:1***

*Matthéüs 8:23-27; Markus 4:35-41; Lukas 8:22-25*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 35*

Dit was 'n baie besige dag vir Jesus. Hy het baie ure lank onderrig gegee en genees. Die son was besig om onder te gaan en Hy het die hele dag nie geëet of gerus nie.

"Kom ons gaan oor die meer na die ander kant," het Jesus vir Sy dissipels gesê. Hulle het die mense gegroet en op die skuit geklim. Jesus was baie moeg en het gaan lê en gou vas aan die slaap geraak. Die dissipels het die skuit geroei en van die mense wat na Jesus geluister het, het op ander skuite geklim om Hom na die oorkant van die meer te volg.

Dit was 'n heerlike, rustige aand op die meer. Maar skielik het die lug donker geword, 'n sterk wind het begin waai en 'n groot storm het opgekom. Die storm was so sterk dat die skuite wou sink. Die dissipels was sterk vissermanne en het presies geweet wat om tydens 'n storm te doen, maar hulle het gou besef dat hulle niks meer kon doen om te keer dat hulle sink nie.

Skielik het hulle van Jesus onthou. Hulle het Hom geroep, maar Hy het nie geantwoord nie. Waar was Hy? Die skuit was reeds besig om te sink! Skielik het weerlig geblits en in die flitsende lig van die weerlig het hulle gesien waar Jesus was: Hy het rustig geslaap. Hulle het na Jesus uitgeroep: "Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?" Hulle krete het Jesus wakker gemaak. "Red ons, Here, ons sterf!" het hulle uitgeroep.

Jesus het opgestaan, Sy hand na die hemel opgehef en beveel: "Vrede, wees stil!" Die storm het dadelik opgehou en die see was skielik weer kalm. Die wolke het verdwyn en die sterre het weer geskyn. Jesus het Sy dissipels hartseer aangekyk en vir hulle gesê: "Waarom is julle so bang? Hoe het julle dan geen geloof nie?"

Die dissipels was stil. Die mense op die ander skuite was stil. Almal van hulle het Jesus sien opstaan en die storm stilmaak. "Wie is Hy dat selfs die wind en die see aan Hom gehoorsaam is?" het hulle onder mekaar gefluister.

Jesus het altyd vrede gehad. Hy het op Sy Vader vertrou en as gevolg van hierdie vertroue, is Hy die krag gegee om die storm stil te maak. Ongelukkig het Sy dissipels nie dieselfde geloof gehad nie. Hulle het op hulself vertrou, totdat hulle uiteindelik gedwing is om te aanvaar dat hulle hulself nie kon red nie. Eers nadat hulle hul swakheid besef het, het hulle onthou om Jesus om hulp te vra.

"Hoe het julle dan geen geloof nie?" het Jesus gevra. As hulle die hele tyd geloof in Jesus gehad het, sou hulle nooit by die punt gekom het waar hulle besig was om te sink nie. Indien hulle Jesus aangeroep het toe die storm begin het, sou hulle heeltyd veilig en vreedsaam gewees het, net soos Jesus.

Vertrou ons altyd op Jesus? Bly ons heeltyd naby Hom of gaan ons eers na Hom toe wanneer ons besef ons kan dinge nie self doen nie? Diegene wat ware geloof het, sal Jesus vra om heeltyd by hulle te wees. Uit onsself kan ons niks doen nie, maar deur Jesus is alle dinge moontlik.

# 32. Die Besetene

***Gaan na jou huis na jou mense toe, en vertel hulle watter groot dinge die Here aan jou gedoen het, en dat Hy jou barmhartig was. Markus 5:19***

*Matthéüs 8:28-34; Markus 5:1-20; Lukas 8:26-39*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 35*

Nadat die groot storm verby was, het Jesus en Sy dissipels die res van die nag in hulle skuit die meer oorgesteek. Vroegoggend het hulle aan wal gekom. Dit het soos 'n stil strand gelyk, want dit was ver van die naaste dorp af, maar nadat Jesus en Sy dissipels van die skuit afgeklim het, het hulle iets verskrikliks gesien.

Twee manne het uit 'n grot aangehardloop gekom. Gebreekte kettings het aan hul arms en bene gehang; hulle het gebloei van snye wat hulle hulself aangedoen het; hulle hare was lank en deurmekaar en vuil, en hulle het geen klere aangehad nie. Hulle het soos gevaarlike diere tekere gegaan. Hulle was duiwelbesete. Niemand kon naby hierdie strand kom nie, omdat hierdie manne so gevaarlik was.

Die dissipels het teruggehardloop na hulle skuit toe, maar Jesus het, net waar Hy was, stilgestaan. Toe Hy Sy hand opsteek, durf die twee duiwelbesete manne nie nader aan Hom kom nie, maar hulle was hoogs ontsteld en skuim het by hulle monde uitgekom. Jesus het die bose geeste beveel om uit die manne te kom.

Die twee manne het gevoel dat Jesus hulle kon help en hulle het probeer om te kniel en Jesus te aanbid, maar die duiwels wou hulle nie toelaat om te praat nie. In plaas daarvan het die duiwels deur die manne gepraat. Die duiwels het gesê: “Wat het ons met U te doen, Jesus, die Seun van God? Moet ons asseblief nie pynig nie!”

“Wat is jou naam?” vra Jesus. Die onreine gees het geantwoord, “Legio is my naam, want ons is baie.” Daar was nie net een duiwel binne elkeen van hierdie manne nie; daar was 'n hele groep van hulle. Hierdie duiwels het geweet dat hulle die manne dadelik moes verlaat en hulle was nie gelukkig daaroor nie. 'n Entjie daarvandaan was 'n groot trop varke wat aan die mense van die nabygeleë dorp behoort het. “Stuur ons in die varke,” het die duiwels gesmeek. Jesus het hulle toegelaat om dit te doen. Onmiddellik het die trop varke wild geraak en na 'n nabygeleë krans gehardloop. Al die varke het van die krans afgestorm en in die see verdrink.

Die oppassers van die varke het alles sien gebeur en het vinnig gehardloop om die eienaars en die res van die dorpsmense te vertel. “Die varke is almal dood!” hulle het gesê.

Die eienaars van die varke was baie ontsteld, want deur die varke te verloor, het hulle baie geld verloor. Hulle was baie kwaad daaroor en het Jesus blameer. “Dis Sy skuld dat die varke dood is! Kom ons vra Hom om dadelik weg te gaan!” het hulle gesê. Die eienaars het nie eers besef dat dit Satan se duiwels was wat hulle varke vernietig het nie.

Op daardie oomblik was die mense so ontsteld oor die verlies van hul rykdom dat hulle nie 'n kans gekry het om verbaas te wees oor die verandering in die duiwelbesete manne nie. Toe die dorpsmense daar aankom om Jesus weg te stuur, het hierdie twee manne reeds klere gedra, aan die voete van Jesus gesit en na Hom geluister. In plaas daarvan om tekere te gaan, aanvallend te wees, met skuim om die mond, was hulle rustig en stil, en hul gesigte het vreedsaam en vriendelik gelyk. Die mense was voorheen bang om na hierdie strand te kom as gevolg van hierdie manne; maar nou was hierdie plek veilig.

Jesus het geweet dat die dorpsmense meer tyd nodig het om na te dink oor wat gebeur het. Hulle het Hom daardie dag verwerp, maar Hy het gehoop hulle sal van plan verander as hulle nog 'n kans gegun word. Hy het ingestem om dadelik te vertrek en Hy en Sy dissipels het in hulle skuite geklim. Maar voordat Hy vertrek het, het Hy die twee manne 'n spesiale werk gegee om te doen. “Gaan huis toe na julle vriende toe en vertel van die groot dinge wat die Here vir julle gedoen het, en hoe Hy medelye met julle gehad het,” het Jesus sag gesê. Die manne wou saam met Jesus gaan; hulle het veilig en geliefd naby Hom gevoel en wou na Sy leringe luister. Nogtans het hulle ingestem om te doen wat Jesus hulle gevra het. Hulle het die eerste sendelinge vir Jesus geword.

Die twee manne het graag aan ander vertel wat Jesus vir hulle gedoen het. Hulle het niks geweet van die leringe van Jesus nie, maar hulle het aan ander vertel wat hulle geweet het: hulle het vertel van hul ontmoeting met Jesus. ’n Paar maande later het Jesus na hierdie selfde plek teruggekom. Hierdie keer het niemand Hom weggestuur nie. Trouens, Jesus moes vir drie dae hier bly, want daar was duisende mense wat na Hom wou luister. Hulle wou meer weet van die deernisvolle Seun van God wat die twee duiwelbesete manne gehelp het.

Die getuienis van wat Jesus vir die twee manne gedoen het, het baie mense na Jesus gebring, sodat hulle geseën en gehelp kon word. Wil jy mense help? Ons hoef nie moeilike teologie te ken nie; al wat ons nodig het, is om, soos hierdie twee manne wat van duiwels genees is, te gesels oor wat Jesus vir ons gedoen het. Sal jy met ander gesels oor Jesus, sodat hulle die geleentheid kan kry om God deur Jesus te leer ken?

# 33. Jaïrus se Dogtertjie en die Siek Vrou

***Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig.***
***Psalms 36:10***

*Matthéüs 9:18-26; Markus 5:21-43; Lukas 8:40-56*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 36*

Eendag het 'n man vinnig na Jesus toe gekom, by Sy voete gekniel en gesê: “My dogtertjie is op die punt om te sterf; kom lê asseblief U hande op haar, sodat sy gesond kan word en kan lewe.” Hierdie man was Jaïrus, 'n ryk man en die owerste van die sinagoge.

Natuurlik het Jesus ingestem om Jaïrus te help. Hulle het saam na sy huis gegaan. Die dissipels en baie ander mense het Hom gevolg. Trouens, so baie mense was by Jesus dat dit moeilik was om vorentoe te beweeg. Jesus sou elke nou en dan stop om iemand te genees of te vertroos. Jaïrus was baie bekommerd omdat hulle so stadig beweeg het. Hy wou hê Jesus moet sy dogter so gou moontlik bereik!

Skielik het Jesus gestop en gevra: “Wie het My klere aangeraak?” Die dissipels kon nie verstaan hoekom Jesus dit vra nie. ‘n Klomp mense het tog om Hom saamgedrom en Hom aangeraak! “Here,” het hulle gesê, “daar is so baie mense rondom U, en U vra wie het U aangeraak?”

Jesus het vriendelik geantwoord: “Ek weet iemand het my aangeraak, want krag het uit My uitgegaan.” Jesus het rondgekyk en die vrou, wat probeer het om tussen die mense weg te kruip, gesien.

“Dit was ek,” het die vrou met trane gesê en voor Jesus neergekniel, “ek lei al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing. Ek het al my geld aan dokters bestee, maar nie een van hulle kon my help nie. Toe ek van U, Jesus van Násaret gehoor het, het ek geweet dat U my kan genees. Ek wou U nie steur nie, Here, dus het ek probeer om net aan die soom van U kleed te raak. Ek het geweet dit sou genoeg wees om my te genees en dit was! Baie dankie!”

Jesus het na haar gekyk en vriendelik gesê: “Jy is genees, omdat jy geloof gehad het. Gaan in vrede.” Jesus het gewens dat almal geloof in Hom sou hê soos hierdie vrou, daarom wou Hy hê dat mense haar moes sien en hierdie storie hoor; daarom het Hy gestop en gevra wie Hom aangeraak het. Die vrou was volkome genees en vertroos; sy het met blydskap huis toe gegaan.

Net toe kom een van Jaïrus se dienaars met 'n baie hartseer boodskap: “Mnr. Jaïrus, dit is nie nodig om die Meester langer te steur nie. U dogter het gesterf.” Jaïrus was baie hartseer, maar Jesus het na hom gekyk en gesê: “Moenie bang wees nie. Glo net, en sy sal gesond word.” Jaïrus het besluit om Jesus te vertrou. Saam het hulle na sy huis gestap.

Die huis van Jaïrus was vol mense wat gehuil het. Hierdie mense was rouklaers en musikante en hulle werk was om baie hartseer geluide te maak wanneer iemand dood is. Die geraas was so hard dat Jesus hulle gevra het om stil te bly. “Die kind is nie dood nie, maar slaap,” het Hy die mense verseker. Die wat daar was, het vir Jesus uitgelag. Hulle het almal gesien die meisie is dood. Hoekom het Jesus dan verklaar dat sy nie dood was nie?

Jesus het gevra om die huis met slegs Jaïrus, sy vrou, Petrus, Jakobus en Johannes binne te gaan. Hy het na die kind se bed gegaan, haar hand geneem en gesê: “Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op.” Die dogtertjie het dadelik opgestaan en begin rondloop. Haar ouers het haar omhels en gehuil en was baie dankbaar teenoor

Jesus. “Moenie vergeet om vir haar kos te gee nie,” het Jesus met ‘n glimlag vir haar moeder gesê, “Sy het baie dae lank nie geëet nie.” Terwyl sy siek was, kon die dogtertjie niks eet nie, maar noudat sy weer gesond was, kon sy 'n heerlike ete geniet. Stel jou voor die wonderlike, vreugdevolle aandete wat hierdie gesin daardie aand saam geniet het!

Waar Jesus is, is daar altyd genesing, vertroosting, lewe en vreugde. Beide die siek vrou en Jaïrus het geweet dat hulle Jesus nodig het en dat Hy hulle met hul probleme kon help. Ons het Jesus ook nodig. Kom ons vra Hom om by ons te wees sodat Hy vir ons lewe, gesondheid en vreugde mag bring.

# 34. Die Geneesheer

***En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ‘n beloner is van die wat Hom soek. Hebreërs 11:6***

*Matthéüs 9:27-34*

Jesus was pas by die huis van Jaïrus. Hy het genesing gebring en lewe geskenk. Elke dag sou Hy iets doen om mense te help en om te wys dat God vreugde, genesing en vrede bring.

Jesus was oppad na 'n ander huis. Terwyl Hy stap, het twee blinde manne Hom gevolg. Hulle het uitgeroep: “Seun van Dawid, wees ons genadig!” Hulle het gehoor dat Jesus 'n geneesheer was en het gehoop dat Jesus gewillig sou wees om hulle ook te genees. Jesus het aanhou stap totdat Hy die huis bereik het. Toe Hy ingaan, het die twee manne Hom gevolg.

Jesus het geweet wat hulle wou hê, maar dit was belangrik om die mense rondom hulle te wys hoeveel geloof hierdie twee blinde manne gehad het. Jesus kon hulle oppad na die huis genees het, maar Hy het hulle laat wag en hulle toegelaat om Hom te volg, sodat hulle geloof duidelik gesien kon word. Noudat hulle saam met Jesus in die huis was, het Jesus vir hulle gevra: “Glo julle dat Ek dit kan doen?” Dit was 'n kans vir hierdie manne om te praat oor hulle geloof in Jesus. “Ja, Here, ons glo dat U dit kan doen,” het hulle gesê.

Toe het Jesus hulle oë aangeraak en Hy het liefdevol gesê: “Mag dit met julle wees volgens julle geloof.” Omdat hierdie manne geglo het dat Jesus hulle kon genees, het hulle oë oopgegaan. Hulle kon sien!

Jesus het vir hulle gesê: “Maak seker dat julle dit vir niemand vertel nie.” Maar natuurlik kon hierdie manne nie stilbly nie – almal in hul omgewing het gehoor hoe Jesus hulle genees het!

Nadat hierdie twee manne Jesus verlaat het, het die mense vir Hom nog 'n ander man gebring om te genees. Hierdie man was van die duiwel besete en kon nie praat nie. Hy moes deur Jesus genees word en het bevryding van die duiwel nodig gehad. Jesus het dadelik die duiwel uitgedryf en die man het begin praat.

Die mense was verstom. “Dit het nog nooit in Israel gebeur nie!” het hulle gesê. Dit was baie duidelik dat Jesus 'n krag gehad het wat van God af gekom het. Hoe kon iemand dink dat Hy nie die Seun van God, die Messías, was nie? Oral waar Hy gegaan het, het mense genesing, vertroosting en bevryding gevind. Dit was wonderlik om by Jesus te wees.

Ongelukkig het die priesters nie gedink dit was so wonderlik nie. Hulle was jaloers. Hulle het gesien dat die mense meer en meer na Jesus luister, en minder en minder na hulle, en hulle het nie daarvan

gehou nie. Hulle het geweier om te glo dat Jesus die Messías is, al was dit baie duidelik dat dit Hy was. Hulle het vir mense begin leuens vertel. “Hy dryf duiwels deur Satan uit,” het hulle gesê. Maar Jesus het geantwoord: “Waarom sou iemand teen homself veg? Waarom sou die Satan die Satan uitjaag?” Net God kon die wonderwerke doen wat Jesus gedoen het. Die priesters was besig om die werk van die Heilige Gees met hul leuens uit mense se harte uit te sluit. Hulle het dit wat God vir hulle probeer sê het, verwerp.

Die priesters, en almal wat toegekyk het, het die kans gehad om geloof in Jesus te hê. Hulle kon kies, soos die twee blindes, om te glo dat Jesus hulle liefgehad het en hulle wou genees, of hulle kon kies om die leuens oor Jesus te glo en Sy wonderlike seëninge mis te loop. Ons het dieselfde keuse. Kies jy om geloof in Hom te hê?

# 35. Die Eerste Werkers vir Jesus

***Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees. Jesaja 58:8***

*Matthéüs 10; 14:1-2, 12-13; Markus 6:7-13, 30-32; Lukas 9:1-10*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 37 en 38*

Die twaalf dissipels het Jesus oral gevolg. Hulle het na Sy leringe geluister, gekyk hoe Hy die siekes genees en met Hom gesprekke gevoer. Deur na Hom te kyk, het hulle geweet hoe om te werk, sodat hulle kon doen wat Jesus gedoen het – om die mense te leer, sodat hulle God kon ken en Sy plan vir die mensdom kon verstaan.

Dit was nou tyd dat hulle leer om vir Jesus te werk, maar sonder Sy teenwoordigheid. Hulle sou uitgestuur word om ander van die

evangelie te vertel en wanneer hulle terugkom, sou hulle vir Jesus alles vertel wat gebeur het.

Jesus het gesê: “Gaan twee-twee uit na die dorpe en stede. Sê vir die mense dat die koninkryk van die hemel naby is. Maak die siekes gesond, wek die dooies op en dryf duiwels uit en doen dit in My Naam. En moenie enigiets saamneem behalwe 'n stok en die klere wat julle aanhet nie.” Jesus wou hê dat hulle mense wat hartseer of bang was, moet vertroos. Hy wou hê hulle moet mense laat weet dat God hulle liefhet.

Jesus het ook gesê: “Julle sal slaap en eet in huise waar mense julle innooi. As die mense julle nie daar wil hê nie, dan kan julle rustig vertrek en die stof van julle voete afskud. As die mense julle niks wil gee nie, respekteer hulle en skud die stof van daardie stad van julle voete af!” Die dissipels moes nie kwaad word vir mense wat hulle sleg behandel het nie. Hulle moes net kalm wees, rus in die Vader se liefde en ander sagkens hanteer.

Jesus het vir Sy dissipels gesê: “Julle sal dalk later met konings en leiers praat. Moenie bekommerd wees oor wat julle sal sê nie; die Gees van God sal julle presies laat weet wat om te sê. Vertrou net op God.”

Die dissipels was gereed. Hulle het twee-twee op hul eerste sendingreis gegaan. Toe hulle terugkom, was hulle baie opgewonde om vir Jesus alles te vertel wat met hulle gebeur het. Hulle het vir Jesus vertel van die wonderwerke wat hulle gedoen het en hulle het Hom ook vertel van sommige foute wat hulle gemaak het. Jesus het teer na hulle geluister en hulle raad gegee.

Jesus het na Sy dissipels gekyk en gesê: “Kom laat ons na 'n stil plek gaan waar ons kan rus.” Die dissipels was moeg na hul sendingreis en hulle wou alleen saam met Jesus wees. Daar was ander wat ook by Jesus moes rus: die dissipels van Johannes die Doper. Johannes

het pas gesterf en sy dissipels het hom begrawe. Hulle was hartseer en het na Jesus gegaan vir vertroosting.

Jesus en die dissipels het die meer oorgesteek na 'n pragtige groen area wat ver van die dorpe was. Hier het hulle gerus. Hulle het gepraat oor die werk van God en hoe om dit beter te doen. Die dissipels was gelukkig terwyl hulle hierdie tyd saam met Jesus kon deurbring. Hulle het gekyk hoe Jesus vroeg elke oggend tot Sy Vader bid en hulle het besef hulle moes dit ook doen.

Dit is hoe die dissipels geleer het om vir Jesus te werk. Ons kan ook leer hoe om vir Jesus te werk. Hy wil ons baie graag leer hoe om Sy liefde met ander te deel. Sal jy toelaat dat Hy jou leer?

# 36. Voedsel vir Vyfduisend

**Die oë van almal wag op U, en U gee hulle hul spys op die regte tyd. Psalms 145:15**

*Matthéüs 14:13-21; Markus 6:32-44; Lukas 9:10-17;*
*Johannes 6:1-13*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 39*

Jesus, Sy dissipels en die dissipels van Johannes het saam 'n rustige tydjie, weg van al die mense, by die meer geniet. Maar hierdie rus het nie lank geduur nie. Alte gou het die mense uitgevind waar Jesus is en na Hom gekom. Sommige het in skuite gekom en sommige het na Jesus gestap. Baie gou was daar 'n groot skare rondom Jesus. Hulle wou na Hom luister en hulle het hulle siekes gebring, sodat Hy hulle kon genees. Baie van hierdie mense het van

baie ver gekom, want hulle was oppad na Jerusalem vir die Pasgafees.

Jesus was lief vir elkeen van hierdie mense en wou hulle help. Hy het hulle met graagte van die koninkryk van God vertel. Die mense het dit so geniet om na Hom te luister dat sommige van hulle selfs vergeet het om te gaan sit! Jesus het die hele dag nie kans gekry om te rus of te eet nie, want die mense wou graag naby Hom wees.

Die middag het die dissipels vir Jesus gesê: “Dit is amper aand en die mense het die hele dag nie geëet nie. Stuur hulle weg, sodat hulle na die dorpe kan gaan om vir hulle voedsel te koop.” Jesus het na Sy dissipels gekyk en gesê: “Gee julle vir hulle iets om te eet.” Toe kyk Hy na Filippus en vra: “Waar sal ons brood koop, sodat hierdie mense kan eet?” Sou Filippus en die ander dissipels geloof hê dat Jesus al hierdie mense kon voed?

Ongelukkig het Filippus nie gedink dit sou moontlik wees om soveel mense te voed nie. “Die salaris van agt maande sal nie genoeg wees om vir elkeen van hierdie mense 'n stukkie kos te gee nie,” het hy geantwoord.

Andréas het 'n bietjie anders gedink. Hy het gesê: “Hier is ’n seuntjie wat vyf garsbrode en twee vissies het, maar dit is heeltemal te min.” Hy het geglo dat Jesus iets met hierdie bietjie voedsel kon doen, maar hy het nie geweet hoe Hy dit sou doen nie.

Selfs hierdie bietjie geloof van Andréas was genoeg vir Jesus. “Bring die kos vir my,” het Jesus gesê. Toe het Hy die dissipels gevra om die mense in groepe te laat sit. Daar was 5 000 manne in die skare, asook nog baie vroue en kinders. Toe almal eers gaan sit het, het Jesus Sy wonderwerk begin. Hy het opgekyk na die Hemel, die kos geseën, die brood en die vis begin verdeel en dit vir Sy dissipels gegee. Hoe meer Hy die kos gebreek het, hoe meer het die kos

geword. Die dissipels het die kos by Jesus geneem en dit vir die mense gegee.

Die mense het met graagte gaan sit om te rus. Hulle was honger en moeg en dankbaar om die eenvoudige kos te ontvang wat Jesus vir hulle gegee het. Toe hulle klaar geëet het, was daar nog twaalf mandjies kos oor. Jesus het die mense gevra om hierdie kos saam te neem en dit met ander te deel.

Die dissipels het deur hierdie gebeure geleer dat wanneer ons by Jesus is, Hy vir ons die dinge sal gee wat ons nodig het. As ons Jesus getrou volg, hoef ons nie bekommerd te wees oor kos of klere nie; Hy sal sorg dat ons genoegsaam het.

Met hierdie storie het die dissipels ook geleer hoe om ander te help. Onthou jy dat, net voor die skare aangekom het, die dissipels vir Jesus uitgevra het oor hoe om vir God se koninkryk te werk? Nou het Jesus vir hulle getoon hoe. Wat het Jesus die dissipels gevra om te doen? Hy het hulle gevra om vir die mense voedsel te gee. Maar waar kom hierdie voedsel vandaan? Dit het van Jesus gekom. Jesus het die voesel voorsien en die dissipels het die voedsel by Hom geneem, sodat hulle dit vir die mense kon gee. En wat het hulle met die orige voedsel gemaak? Die mense het dit huis toe geneem en dit ook met ander gedeel!

Wat is voedsel, of brood, in die Bybel? Dit is God se Woord. Die brood stel ook Jesus self voor. Jesus wil hê dat ons, Sy volgelinge, Sy Woord, Sy waarhede, met ander moet deel. Ons moet dit doen net soos in hierdie verhaal: as ons die boodskap van God se wonderlike liefde met ander wil deel, moet ons dit eers self van Jesus ontvang. As ons by Jesus is, sal Hy vir ons die regte woorde gee en ons die regte manier toon om Sy boodskap met ander te deel. Daar sal baie wees om te deel. Sal jy na Jesus toe kom, sodat Hy jou kan voed en vir jou iets kan gee om met ander te deel?

# 37. Een Aand op die See

***Die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof. Hebreërs 12:2***

*Matthéüs 14:22-33; Markus 6:45:52; Johannes 6:14-21*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 40*

Die mense was baie opgewonde. Jesus kon duisende mense voed met slegs vyf brode en twee vissies! Sekerlik moes Hy die Messías wees! Niemand kon so iets doen nie, tensy hulle die krag van God gehad het nie. Stel jou voor wat 'n land kan doen met 'n koning wat so voedsel kan voorsien!

"Kom ons maak Hom nou koning," het die mense vir mekaar gesê. Van die manne het met die dissipels gepraat. "Kyk, Jesus probeer glad nie koning word nie. Hy is so nederig en beskeie dat Hy Homself nie sal opdring om koning te wees nie. Ons behoort Hom as koning te kroon. Kom ons doen dit!" Die mense het saam met die dissipels begin bespreek hoe om Jesus koning te maak.

Jesus het geweet wat hulle wou doen en Hy was hartseer. Hy het nie gekom om 'n aardse koninkryk te begin nie; Hy het gekom om die koninkryk van God aan mense te bring, sodat hulle van hulle sondes gered kan word. Hy kon nie toelaat dat hulle Hom dwing om 'n aardse koning te word nie. Hy het die mense gevra om terug te keer huis toe.

Jesus het na Sy dissipels gekyk en vir hulle vriendelik dog ferm gesê, "Ek wil hê julle moet nou verder gaan na die oorkant van die meer. Ek sal hier bly en julle môre daar ontmoet." Die dissipels was nie gelukkig om dit te doen nie. Hulle wou bly en Jesus as koning kroon! Hoekom het Jesus almal weggestuur? Hulle wou Jesus dwing om almal te laat bly, sodat hulle Hom koning kon maak. Maar toe hulle

na Hom kyk, het hulle gesien dat Hy nie van plan gaan verander nie. Hulle was baie ongelukkig, maar het Hom gehoorsaam en in die skuit geklim.

Nadat almal weg was, het Jesus die nag daar alleen deurgebring en gebid. Hy het geweet dat Sy dissipels baie teleurgesteld sou wees wanneer hulle besef dat Hy nooit 'n aardse koning sou word nie. Hy het geweet die dissipels was nou ontsteld en teleurgesteld om te vertrek.

Hy het gebid dat God hulle sal versterk en hulle sal help om die waarheid te verstaan waarom Jesus aarde toe gekom het.

Die dissipels in die skuit het oor hul ongelukkigheid gepraat. Waarom kon Jesus nie toelaat dat hulle Hom koning maak nie? En hoekom het die priesters en Rabbi's nie van Hom gehou nie? Terwyl hulle gepraat het, het hulle al hoe meer ontevrede geraak. Toe hulle in die skuit geklim het, was dit ‘n kalm en rustige aand. Maar hoe meer die dissipels gepraat het oor hul ontsteltenis, hoe meer het die lug bewolk geword. Skielik het 'n hewige storm oor die dissipels losgebreek. Vir etlike ure het hulle teen die storm gesukkel en hulself en hul skuit probeer red. Uiteindelik het hulle besef daar is niks anders wat hulle kan doen nie. Tensy God hulle red, sou hulle almal verdrink.

In die lig van ‘n weerligstraal het hulle iets op die water gesien wat na hulle toe aankom. Hulle was baie bang en het uitgeroep en gedink dit was 'n gees. Maar dit was nie 'n gees nie - dit was Jesus! Hy het uitgeroep: “Hou goeie moed, dit is Ek - moenie bang wees nie!” Hulle was verstom om te sien dat Jesus op die water loop, net so maklik asof Hy op die land geloop het, net so was Hy oppad om by hulle te wees.

Die dissipels was baie verlig en met blydskap gevul! Petrus het vir Jesus gesê: “Here, as dit U is, beveel my om op die water na U te

kom." "Kom!" het Jesus genooi. Petrus het na Jesus gekyk toe hy van die skuit afklim en het maklik op die water begin loop. Maar daarna het Petrus opgehou om na Jesus te kyk. In plaas daarvan het hy na sy vriende gekyk. Hy wou sien hoe hulle na hom kyk terwyl hy op die water loop. Hy het ook na die groot, skrikwekkende branders gekyk. Hierdie golwe het gekeer dat hy Jesus sien. Skielik het hy bang geraak en begin sink. Petrus het weer na Jesus gekyk en uitgeroep: "Here, red my!"

Jesus het dadelik Sy hand uitgesteek en Petrus gegryp. Sagkens het Hy gevra: "O kleingelowige, waarom het jy getwyfel?" Saam het hulle na die skuit gestap en ingeklim en die wind het gaan lê. Petrus was stil. Hy het gedink aan hoe alles goed gegaan het terwyl hy na Jesus gekyk het, maar net toe hy aan homself gedink het en opgehou het om na Jesus te kyk, het alles verkeerd geloop. Op sy eie kon hy niks doen nie; toe hy omgekyk het na sy vriende om te sien of hulle na hom kyk, het hy amper verdrink. Toe hy na die groot branders gekyk het en nie na Jesus nie, het hy amper verdrink. Hy het Jesus nodig gehad en hy moes sy oë en gedagtes op Jesus gevestig hou. So is dit ook met ons; as ons ophou om na Jesus te kyk en aan Hom en Sy woorde te dink, sal ons in gevaar verkeer.

Net nadat Jesus in die skuit gaan sit het, het die wind gaan lê en die skuit het aan wal gekom waar Jesus wou wees. Die dissipels en die res van die mense wat in die skuit was, was verbaas. Hulle het voor die voete van Jesus neergeval en met dankbaarheid vir Hom gesê: "Waarlik, U is die Seun van God!"

"Julle kleingelowiges," het Jesus gesê. Wanneer ons ons gedagtes by Jesus hou, het ons geloof. Wanneer ons van Jesus afhanklik is om ons lewens te leef, het ons geloof. Wanneer ons na ander, na ons probleme of na onsself kyk, verloor ons ons geloof, want dan hou ons nie vir Jesus in die oog nie. Kom ons vra Jesus om vir ons Sy geloof te gee, sodat ons deur Hom versterk en gehelp kan word!

Laat ons Hom nie vergeet nie, want dit veroorsaak dat ons probleme ons onder die water laat sink!

# 38. Die Kananése (Siro-Fenisiese) vrou

***Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep. Romeine 10:12***

*Matthéüs 15:21-28; Markus 7:24-30*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 43*

Die Israeliete het iets geglo wat God baie hartseer gemaak het: hulle het gedink dat God slegs Israeliete liefgehad en geseën het. As gevolg hiervan het die Israeliete nooit mense van ander lande van God vertel nie. Langs Israel was daar 'n land genaamd Fenisië waar die mense afgode aanbid het. Hulle het maar min oor die ware God geweet. Maar Jesus wou Sy dissipels leer dat God alle mense liefhet. “Ek het gekom om die *hele wêreld* te red,” het Jesus dikwels gesê. God het die ganse wêreld liefgehad en nie slegs die Israeliete nie.

Eendag het Jesus Sy dissipels na Fenisië geneem. Toe hulle daar aankom, het 'n Fenisiese vrou na Jesus toe gekom. Sy het van Jesus gehoor en na Hom toe gekom vir hulp. “Here, Seun van Dawid, wees my genadig. My dogter is erg van die duiwel besete. Help ons asseblief!” het sy gehuil. Sy het geglo dat Jesus die enigste een was wat haar dogter van die bose gees kon bevry.

Jesus het alles van hierdie vrou se verhaal geweet. Trouens, Hy het na Fenisië gekom, omdat Hy haar wou help. Maar Hy moes ook Sy dissipels help om te sien dat God *almal*, en nie net Jode, liefhet.

Jesus het iets baie vreemd gedoen. Toe die vrou Hom om hulp vra, het Hy haar nie geantwoord nie. Die vrou het Hom om hulp bly smeek, maar Hy het niks gesê nie. Hy het vir die dissipels gewag om te sê wat hulle dink. Wat sou die dissipels sê? Sou hulle bly wees dat Jesus hierdie nie-Joodse vrou ignoreer, of sou hulle vir haar jammer voel? Sou hulle vir Jesus vra om haar te help, of sou hulle Hom vra om haar weg te stuur?

"Here, stuur haar weg," het die dissipels gesê. Hulle het nie omgegee dat sy ly nie. Jesus het seergemaak gevoel, maar Hy het iets vir haar gesê wat vir Sy dissipels vreemd was. Hy het gesê: "Ek is net gestuur na die verlore skape van Israel." Die dissipels het geweet dat Jesus nie so praat nie; Hy het altyd vir hulle gesê dat Hy gekom het om die *hele wêreld* te red, nie slegs Israel nie. Sou die dissipels Hom vra hoekom Hy nou anders praat? Nee, hulle het nie. Hulle het net aanvaar wat Jesus gesê het, want hulle het daarmee saamgestem. Hulle was maar verlig om te dink dat Jesus gekom het om slegs die Israeliete te help. Hulle het nie gesien dat ander mense God ook nodig het nie. Dit het Jesus gekwel.

Noudat die dissipels getoon het wat in hulle harte was, moes Jesus die vrou laat toon wat in haar hart was. Jesus moes dus weer iets ongewoonds doen, iets wat glad nie soos Jesus se optrede was nie. Hy het vir die vrou gesê: "Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie."

Die vrou het na Jesus gekyk. Hy het so vriendelik en medelydend gelyk, maar Sy woorde het so gemeen geklink. Dit het geklink asof Jesus sê dat God se seëninge slegs vir God se kinders, die Jode, is en dat sy soos 'n hond was, omdat sy nie 'n Jood was nie. Maar dit was wat die Jode geglo het; dit was nie wat Jesus verkondig het nie. Die vrou moes nou 'n keuse maak. Sou sy glo dat Jesus gedink het sy is soos 'n hond, of sou sy in die goedhartigheid van Jesus glo?

Die vrou het besluit om in Jesus se goedhartigheid te glo. Dit het nie vir haar saak gemaak of die Jode gedink het sy is so onbelangrik soos 'n hond nie; selfs honde kan vriendelik behandel word, nie waar nie? Sy het gesê: “Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval.” Sy was baie seker dat, net soos Israel deur Jesus geseën word, sy ook ten minste 'n seën van Hom kon kry.

Jesus het na haar gedraai en vriendelik gesê: “O vrou, jou geloof is groot! Ek sal doen wat jy gevra het.” Op daardie oomblik het die bose gees haar dogtertjie verlaat. Hierdie Fenisiese vrou het met vreugde huis toe gegaan, wetende dat God haar liefhet en vir haar omgee. Sy was 'n kind van God, net soos enige van die Israeliete. Sy het nou geweet dat God haar net soveel wou seën as wat Hy die Israeliete geseën het. Alle mense is kosbaar vir God en Hy het almal lief!

Die dissipels het nooit vergeet wat Jesus hulle deur hierdie Fenisiese vrou geleer het nie. Sy het geglo dat God haar liefhet, alhoewel die Jode wou hê dat sy moes glo dat Hy haar nie liefhet nie. God het alle mense lief en Sy seëninge is vir ons almal, as ons net in Sy liefde sal glo. Glo jy dit?

# 39. Voedsel en Genesing vir Nie-Jode

***En op sy Naam sal die heidene hoop. Matthéüs 12:21***

*Matthéüs 15:29 – 16:12; Markus 7:31- 8:21*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 44*

Jesus en Sy dissipels het by Dekápolis aangekom, die plek waar Jesus die twee duiwelbesete manne bevry het. Onthou jy wat daar

gebeur het? Die mense het Hom weggestuur, want hulle was ontsteld dat hulle al hulle varke verloor het. Jesus het hulle gerespekteer en weggegaan, maar Hy het vir hulle twee sendelinge agtergelaat: die manne wat Hy van die duiwels bevry het. Hierdie manne het die mense alles van Jesus vertel. Daar het 'n paar maande verbygegaan en toe Jesus na hierdie plek terugkeer, was die mense gretig om Hom te sien. Hulle het nie meer omgegee vir hul varke nie; hulle wou na Hom luister en deur Hom genees word.

Die mense van Dekápolis het om Jesus begin saamdrom. Hulle het hulle siekes vir Hom gebring en Hy het hulle almal genees. Een man, wat doof en stom was, het na Jesus gekom vir genesing. Jesus het hom eenkant toe geneem, weg van die skare, Sy vingers in sy ore gesit en sy tong aangeraak. Toe sê Jesus: “Gaan oop,” en die man kon hoor en praat. “Moenie vir iemand vertel wat gebeur het nie,” het Jesus vriendelik vir hom gesê. Maar die man kon nie stilbly nie – hy was so opgewonde dat hy vir almal vertel het hoe Jesus hom genees het!

Drie dae lank het die mense na Jesus toe gekom. Hulle het so verlang om by Hom te wees dat hulle selfs buite onder die sterre, waar Hy was, geslaap het. Hierdie mense was nie Israeliete nie en het baie min van God geweet. Maar terwyl hulle tyd saam met Jesus deurgebring het, het hulle God begin loof. Hulle het selfs meer as die Jode, Jesus as die Messías aanvaar.

Na drie dae het Jesus vir Sy dissipels gesê: “Ek kry die mense innig jammer; hulle is al drie dae hier en het niks om te eet nie. Ek wil hulle nie honger wegstuur nie, sodat hulle nie miskien op die pad van hongerte omkom nie.”

Dit was 'n kans vir die dissipels om hul geloof in Jesus te toon. Hulle het reeds geweet dat Jesus slegs 'n bietjie voedsel kon gebruik om duisende mense te voed; Hy het dit reeds gedoen. Maar hierdie mense om hulle was heidene, nie Israeliete nie. Sou hulle glo dat

Jesus net so graag heidene sou wou voed as wat Hy die Jode gevoed het?

Ongelukkig het hulle nie. Die twyfelende dissipels het vir Jesus gevra: “Waar kan ons vir soveel mense hier kos kry?” Jesus het hulle sagkens gevra: “Hoeveel brode het julle?” “Ons het sewe brode en 'n paar vissies,” het hulle geantwoord.

Jesus het die mense gevra om te gaan sit. Toe het Hy die brode en vissies geneem, God gedank, dit gebreek en die stukke aan Sy dissipels gegee. Met hierdie voedsel het Hy 4000 manne gevoed, asook nog baie meer vroue en kinders. Nadat almal geëet het, was daar nog sewe mandjies kos oor.

Jesus het reeds vir die Jode getoon dat Hy en Sy Vader genesing en vertroosting wil bring. Hy dit nou aan nie-Jode, die heidene getoon. Sy dissipels moes besluit of hulle Jesus as die Messías aanvaar, en of hulle die leuens verkies het wat die Fariseërs en Sadduseërs verkondig het. Ons het vandag dieselfde keuse. Glo ons dat Jesus die Verlosser van die *hele wêreld* is? Glo ons dat Hy ook vir nie-Christene wil sorg?

# 40. Die Blinde Man in Betsáida

***Sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God. 1 Korinthiërs 2:5***

*Markus 8:22-26*

Jesus het na 'n dorp met die naam van Betsáida gekom. Hy het liefdevol die mense daar geleer en hulle siekes genees. Toe bring

hulle vir Jesus 'n blinde man. “Raak hom asseblief aan en genees hom,” het hulle Jesus gesmeek.

Betsáida was 'n stad wat deur Jesus geseën was. Die mense daar het Sy leringe gehoor en hulle het Sy wonderwerke gesien en selfs een van Sy dissipels, Filippus, het van Betsáida gekom. Maar ongelukkig het die meeste van die mense in Betsáida nie in Jesus geglo nie. Jesus wou vir die mense toon dat indien hulle maar net geloof het, Hy nie slegs hierdie man nie, maar almal in die stad kan genees.

Eers het Jesus stilweg die man se hand geneem en hom uit die stad gelei. Hy kon die man net daar en dan genees het, maar Hy het gekies om Hom uit die stad te neem. Hoekom? Om te wys dat ons soms uit plekke en oortuigings moet kom wat ons keer om geloof in Jesus te hê.

Toe het Jesus iets baie vreemd gedoen: Hy het op die man se oë gespuug en Sy hande op hom gelê. Toe vra Jesus vir hom: “Sien jy iets?” Die man het opgekyk en gesê: “Ek sien mense; ek sien hulle soos bome rondloop.” Kon die man alreeds duidelik sien? Nee. As mense soos bome gelyk het, dan kon hy hulle nie duidelik sien nie! Hy het meer van Jesus en meer geloof in Jesus nodig gehad voordat hy genees kon word.

Die man kon daarna huis toe gegaan het, maar hy het nie. Hy het gekies om nog langer by Jesus te bly. Solank as wat hy by Jesus gebly het, kon Jesus aanhou om hom te help. Jesus het nog een keer Sy hande op die man se oë gesit. Toe laat Hy die man weer opkyk. Hierdie keer, toe die man rondkyk, kon hy duidelik sien. Mense het nie meer soos bome gelyk nie! Hy is genees!

Jesus het vir die man gesê: “Gaan nou terug na jou huis toe. Moenie teruggaan na die dorp of dit aan enigiemand in die dorp vertel

hoedat jy genees is nie.” Jesus het dit gesê om probleme met die jaloerse Fariseërs te vermy.

Soms lyk dit of ons vir Jesus vra vir hulp met iets, maar Hy antwoord nie dadelik nie. Hy doen eers ander dinge, soos Hy met hierdie man gedoen het. Hy doen dit om ons geloof te versterk. Soms kan ons dinge nie duidelik verstaan nie, net soos die man nie duidelik kon sien nie. Wanneer ons egter aanhou om tyd saam met Jesus deur te bring en na Hom te kyk, sal Hy ons volkome kan help, net soos Hy hierdie man gehelp het. Om te wag en te glo is deel van geloof. Kies jy om te glo, selfs al lyk dit of Jesus nie doen wat jy vra nie? Hou aan om Hom te vertrou; Hy sal op die regte tyd doen wat die beste vir jou is.

# 41. Die Verheerlikte Seun van God

***Dit is my geliefde Seun in wie Ek ‘n welbehae het. Luister na Hom! Matthéüs 17:5***

*Matthéüs 16:13-28; 17:1-8; Markus 8:27- 9:8; Lukas 9:18-36*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 45 en 46*

Jesus het tyd alleen saam met Sy dissipels deurgebring. Hy het vir hulle gevra: “Wie sê die mense is Ek?” Hulle het Hom geantwoord: “Die Israeliete dink U is ’n profeet, maar nie die Messías nie.”

Toe vra Jesus: “Maar wie sê julle is Ek?” Petrus het namens die ander dissipels geantwoord: “U is die Christus, die Messías, die Seun van die lewende God.”

Jesus het Petrus geseën vir hierdie pragtige antwoord en gesê: “Dit is iets wat niemand vir jou getoon het nie. Slegs my Vader in die

Hemel het jou gehelp om dit te verstaan. My kerk sal gebou word op hierdie wete dat Ek die Seun van God is.” Toe vra Jesus vir Sy dissipels om nog nie vir enigiemand te sê dat Hy die Messías is nie, want Hy het geweet dat die leiers in Israel baie moeilikheid sou veroorsaak indien hulle dit sou hoor.

Jesus het voortgegaan om met Sy dissipels te praat, “Ek sal moet ly en sterf, maar Ek sal op die derde dag opgewek word.” Toe Jesus dit sê, was die dissipels baie ongelukkig. Hulle het geglo dat Jesus 'n magtige koning sou word. Hulle kon nie verstaan dat Hy sou moes sterf nie. Petrus het aan Jesus vasgehou en gesê: “Nee, Here, dit mag nie met U gebeur nie!” Jesus het na Petrus gekyk. Hy het geweet dat Satan Petrus gebruik om Hom te versoek. Satan het probeer om Jesus oor te haal om te sê: “Nee, ek weier om te ly. Ek sal nie toelaat dat mense my sleg behandel nie.” Al het dit dus baie streng geklink, het Jesus gesê: “Gaan weg agter My, Satan! Dit is verkeerd, want die dinge van mense is vir jou belangriker as die dinge van God.”

Toe het Jesus verder vriendelik verduidelik dat Hy sal ly en dat, indien Sy dissipels Hom volg, hulle, net soos Jesus ook sal moet ly om ander te help. Maar Hy het Sy dissipels getroos deur te sê: “Sommige van julle hier sal nie sterwe voordat julle My in My koninkryk sien kom het nie.” Sommige van Sy dissipels sou Jesus in Sy heerlikheid as die Seun van God sien. Ongelukkig het die dissipels gedink dat Hy bedoel het dat Hy binnekort 'n magtige aardse koning sou word, maar dit is nie wat Jesus bedoel het nie.

Ses dae later was dit tyd dat die woorde van Jesus waar word. Hy het Petrus, Jakobus en Johannes op 'n eensame berg geneem. Eerstens het Jesus van hulle af weggestap om te bid. Hy het gebid vir krag om deur die kruis te gaan en Hy het vir Sy dissipels gebid. Die dissipels het ook gebid, maar gou het hulle moeg geword en aan die slaap geraak. Jesus het aanhou bid. Hy het gebid dat Sy

dissipels 'n blik van die heerlikheid wat Hy gehad het voordat Hy die hemel verlaat en aarde toe gekom het, sou ontvang.

God het Sy gebed verhoor: skielik het die hemel oopgegaan, die poorte van die stad van God het wyd oopgegaan en 'n helder lig het op die berg en op Jesus neergedaal. Jesus het opgestaan en glad nie meer soos net 'n mens gelyk nie; Hy het gelyk soos die Seun van God, blink soos die son, met klere wat skitter soos helder lig.

Die dissipels het wakker geword en verbaas toegekyk. Gou het hulle gesien dat daar twee ander wesens by Jesus was: Moses en Elía. Moses herinner ons aan al die mense wat gesterf het deur in Jesus te glo en wat opgewek sal word wanneer Jesus terugkom. Elía, wat na die hemel opgeneem is sonder om te sterf, herinner ons aan al die mense wat nog sal lewe wanneer Jesus vir ons terugkom en wat nooit sal sterf nie.

Moses en Elía het gekom om Jesus te troos en te bemoedig, omdat Hy binnekort na die kruis sou gaan, maar die dissipels het gedink dat Moses en Elía gekom het om Jesus te help om 'n magtige koning te word. Hulle het gedink dat Moses en Elía dalk nog lank sou vertoef. Petrus het gesê: “Meester, dit is goed dat ons hier is. Kom ons maak drie hutte: een vir U, een vir Moses en een vir Elía.” As Petrus regtig verstaan het wat aangaan, sou hy dit nie voorgestel het nie. Maar Jesus was liefdevol en geduldig met hom.

Terwyl Petrus nog spreek, het 'n helder wolk hulle oordek en 'n stem het uit die wolk gekom wat sê: *“Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het; luister na Hom.”* Toe die dissipels hierdie stem hoor, het hulle bang op die grond neergeval. Jesus het gekom en hulle aangeraak en sagkens gesê: “Staan op, moenie bang wees nie.” Toe die dissipels hulle oë opslaan, sien hulle dat slegs Jesus daar was; Moses en Elía was nie meer daar nie.

Petrus, Jakobus en Johannes het Jesus pas in Sy heerlikheid as die Seun van God gesien. Hulle het gehoor hoe die stem van God vir hulle sê dat Jesus Sy Seun is en dat hulle na Hom moet luister. Om deel te wees van die koninkryk van God is dit baie belangrik om te verstaan wie Jesus is, daarom het God dit baie duidelik aan hulle gemaak. Ons moet dit ook verstaan. Glo ons dat Jesus die Seun van God is?

# 42. Help My om te Glo!

***En Jesus sê vir hom: "Wat dit betref – as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo." Markus 9:23***

*Matthéüs 17:9-21; Markus 9:9-29; Lukas 9:37-45*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 47*

Petrus, Jakobus en Johannes het Jesus pas in glansende heerlikheid gesien. Hulle gesigte het gegloei ná wat hulle gesien het. Daarna het hulle saam met Jesus die berg afgeklim en Hy het vir hulle gesê: "Moet asseblief vir niemand vertel wat julle gesien het voordat Ek uit die dode opgestaan het nie." Jesus het geweet dat niemand nog gereed was om hierdie gebeurtenis aan te hoor nie. Sy dissipels het gewonder hoekom Jesus van opstanding uit die dood praat. Hulle het steeds nie verstaan dat Hy binnekort sou moes sterf nie, al het Jesus hulle aanhoudend daarvan vertel.

Kort voor lank het hulle die ander nege dissipels en 'n skare mense saam met hulle, gekry. Die nege dissipels het skaam en moedeloos gelyk. Jesus het geweet wat aangaan. Hy het na sommige skrifgeleerdes en Fariseërs toe gegaan en vir hulle gevra: "Waarom redeneer julle met My dissipels?

Voordat die Fariseërs kon antwoord, het ’n man gepraat: “My seun is hier en word deur ’n bose gees gepla. Ek het U dissipels gevra om dit uit te dryf, maar hulle kon nie.” Die skrifgeleerdes en Fariseërs het die dissipels bespot, omdat hulle nie in staat was om die duiwel uit te dryf nie. Hulle het die mense laat dink dat, indien die dissipels nie 'n duiwel kon uitdryf nie, dan was Jesus miskien tog nie so magtig nie.

Jesus het met hartseer na die mense gekyk en gesê: “Julle het so min geloof.” Jesus kon mense slegs help indien hulle geloof het. Sonder geloof word Jesus verdryf. “Bring jou seun na My toe,” het Jesus beveel.

Toe die man sy seun bring, het die bose gees die seun op die grond gegooi. Die seun het op die grond gelê en styfgetrek en op sy tande gekners. Almal het met groot oë toegekyk. Jesus het gevra: “Hoe lank gebeur dit al?” “Vandat hy 'n kind was,” het die vader geantwoord. Die duiwel was so gemeen dat hy sy seun dikwels in die vuur of in die water gegooi het om hom dood te maak.

Die vader wou hê Jesus moes help, maar hy het nie regtig geglo dat Jesus magtig genoeg was om sy seun te bevry nie. Daarom het hy gesê: “As U iets kan doen, ontferm U oor ons ons en help ons!”

Jesus antwoord hom: “*As* jy kan glo, is alle dinge moontlik vir die een wat glo.” Nou het die vader verstaan dat Jesus geweet het dat hy nie in Hom glo nie. Hy het verskriklik gevoel toe hy besef dat sy seun steeds duiwelbesete was, omdat hy nie in die krag van Jesus geglo het nie. Die vader het uitgeroep en gesê: “Here, ek glo; help my in my ongeloof.”

Dit was genoeg. Natuurlik kon Jesus help! Hy het na die seun gedraai en gesê: “Jou stom en dowe gees, Ek beveel jou, gaan uit hom uit en kom nooit weer in hom nie.” Die seun het nog een keer hard geskreeu, baie styfgetrek en toe op die grond gelê, sonder om

te beweeg. Die mense rondom hom het gedink hy is dalk dood, maar Jesus het sy hand gevat en hom opgehelp. Die dankbare vader het sy seun, wat nou volkome gesond, sterk en bevry was, ontvang.

Later daardie dag het die nege dissipels vir Jesus gevra: "Hoekom kon ons nie die duiwels uitdryf nie?" Jesus het geantwoord: "Weens julle ongeloof. As julle geloof selfs so klein is soos 'n mosterdsaadjie, sal julle berge kan versit, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie."

Die nege dissipels was te besig om daaraan te dink dat Jesus koning sou word. Hulle was jaloers op Petrus, Jakobus en Johannes, wat saam met Jesus die berg opgegaan het en hulle agtergelaat het. Hulle het gedink aan hul eie behoefte om *groot* te wees, in plaas daarvan om aan Jesus te dink en hoe om liefdevol en behulpsaam soos Hy te wees. As hulle kon ophou om so baie aan hulself te dink en waarlik in Jesus kon glo, sou hulle wonderlike dinge vir God se koninkryk kon doen.

Hierdie geloof wat Jesus Sy dissipels en al die mense wat daardie dag die wonderwerk aanskou het, aangebied het, word ook vir ons aangebied. Kom ons vra vir Jesus om ons te help om meer geloof in Hom te hê!

# 43. Die Vernaamste in die Koninkryk van God

***Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele. Matthéüs 18:4***

*Matthéüs 17:22-23; 18:1-20; 20:20-28; Markus 9:30-37; 10:32-45; Lukas 9:46-48; 18:31-34.*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 48 en 60*

Jesus en Sy dissipels het na Kapérnaüm gestap. Oppad het die dissipels onder mekaar geredeneer. “Wie sal die belangrikste man in Jesus se koninkryk wees? Ek dink dit moet ek wees,” het een van die dissipels gesê. “Nee, ek is meer belangrik,” het 'n ander aangevoer. Jesus het vêr voor hulle geloop en dus het die dissipels gedink hulle kon stry sonder dat Hy daarvan sou weet. Maar natuurlik het Jesus geweet waarmee hulle besig was.

Nadat hulle by Kapérnaüm aangekom het, het Jesus Sy dissipels bymekaargeroep. “Waaroor het julle op pad onder mekaar geredeneer?” het Hy hulle gevra. Die dissipels was skielik baie skaam. Hulle het geweet hulle was selfsugtig en jaloers op mekaar en nie een van hulle het geweet wat om vir Jesus te sê nie.

Uiteindelik het een van hulle vir Jesus gevra: “Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel?” Jesus het geantwoord: “As iemand eerste wil wees, moet hy laaste van almal en almal se dienaar wees.” In God se koninkryk word belangrikheid gemeet aan liefde vir ander en om hulle eerste te stel, nie om aan onsself te dink as die belangrikste nie. Waardigheid in God se koninkryk kom van die wete dat ons vol lelike trots is en dat ons God nodig het om ons te verander.

Daarna het Jesus 'n kindjie na Hom toe geroep. Terwyl Hy die kindjie vasgehou het, het Hy gesê: “As julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie. Wie homself soos hierdie kindjie verneder, is die belangrikste in die koninkryk van die hemele.” Moet God se volgelinge soos kindertjies wees? Ja. Hoekom? Omdat God se ware volgelinge in Hom sal glo en Hom vertrou, net soos 'n klein kindjie sy ouers vertrou en glo.

Johannes het nou aan Jesus erken: “Meester, ons het iemand gesien wat in u Naam duiwels uitdryf en ons het hom gevra om op te hou, want hy volg ons nie.” Die dissipels was jaloers om te sien hoe iemand anders dinge in die Naam van Jesus doen. Maar Jesus wou hê hulle moet weet dat hulle nie jaloers hoef te wees nie. Almal wat in Jesus glo, kon vir Hom werk. Jesus het gesê: “Moenie hom keer nie; as iemand wonderwerke in My Naam doen, dan kan hy nie teen my praat nie. As hy nie teen My is nie, is hy aan My kant.”

Al het Jesus aangehou om vir die dissipels te sê dat hulle nie jaloers op mekaar hoef te wees nie en dat niemand belangriker as enigiemand anders is nie, het hulle nog steeds nie verstaan nie. ’n Paar maande later het Jakobus en Johannes, wat broers was, saam met hul moeder na Jesus gekom. Hulle moeder het al baie mooi dinge vir Jesus gedoen. Sy het vir Jesus gevra: “Laat my twee seuns asseblief in U koninkryk sit, een aan U regter- en een aan U linkerhand.” Sy het Jesus gevra om Jakobus en Johannes die belangrikste manne in Sy koninkryk te maak.

Jesus kon sien hoe lief hulle Hom het, maar ook hoe min hulle van Sy koninkryk verstaan. “Sal julle deur al die moeilikhede kan gaan waardeur Ek moet gaan?” het Hy hulle gevra. “Ons kan,” het hulle geantwoord. “Ja, julle sal deur daardie moeilikhede gaan,” het Jesus vriendelik geantwoord, “maar slegs my Vader besluit wie aan my linker- en my regterhand sal sit.”

Toe die ander tien dissipels hoor wat Jakobus en Johannes gevra het, was hulle ontsteld. Jesus het hulle almal weer bymekaar geroep en gesê: “Aardse konings is gewoond daaraan om baas te speel oor ander. Maar My volgelinge moet dit nie doen nie.”

In die Koninkryk van God is die belangrikste mense nie diegene wat oor ander baasspeel nie, maar diegene wat ander dien en help. Het Jesus aarde toe gekom slegs sodat Hy mense sou sê om te doen wat Hy wou? Nee, Hy het nie! Hy het gekom om hulle te red. Hy wil graag hê dat Sy volgelinge dit doen.

Jesus het geleef om ander te help. Hy het verlang dat Sy dissipels moet verstaan dat Sy volgelinge dieselfde sal doen, want hulle moet almal liefhê net soos God hulle liefhet. Jesus wil vir ons Sy liefde vir ander gee sodat ons ook sal lewe om ander te help en om van ons eie trots te vergeet. Is ons bereid om hierdie gawe van Jesus te aanvaar?

# 44. Muntstuk in ‘n Vis

***En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is. Johannes 8:29***

*Matthéüs 17:24-27*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 48*

Jesus en Sy dissipels het pas Kapérnaüm bereik. Die mense het hulle goed geken, omdat hulle gereeld daarheen gegaan het. Net toe kom een van die leiers van die tempel na Petrus en vra vir hom:

“Alle Jode betaal tempelbelasting. Betaal julle meester nie hierdie belasting nie?”

Hierdie vraag was 'n toets. Indien Jesus weier om die belasting te betaal, dan sou die leiers kon sê dat Jesus nie die wet nakom nie. Indien Jesus die belasting betaal het, sou Hy hulle laat verstaan dat Hy nie regtig die Seun van God is nie, want hoekom sou die Seun van God belasting moet betaal? Al het die meeste mense hierdie belasting betaal, was daar 'n groep mense wat nie nodig gehad het om dit te betaal nie. Hulle is die Leviete genoem en hulle het in die tempel gewerk. As die Leviete nie hierdie belasting betaal het nie, moet die Seun van God natuurlik ook nie gevra word om dit te betaal nie.

Petrus moes eintlik gesê het: “Laat ek met Jesus praat,” of hy kon gesê het: “Hoekom vra jy Hom nie self nie?” In plaas daarvan het Petrus belowe: “Ja, Jesus sal dit betaal.” Hy wou nie hê dat iemand moet dink dat Jesus oneerbiedig teenoor die tempel was nie.

Hierna het Petrus na die huis gestap waar hy met Jesus en die ander dissipels sou ontmoet. Jesus het reeds alles geweet van wat gebeur het. Toe Jesus Petrus by die huis ontmoet, vra Hy hom: “Wat dink jy? Neem konings belasting van hulle eie kinders of van die vreemdelinge?” “Van die vreemdelinge,” antwoord Petrus. Dit sou ondenkbaar wees vir 'n koning om sy eie kinders aan te kla. “Dan is die kinders vry,” het Jesus gesê.

Petrus het nou geweet dat hy 'n probleem veroorsaak het. Hy het nie geweet hoe om dit op te los nie, maar Jesus het. Jesus het vriendelik vir Petrus gesê: “Ons wil nie die tempelleiers beledig nie. Gaan see toe en gooi 'n vislyn met hoek in die water. Neem die eerste vis wat gevang word. Wanneer jy sy mond oopmaak, sal jy geld daarbinne kry; neem daardie geld na die tempel en gee dit aan hulle vir My en vir jou.”

Petrus het die muntstuk na die tempel geneem om die tempelbelasting vir Jesus en vir homself te betaal. Terwyl hy dit gedoen het, het hy ander vertel van die wonderwerk van hoe hy hierdie geld gekry het.

Deur hierdie wonderwerk kon die leiers sien dat Jesus geen moeilikheid wou veroorsaak nie. Dit was ook baie duidelik dat God hierdie geld vir Jesus voorsien het, want Hy was Sy Vader en het Hom alles gegee. Weereens is die mense getoon dat Jesus werklik die Seun van God is.

Jesus, die Seun van God, het vir alles volkome op Sy Vader vertrou. Hy wil hê dat ons Hom op dieselfde manier moet vertrou, want ons is ook kinders van God wanneer ons in Jesus glo. Glo ons dat God ons liefhet en alles vir ons sal voorsien wanneer ons Hom vertrou?

# 45. By die Huttefees

***Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. 1 Johannes 5:12***

*Johannes 7*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 49 en 50*

Dit was tyd vir die Huttefees, die laaste fees van die jaar. Om moeilikheid met die Joodse leiers te vermy, was Jesus daardie hele jaar nie by die feeste in Jerusalem nie. Die broers van Jesus wou hê dat Jesus die huttefees moes bywoon. “Gaan asseblief na die fees,” het hulle vir Hom gesê. Hulle wou hê Jesus moes vriende maak met die Joodse leiers en 'n magtige koning word. Hulle was ontevrede

dat Jesus net van 'n geestelike koninkryk gepraat het en blykbaar nie daarin belanggestel het om 'n aardse koning te word nie.

Jesus het vir sy broers gesê: “Gaan asseblief na die fees sonder My. Dit is nog nie tyd dat Ek gaan nie.” Jesus sou eers gaan wanneer Sy Vader vir Hom gesê het dat dit tyd is om te gaan.

Die mense wat in Jerusalem aangekom het, het rondgekyk op soek na Jesus. “Waar is Hy?” het hulle gevra. Hulle wou Hom en Sy wonderwerke sien. Die priesters het ook na Jesus gesoek, met die hoop dat Hy iets verkeerd sou doen sodat hulle Hom kon straf.

Jesus het 'n paar dae later heeltemal alleen daar aangekom. Hy het 'n ander pad gebruik om na Jerusalem te gaan, sodat minder mense Hom sou sien aankom. Toe Hy in Jerusalem aankom, het Hy na die tempel, waar daar baie mense was, gegaan. Die mense het Hom almal gesien. Skielik was almal stil en alle oë was op Jesus gerig.

Jesus het na die skare gekyk en met hulle begin praat om hulle te onderrig. Die priesters en leiers wou Jesus keer om te praat, maar hulle kon nie. Dag na dag, tot op die laaste dag van die fees, het Jesus die mense in die tempel onderrig. Hy het hulle probeer help om te sien dat die seremonies tydens die fees na Hom gewys het en dat Hy gekom het om hulle van hulle sondes te red. Hy het hulle gewaarsku dat indien hulle van Hom af wegdraai, God hulle nie meer sal kan beskerm nie en verskriklike dinge sal gebeur.

Die mense het daarvan gehou om na Jesus te luister. Die priesters het nooit aan hulle die wonderlike waarhede verkondig wat Jesus vir hulle geleer het nie. Maar die Joodse leiers was baie ongelukkig dat die mense so baie van Jesus gehou het en daarom het hulle spioene gestuur om na Hom te luister, met die hoop dat hulle Hom kon betrap dat Hy iets verkeerd sê.

“Deur watter gesag doen U hierdie dinge? Wie het gesê U mag dit doen?” het die priesters vir Jesus gevra.

“Wat Ek die mense leer, kom slegs van my Vader af,” antwoord Jesus, “En wat Ek die mense leer, verheerlik God en help mense om Sy karakter te verstaan.”

Jesus het aangehou om met hulle te praat. Hy het geweet dat, alhoewel die priesters verkondig het dat mense God se wet moet onderhou, hulle dit eintlik self oortree het, omdat hulle van plan was om Jesus dood te maak. En God se wet dui aan om nie dood te maak nie, nie waar nie? Jesus het vir hulle gevra: “Hoekom onderhou julle nie die wet nie? Julle wys dat julle God nie ken nie. As julle God geken het, sou julle Sy Seun aanneem.”

Die priesters het geweet dat Jesus reg was, maar hulle het geweier om hulle te bekeer. Gedurende die agt dae van die fees het God Jesus beskerm en die priesters kon Hom nie seermaak nie. Deur die hele fees heen kon baie mense na Jesus luister en besluit of hulle Hom as die Messías wou aanvaar of nie.

Op die laaste dag van die fees het die Fariseërs 'n paar manne gestuur om Jesus te arresteer, maar hierdie manne het sonder Jesus teruggekom. “Waarom het julle Hom nie gebring nie?” het die Fariseërs woedend gevra. Die manne het geantwoord: “Ons het nog nooit iemand hoor praat soos Jesus nie.” Al is hulle gestuur om Jesus te beskuldig en te arresteer, het hulle na Sy onderrig geluister en besef dat Jesus werklik die Seun van God was en dus kon hulle Hom nie arresteer nie. “Is julle tog nie ook om die bos gelei nie?” het die Fariseërs hulle beskuldig.

“Laat ons Hom nou net arresteer!” het die Fariseërs woedend besluit. Maar iemand het hulle gekeer en gesê: “Moenie dit doen nie! Dit is teen die wet om hom te arresteer, sonder om Hom eers kans te gee om Homself te verduidelik!” Dit was Nikodémus. Nikodémus het in Jesus geglo en alles in sy vermoë gedoen om Hom teen die Fariseërs te beskerm. Die Fariseërs het gereageer deur hom te bespot: “Is jy ook van Galiléa, soos Jesus?” Nogtans het Nikodémus hulle gekeer om Jesus te arresteer. Daardie aand het die gefrustreerde Fariseërs huis toe gegaan en Jesus het na die Olyfberg opgegaan om te oornag.

God het Jesus beskerm, sodat die Fariseërs Hom nog nie kon arresteer nie. God het toegelaat dat nog 'n paar maande verbygaan om die leiers en die res van die mense 'n geleentheid te gee om in Jesus te glo en Hom te volg. Daar is tye wanneer baie rondom ons teen die waarheid sal gaan. Sal ons soos Nikodémus dapper wees om te staan vir wat reg is?

# 46. ‘n Medelydende God

***En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie. Johannes 8:11***

*Johannes 8*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 50*

Die Huttefees het geëindig. Die priesters het gehoop om Jesus te betrap dat Hy iets verkeerd sê gedurende die fees om Hom te

arresteer, maar hulle kon nie. Die priesters 'n idee gekry: hulle sou Jesus mislei om iets verkeerd te sê.

Die dag na die Huttefees het Jesus na die tempel toe teruggegaan. Die priesters bring toe 'n vreesbevange vrou na Hom. “Ons het haar betrap waar sy die sewende gebod oortree,” het hulle vir Jesus gesê, “Moses het gesê dat mense wat dit doen, met klippe doodgegooi moet word, maar wat sê U?"

Jesus het geweet dat dit 'n strik was. As Hy vir hulle sê om die vrou te stenig, omdat sy die wet verontagsaam het, gaan hulle vir die Romeinse owerhede sê dat Hy moeilikheid maak. As Hy vir hulle sê om haar nie te stenig nie, sou hulle vir die mense sê dat Hy nie God se wet respekteer nie. Wat kon Jesus tog sê?

Jesus het nie 'n woord gesê nie. Hy het neergebuk en met Sy vinger op die grond begin skryf. Die priesters het nader gestaan om te sien wat Jesus skryf en toe baie skaam geword. Hy het hulle eie sondes op die grond geskryf. Hy het nie hulle name geskryf nie, maar hulle het geweet dat dit hulle sondes was. Toe het Jesus opgestaan en gesê: “Laat dié een van julle wat sonder sonde is, eerste 'n klip op haar gooi.” Hy het toe weer neergebuk en op die grond geskryf.

Die vyande van Jesus kon Hom van niks beskuldig nie. In plaas daarvan het hulle voor hul eie sondes te staan gekom. Hulle was skaam, maar te trots om te bieg; dus het hulle een vir een weggegaan. Kort voor lank het slegs Jesus en die vrou agtergebly.

“Waar is die manne wat jou beskuldig het? Het niemand jou veroordeel nie?” vra Jesus haar vriendelik. “Niemand nie, Here,” het sy gesê. Jesus het sagkens geantwoord: “Ek veroordeel jou ook nie. Gaan en sondig nie meer nie.” “Dankie!” het die vrou geroep.

Sy het Jesus gevra om haar te vergewe en het daarna een van Sy mees lojale gelowiges geword.

Tydens die Huttefees het Jesus mense geleer dat God altyd liefdevol en medelydend is. Hoe het Hy hierdie sondige vrou, wat die Fariseërs na Hom toe gebring het, behandel? Hy was nooit gemeen of kwaad nie; Hy het haar met vriendelikheid en deernis behandel. Hy het haar gehelp. Dit is hoe God ons ook behandel.

Jesus het teruggegaan na die tempel en die mense verder onderrig. "Sien julle hierdie hoë kandelare van die fees?" het Jesus gesê, "Ek is die lig van die wêreld; by My sal julle duidelik kan sien wat in julle lewe moet verander. Ek is ook die waarheid; Ek leer julle die waarheid omtrent die Vader. Sien julle die waterfontein van die fees? Ek is die water en saam met My sal julle weet dat julle alles het wat julle nodig het." Al die dinge wat die mense in die tempel kon sien, was veronderstel om hulle te toon wie Jesus is. Sou hulle dit aanvaar?

Die mense kon nou kies. Sou hulle Jesus aanvaar as die Seun van 'n baie liefdevolle en deernisvolle God? Ons het vandag dieselfde keuse om te maak. Glo ons dat Jesus die Seun van God is en dat beide Hy en Sy Vader vriendelik en medelydend is?

# 47. Jesus Genees 'n Blinde Man

***Ek is Jesus… Ek [stuur] jou nou om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang. Handelinge 26:15,17,18***

*Johannes 9*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 51*

Jesus het verskeie kere vir die mense gesê: "Ek is die lig van die wêreld." Die Fariseërs het nie daarvan gehou om dit te hoor nie. "Hoekom moet ons na U luister?" het hulle gevra. Hulle het so kwaad vir Jesus geword dat hulle klippe opgetel het in die hoop om dit na Hom te gooi en Hom seer te maak. Maar God het Jesus beskerm. Hy kon Homself wegsteek en die Fariseërs ontvlug na veiligheid.

Langs die pad het Jesus en Sy dissipels 'n blinde man sien bedel. Die dissipels het vir Jesus gevra: "Waarom is hierdie man blind? Is dit omdat hy gesondig het, of omdat sy ouers gesondig het?"

Jesus het geantwoord: "Hy is nie blind vir enige van hierdie redes nie. Dit is iets wat God toegelaat het sodat die werk van God in hierdie man se lewe getoon kan word." Die Jode het geglo dat wanneer 'n slegte ding met iemand gebeur, was dit omdat hulle iets verkeerd gedoen het. Maar Jesus het verduidelik dat dit nie altyd die geval is nie.

Jesus, die lig van die wêreld, het by hierdie blinde man gekom. Hy het lig vir hierdie man gebring. Jesus het langs hom gekniel, op die grond gespoeg en modder gemaak. Hy het toe die man se oë met hierdie modder bedek. Toe sê Jesus vir hom: "Gaan was jou in die

bad van Silóam.” Die man het geen vrae gevra nie; hy het Jesus eenvoudig gehoorsaam en na die bad gegaan om sy gesig te was. Daarna kon hy sien.

Die mense wat hom geken het, was verstom. Die man het anders gelyk noudat sy oë kon sien. “Is jy regtig daardie blinde man wat vroeër gebedel het?” het hulle gevra. “Ja, dit is ek,” het hy hulle verseker. Mense het hom gevra waar sy geneesheer is, maar die man het nie geweet nie.

Die Fariseërs was die enigstes wat nie gelukkig was omdat hierdie man genees is nie. “Jesus het hom op die Sabbat genees,” het die Fariseërs kwaai gesê. Hulle het vinnig die geneesde man geroep en hom baie vrae begin vra, net om hom te verwar. Toe begin hulle onder mekaar redeneer. “Jesus is nie van God nie, want Hy hou nie die Sabbat nie,” het sommige gesê. Maar ander Fariseërs het geredeneer: “Hoe kan 'n mens sulke wonderwerke doen as hy 'n sondaar is?”

Na hierdie stryery het die Fariseërs na die geneesde man gekyk en hom gevra: “Wat dink jy van die man wat jou genees het?” “Hy is 'n profeet,” antwoord die man.

Daarna het die Fariseërs die man se ouers geroep en hulle ook ondervra. Hulle wou keer dat hierdie man en sy ouers in Jesus glo. Die ouers was bang vir die Fariseërs. Hulle wou nie soveel vrae beantwoord nie en daarom het hulle gesê: “Ons seun is blind gebore. Ons weet nie hoe dit is dat hy nou kan sien nie. Vra hom, hy is self oud genoeg en sal julle self kan antwoord!”

Weer het die Fariseërs die man na hulle toe gebring. “Dit is God wat jou genees het, nie Jesus nie; Jesus is 'n sondaar,” het hulle met hom geredeneer. Hulle het aangehou om hom baie vrae te vra en het hom probeer verwar sodat hy sou ophou om in Jesus te glo. Die geneesde man het gesê: “Ek weet nie of Hy ’n sondaar is of nie; al

wat ek weet is dat ek blind was en nou sien." Na verdere ondervraging het die man net gesê: "Ek het julle alreeds vertel wat gebeur het, maar julle het nie geluister nie. Waarom wil julle dit weer hoor? Julle wil tog nie ook Sy dissipels word nie?"

Die Fariseërs het hom toe uitgeskel en aanhou probeer om die geneesde man te laat wankel in sy getuienis. Maar God het die man laat moed skep, sodat hy die regte woorde gehad het om te sê. Hy het gesê: "Net iemand wat van God kom, kon my so genees het. Dit het nog nooit voorheen gebeur nie." Die woedende Fariseërs het geweet dat hy die waarheid praat, maar hulle het gesê: "Jy mag nie meer in hierdie sinagoge inkom nie."

Die man was hartseer hieroor en het van die sinagoge af weggestap. Maar oppad het Jesus hom ontmoet en hom getroos. Die man was bly om Jesus te sien. Terwyl hulle gepraat het, het hy agtergekom wie Jesus was. Toe sê hy: "Ek glo dat U die Seun van God is," en het Jesus net daar aanbid.

Die Fariseërs het dit alles dopgehou. Jesus het na die Fariseërs gekyk en gesê: "Ek het na hierdie wêreld gekom om God se waarheid te bring. Sommige sal dink dat hulle nie hierdie waarheid nodig het nie, want hulle kan sien, maar hierdie mense is eintlik blind. En sommige sal dink hulle is blind, maar hulle sal hierdie waarheid aanvaar en my toelaat om hulle te help sien." As mense Jesus aanneem, sal hulle hul sondes raaksien en na Jesus gaan vir hulp, maar as hulle Jesus weier, sal hulle dink dat hulle niks kortkom nie, terwyl hulle eintlik vol sondes is.

"Sê jy ons is blind?" vra die Fariseërs. Jesus het sagkens geantwoord: "As julle dink julle is nie blind nie, dan behoort julle jul sondes te kan sien. Ongelukkig verwerp julle die lig wat Ek vir julle wil gee, en wil nie my hulp hê nie. So sal julle sondes steeds in julle lewens wees."

Jesus het die blinde man sig gegee en hy kon sien. Hy het ook daarna verlang om geestelike sig aan die Fariseërs te gee, sodat hulle hul sondes en hul behoefte aan God kon sien. Jesus wil ons ook help om ons eie sondes te sien, sodat Hy ons kan help om dit te verwyder. Sal jy Sy genesing aanvaar?

# 48. Liefde vir die Samaritane

***Want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. Lukas 9:56***

*Lukas 9:51-56; 10:1-24*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 53*

Jesus was op reis van Galiléa na Jerusalem. Oppad het Jesus gehoop om by Samaría te stop om te oornag. Jakobus en Johannes het vooruit gegaan om die Samaritane te vra om Jesus en Sy dissipels daardie aand te ontvang. Maar die Samaritane het geweier. Hulle het van Jesus gehou, maar hulle het nie daarvan gehou dat Hy oppad na Jerusalem was nie, want hulle het nie van die mense in Jerusalem gehou nie. “As Hy na Jerusalem oppad is, dan kan Hy nie hier oorbly nie,” het hulle geantwoord.

Die twee dissipels het na Jesus teruggekeer met die slegte nuus. Hulle was woedend vir die Samaritane, omdat hulle so lelik teenoor Jesus was. Hulle het vir Jesus gevra: “Wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elía ook gedoen het?”

Honderde jare tevore het die profeet Elía gevra dat vuur moet neerdaal om 'n paar soldate wat hom kom haal het, te

verbrand. Die vuur het wel neergedaal. Almal het gedink dat God hierdie vuur gestuur het om Elía te help, maar Jesus het nou verduidelik dat dit nie so was nie. Die vuur is deur Satan gestuur en God het dit toegelaat, omdat die soldate Hom verwerp het en Hy hulle nie meer kon beskerm nie.

Wat die dissipels aan Jesus voorgestel het, was nie 'n goeie ding nie. Jesus het met hartseer oë na hulle gekyk en geantwoord: "Die gees wat julle uitbeeld kom nie van God af nie. Die Seun van die mens het gekom om lewens te red, nie om hulle te vernietig nie. Ons sal eenvoudig na 'n ander dorpie gaan om te oornag."

Jesus het die Samaritane gerespekteer en ook geweet dat as Hy hulle meer liefde gee, hulle Hom weer sou aanvaar. 'n Paar dae later het Jesus sewentig van Sy volgelinge aangestel en hulle twee-twee uitgestuur om vir Hom sendelinge te wees. "Gaan in pare," het Jesus gesê, "en slaap waar hulle julle ook al ontvang en eet en drink wat hulle julle gee. As hulle jul nie daar wil hê nie, gaan dan beleefd weg. Ek wil graag hê dat julle eers na die stede van Samaría moet gaan."

Hierdie keer het die Samaritane die volgelinge van Jesus ontvang en baie het in Hom geglo. Hulle het besef dat, al was hulle lelik teenoor Jesus, Hy hulle net met liefde en sorg behandel het en dit het hulle harte verander.

Toe die sewentig sendelinge na Jesus teruggekeer het, was hulle bly. "Here, ons kon selfs duiwels in U Naam uitdryf," het hulle vir Jesus vertel. Hulle was in staat om hierdie dinge te doen, omdat hulle geloof in Jesus en Sy woorde gehad het. Met hierdie geloof kon hulle soveel mense seën, insluitend diegene wat hulle voorheen gedink het nie van hulle hou nie. Sal ons die oproep van Jesus aanvaar om diegene te help wat ook lelik teenoor ons is?

# 49. Die Tien Melaatses

***Maak my gesond, HERE, dan sal ek gesond word; verlos my, dan sal ek verlos word; want U is my lof. Jeremia 17:14***

*Lukas 17:11-19*

Jesus was op reis na Jerusalem en Hy het deur Samaría en Galiléa gegaan. Toe Hy in 'n sekere dorpie ingaan, kom tien manne na Hom toe.

Die mense wat saam met Jesus was, was bang. Hierdie tien manne was melaats! Melaatsheid was die vreesaanjaendste siekte in die Bybeltyd. Niemand kon dit genees nie. Melaatses moes in afsondering van ander mense lewe, want melaatsheid word maklik van een persoon na 'n ander oorgedra. So het hierdie tien manne saam buite die dorp gewoon. Hulle kon slegs tussen ander melaatses wees. Sommige van hulle was Jode en sommige Samaritane, maar hulle het bymekaar gebly, omdat hulle almal melaats was.

Hierdie melaatses het van Jesus gehoor en hulle het geweet dat Hy hulle enigste hoop was. Hulle het geglo dat Hy hulle kon genees. Hulle het nie naby Jesus gekom nie, want hulle was nie toegelaat nie, maar hulle het hard uitgeroep sodat Hy hulle kon hoor. “Jesus, Meester, wees ons genadig!”

Jesus het hulle gesien en vir hulle gesê: “Gaan toon julle aan die priesters.” Waarom het Jesus hulle na die priesters gestuur? Die priesters was aangestel om te besluit of iemand melaats is of nie. Hierdie manne sou nie in staat wees om terug te gaan huis toe na hul families nie, tensy die priesters gesê het dat hulle genees is.

Die tien manne het Jesus geglo en onmiddelik opgewonde die priesters gaan soek. Oppad na die priesters toe, sien hulle dat hulle genees is. En toe die priester hulle sien, sê hy: "Ja, julle is gesond."

So vinnig as wat hy kon, het een van die manne teruggedraai om na Jesus terug te gaan. Die hele pad het hy die Here hardop geprys, omdat hy so dankbaar was om genees te wees. Hy het Jesus gevind en voor Jesus neergeval. Hy wou hê Jesus moes weet hoe dankbaar hy was om weer gesond te wees.

Jesus het gesê: "Was daar nie tien manne wat gesond geword het nie? Waar is die ander nege? Nie een van hulle het teruggekom om eer aan God te gee nie, behalwe hierdie vreemdeling – 'n Samaritaan."

Hierdie dankbare man was 'n Samaritaan. Die Jode het gedink dat God nie soveel omgegee het vir Samaritane soos vir die Jode nie, maar Jesus het hom genees, net soos wat Hy die Joodse melaatses genees het. Hoekom was die Samaritaan die enigste een wat God gedank het?

Jesus het vriendelik vir hom gesê: "Staan op en gaan; jou geloof het jou gered."

Jesus was bereid om al tien manne te genees en Hy het ook. Hy het dit gedoen al het Hy geweet dat nie almal van hulle God sou loof vir hulle genesing nie. Hy het dit gedoen al het Hy geweet die nege sou ondankbaar wees. Hy het dit gedoen, omdat Hy geweet het dat daar ten minste een van hulle was wat eer aan God sou bring en dankbaar sou wees vir sy gesondheid.

Elke dag gee God ons seëninge. Hy gee vir ons ons huis, kos, klere, ons gesin, ons lewe en al die dinge wat ons elke dag geniet. Soms merk ons nie eers op dat hierdie dinge gawes van God is nie, of hoe? Laat ons nie ondankbaar wees soos die nege manne nie. Kom

ons dank God vir al die wonderlike gawes wat Hy elke dag aan ons gee!

# 50. Jesus en die Kindertjies

***Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. Markus 10:14***

*Matthéüs 19:13-15; Markus 10:13-16; Lukas 18:15-17*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 56*

Jesus was lief vir kinders en hulle was lief daarvoor om by Jesus te wees. Hy was altyd vriendelik en saggeaard en hulle het Sy stories geniet. Jesus het verlang dat al die grootmense rondom Hom in Hom sou glo en Hom sou vertrou soos die kinders dit so maklik en ten volle gedoen het.

Op 'n dag het 'n groep moeders gekom na waar Jesus was. Hulle het hulle kinders saamgebring in die hoop dat Hy hulle sou seën. Die kinders was ook gretig om Jesus te sien. “Asseblief, mag ons ons kinders na Jesus toe bring?” het die moeders vir die dissipels gevra, “Ons wil graag hê dat Jesus ons kinders moet seën.”

Die dissipels het gedink dat Jesus te besig was. “Moenie die Meester pla nie,” het hulle gesê en die moeders met hul kinders begin wegstuur. Jesus het die heeltyd geluister en Hy was baie hartseer dat Sy dissipels so min agting aan die kinders gegee het. Hy het Sy dissipels vinnig voorgekeer en gesê: “Laat die kindertjies na My toe kom, want die koninkryk van God behoort aan mense wat soos hulle is. Om die waarheid te sê, wie nie die koninkryk van God ontvang soos 'n kindjie nie, sal dit nie kan ingaan nie.”

Jesus wou hê dat die mense moet verstaan dat ons almal in Hom moet glo en Hom so maklik moet vertrou as wat 'n kindjie sy ouers glo en vertrou. Dit is moeiliker vir grootmense om dit te doen, maar hulle kan indien hulle na Jesus kyk en Hom vra om hulle trots weg te neem en hulle harte en gedagtes te verander. Dikwels het grootmense soveel leuens omtrent God verkondig, dat dit vir hulle baie moeite verg om hul begrip te verander en om werklik die waarheid omtrent God te glo. Dit is makliker vir kindertjies om dit te doen. Kinders is ook minder skaam as volwassenes om hulp van God te vra.

Die moeders het hulle kinders met graagte na Jesus toe gebring. Hy het die kinders in Sy arms geneem, Sy hande op hulle gelê en hulle geseën. Baie van hierdie kinders het, toe hulle grootgeword het, toegewyde volgelinge van Jesus geword. Hulle het nooit hierdie spesiale dag vergeet waarin Jesus vir hulle gewys het hoe lief Hy vir hulle is en hoe kosbaar hulle is nie.

Kinders was belangrik vir Jesus toe Hy hier op aarde was en steeds is hulle vir Hom belangrik. Selfs klein kindertjies kan volgelinge en vriende van Jesus wees. Hy wil julle gebede hoor en Hy wil julle van Homself leer deur wat julle van Hom lees en hoor. Sal julle vandag na Jesus toe kom, sodat Hy julle kan seën, net soos Hy daardie kindertjies geseën het? En moenie vergeet om jul ouers aan te moedig om ook die Here vir seën en wysheid te soek nie!

# 51. Die Ryk Jongman

***En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: Een ding kom jy kort – gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, neem die kruis op en volg My.***
***Markus 10:21***

*Matthéüs 19:16-22; Markus 10:17-22; Lukas 18:18-23*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 57*

Daar was 'n ryk jong heerser wat Jesus dopgehou het. Hy het gehoor wat Jesus aan die mense verkondig het en hy het daarvan gehou. Hy het eendag dopgehou hoe Jesus die kinders seën en het besluit om met Jesus te gaan praat. “Ek hou van hoe Hy die kinders geseën het,” het die ryk jong man gedink, “ek dink Hy kan my ook help. Ek het nog altyd al die reëls gevolg, maar ek voel of daar iets in my lewe ontbreek. Ek sal met Jesus daaroor gaan praat,” het hy gedink.

Die ryk jong heerser het na Jesus toe gekom, voor Hom gekniel en gevra: “Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen om die ewige lewe te kan hê?”

Jesus het hom vriendelik aangekyk en vir hom gevra: “Waarom noem jy My goed? Slegs God is goed.” Het hierdie jong man geglo dat Jesus slegs 'n goeie man was of het hy geglo dat Jesus die Seun van God is? Jesus wou hê hy moet hieroor nadink. Toe sê Jesus vir hom: “Om die ewige lewe te hê, moet jy God se gebooie onderhou.”

“Watter een?” het die jong heerser gevra. Jesus het hom geantwoord: “Jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy

mag geen valse getuienis gee nie, jy moet jou vader en jou moeder eer en jou naaste liefhê soos jouself."

Die man het geantwoord: "Ek het al hierdie gebooie onderhou vandat ek jonk was. Wat moet ek nog doen?"

Jesus het vriendelik en met soveel liefde in Sy hart, na hom gekyk. Hy kon sien dat hierdie jong man regtig iets meer in sy lewe wou hê. Hy het rykdom en eer gehad, maar hy het nie vrede en vreugde gehad nie en Jesus wou dit vir hom gee. Hierdie jong man het dit nog nie geweet nie, maar hy het nog nooit regtig sy hart heeltemal aan God gegee nie. Jesus het verlang dat hierdie jong heerser sy behoefte aan God moet besef en dat hy moet verstaan hoeveel sy karakter nog moet verander. Jesus wou hierdie jong man nooi om ook Sy volgeling te wees en te help om Sy werk te doen. Sou hierdie man aanvaar wat Jesus vir hom sou sê?

"Daar is nog een ding," het Jesus vir hom gesê, "As jy volmaak wil wees, gaan verkoop wat jy het en gee dit aan die armes, en jy sal ’n skat in die hemel hê. En kom volg My." Jesus het geweet dat hierdie man se rykdom vir hom belangriker was as God. Hy het sy geld liewer gehad as vir God en hy het die gevaar geloop om selfsugtig te word en die behoeftes van ander te vergeet. Sy rykdom sou hom ook keer om te verstaan hoeveel hy die Here nodig het. Rykdom is nie 'n slegte ding nie; dit kan 'n groot seën wees wanneer dit reg gebruik word. Maar wanneer rykdom in iemand se lewe belangriker word as God, dan kan dit gevaarlik wees. In hierdie man se lewe het sy rykdom 'n afgod geword.

Die jong man het na Jesus gekyk en Sy liefde aangevoel. Hy het verlang om Hom te volg. Maar hy moes nou kies tussen Jesus en sy rykdom. Hy was baie hartseer. Hoekom kon hy nie albei hê nie? Jesus het sopas vir hom gesê: "As jy dit doen, sal jy 'n skat in die hemel hê." Sou die man glo dat, toe Jesus hom gevra het om sy

rykdom prys te gee, Hy eintlik aangebied het om hom iets beters te gee?

Die jong heerser het besluit dat hy nie sy hoë posisie of sy rykdom wou prysgee nie. Hy wou Jesus volg, maar hy wou ook die goed behou wat hy reeds gehad het. Hy was bedroef en het van Jesus af weggegaan.

Hoe anders sou hierdie man se lewe tog gewees het indien hy Jesus geglo het en Hom gevolg het! Deur sy rykdom te kies, het hy getoon dat hy in werklikheid nooit waarlik God se gebooie onderhou het nie. Hy het sy rykdom meer liefgehad as wat hy vir God liefgehad het. Ongelukkig het hy die kans verwerp om een van Jesus se volgelinge en werkers te word en so het hy die rykdom van die hemel verloor.

Ons kan ook kies. Wil ons regtig vir Jesus volg in alles waarin Hy ons vra en rykdom uit die hemel ontvang, of verkies ons die dinge van hierdie wêreld, wat eendag sal verdwyn en ons leeg sal laat voel? Jesus bied vandag vir ons die keuse.

# 52. Aan die Voete van Jesus

***Martha, Martha, jy is besorg en verontrus oor baie dinge; maar een ding is nodig; en Maria het die goeie deel uitgekies wat van haar nie weggeneem sal word nie.***
***Lukas 10:41-42***

*Lukas 10:38-42*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 58*

Jesus het nie 'n huis van Sy eie gehad om elke nag daarin te slaap nie; Hy was afhanklik van vriende in verskillende dorpe wat vir Hom kos en slaapplek sou bied. Dikwels het Hy selfs buite geslaap. Natuurlik moes Jesus net soos ons almal rus, dus was Hy regtig dankbaar vir die vriende wat Hom 'n kamer in hulle huis aangebied het. Een van hierdie vriende was Lasarus en sy twee susters, Martha en Maria, wat in Betanië gewoon het. Wanneer Jesus 'n stil omgewing nodig gehad het om te rus, het Hy hulle besoek. Lasarus en sy susters het dit baie geniet om Jesus in hulle huis te ontvang en na Sy leringe te luister.

Een keer het Jesus en Sy dissipels na Betanië gegaan om vir 'n paar dae by Lasarus te bly. Soos gewoonlik het Jesus gaan sit en begin om die mense wat daar was, te leer. Een van die mense wat baie mooi na Hom geluister het, was Maria. Sy het stil gesit en luister – sy wou nie een van Jesus se woorde mis nie.

Martha het egter ander dinge in gedagte gehad. Sy was lief vir Jesus en Sy leringe, maar sy was meer bekommerd oor al die dinge wat gedoen moes word, sodat Hy en Sy dissipels almal gemaklik kon wees en goed gevoed sou wees. Sy was so besig met die kokery, met voorbereiding en om te bedien, dat sy nie daaraan gedink het om by Jesus te gaan sit om te luister nie. Maar terwyl sy haar werk gedoen het, het sy na die groep gekyk en Maria daar gesien sit. Dit

het haar ontstel. Hoekom het haar suster nie opgestaan om haar help nie?

Sonder om regtig te dink, het Martha na Jesus toe gegaan en gevra: “Here, gee U nie om dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê vir haar dat sy my moet help!”

Jesus het vriendelik na haar gekyk. Dit het gelyk of Martha dit nie besef het nie, maar sy het Jesus sopas in Sy lering onderbreek. Sy het ook vir Jesus gesê dat Hy haar probleem met haar suster moet oplos. Sy was so gefrustreerd dat sy nie eers gesien het dat sy baie lelik teenoor Jesus was nie. Maar Jesus wou haar nie hartseer maak nie. Hy het na haar gekyk en sagkens gesê: “Martha, Martha, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge, maar slegs een ding is nodig; Maria het die goeie deel gekies wat nie van haar weggeneem sal word nie.”

Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het dat net een ding nodig is? Hy het bedoel dat ons tyd moet neem om rustig by God te wees, na Sy Woord te luister en Sy Gees te ontvang. Om dit te ontvang, sal vrede en vreugde bring en dit sal ons geloof versterk. Daar is baie dinge om elke dag te doen, maar as ons nie die tyd neem om eers by God te wees nie, sal geeneen van daardie dinge saakmaak nie. Al die take wat Martha gedoen het, was belangrik, maar dit was nie so belangrik soos om na die lering van Jesus te luister nie. As sy eers gesit en luister het, sou sy en Maria later die tyd en krag ontvang het om al die ander dinge te doen. Ongelukkig was Martha so besig met ander take in die huis, dat sy nie tyd gehad het om na Jesus te luister nie; daarom het sy die belangrikste deel gemis.

Jesus was dankbaar dat Martha oor Hom besorgd was, maar wat Hy selfs meer as haar maaltye en gasvryheid wou hê, was dat sy na Sy woorde luister en dit deel van haar maak. Dit is wat Hy vir haar probeer sê het. Soos Maria, moet ons elke dag kies om eers tyd saam met Jesus deur te bring, voor ons ander dinge doen wat ons

te besig hou om by Jesus te wees. As ons Jesus eerste stel, sal Hy ons help om al die dinge te doen wat nodig is en Sy waarhede sal in ons harte en gedagtes wees terwyl ons dit doen. Gee ons elke dag ‘n deel van ons tyd vir Jesus?

# 53. Lasarus

***Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe. Johannes 11:25***

*Johannes 11:1-44*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 58*

Eendag het 'n boodskapper na Jesus gekom en vir Hom gesê: “U goeie vriend, Lasarus, vir wie U liefhet, is siek.” Maria en Martha, Lasarus se susters, wou hê dat Jesus Hom na Betanië moes haas om hom te genees. Maar Jesus het nog twee dae getalm voordat Hy die lang reis na Betanië aangepak het.

Die dissipels was verward. Hoekom het Jesus so lank gewag voordat Hy Sy vriend gaan help het? Hulle het dit nie geweet nie, maar Jesus het gewag totdat Lasarus gesterf het voordat Hy na Betanië gegaan het. Daarna het Hy vir Sy dissipels gesê: “Ons sal nou na Betanië gaan. Lasarus slaap. Ek gaan om hom wakker te maak.”

“O, beteken dit dat hy nou gesond word?” het die dissipels vrolik gevra. “Nee,” antwoord Jesus, “Lasarus is dood. Maar wat nou gaan gebeur, sal julle geloof versterk.” Jesus moes van Lasarus se huis wegbly en toelaat dat hy sterf, sodat 'n wonderlike wonderwerk verrig kon word – 'n wonderwerk wat al die volgelinge van Jesus sou versterk. Deur hierdie wonderwerk sou selfs die priesters en

leiers en diegene wat Jesus gehaat het, 'n kans kry om Hom te aanvaar.

Toe Jesus by die huis van Lasarus aangekom het, was dit reeds vol mense vir die begrafnis. Hy het die susters geroep. Eers het Martha na Jesus toe gekom. Sy het vir Hom gesê: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie.” Sy kon nie verstaan hoekom Jesus haar broer laat sterf het nie, maar sy het steeds geglo dat Jesus hulle liefhet. Sy het gesê: “Ek weet dat God selfs nou vir U alles sal gee wat U van Hom vra.”

“Jou broer sal opstaan,” het Jesus haar verseker.

“Ja,” het sy gesê, “ek weet dat hy in die opstanding op die laaste dag sal opstaan.”

Jesus het vir haar gesê: “Ek is die opstanding en die lewe. Glo jy dit?” Martha het geantwoord: “Ja, Here, ek glo dat U die Christus, die Seun van God is, wat na die wêreld gestuur is.” Sy was seker dat Lasarus eendag weer opgewek sou word, maar sy het nie gedink dat Jesus hom onmiddellik sou opwek nie.

Daarna het Maria na Jesus gekom, gekniel voor Sy voete en ook vir Hom gesê: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie.” Jesus was baie hartseer en het haar teer gevra: “Waar het julle hom neergelê?” Die susters het Hom dadelik na die graf geneem waar hulle Lasarus neergelê het.

Toe het Jesus gehuil. Die mense het probeer verstaan hoekom Hy huil. “Hy het sy vriend regtig liefgehad,” het hulle vir mekaar gesê, “waarom het Hy hom nie genees nie?” Maar Jesus het nie gehuil slegs omdat Lasarus dood was nie. Hy het gehuil omdat Hy die pyn en hartseer van Sy vriende kon aanvoel. Hy het ook die pyn gevoel wat sonde al duisende jare lank aan mense bring. Terwyl Hy na die groep mense daar gekyk het, het Hy geweet dat baie van hulle Hom

nooit as hulle Verlosser sou aanneem nie, maar van plan was om Hom dood te maak, terwyl Hy maar slegs lewe aan hulle wou gee. Daarom het Jesus gehuil.

Hulle het by die graf van Lasarus aangekom. Dit was 'n grot wat deur 'n baie groot en swaar klip bedek was. Jesus het beveel: “Neem die steen weg.” Sou sy vriende genoeg geloof in Hom hê om die graf oop te maak? Aanvanklik het Martha gesê: “Maar, Here, hy ruik al, want hy is al vier dae dood.” Jesus het sagkens na haar gekyk en gesê: “Het Ek nie vir jou gesê dat as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?” Dit was genoeg vir Martha om te glo. Die steen is weggerol en die mense het gekyk. Sou Jesus werklik vir Lasarus weer lewend kon maak?

Jesus, wat langs die graf gestaan het, het hardop gebid: “Vader, Ek dank U dat U My verhoor het, en Ek weet dat U My altyd verhoor, maar Ek sê dit ter wille van die mense wat hier staan, sodat hulle kan glo dat U my gestuur het.” Jesus het die mense laat weet dat Hy die Seun van God is en Sy wonderwerk sou dit bewys.

Toe het Jesus hard en duidelik gesê: “Lasarus, kom uit!” Die mense het stil toegekyk hoe Lasarus opstaan en uitkom. Hy was steeds toegedraai in die doeke wat hulle vir die begrafnis om hom gedraai het. “Maak hom los en laat hom gaan,” het Jesus teer beveel. Sy vriend sou nie meer daardie grafdoeke nodig hê nie – hy was terug by sy gesin, heeltemal sterk en gesond. Die Seun van God, die Gewer van lewe, die Hersteller, het Lasarus sy lewe teruggegee. En Hy wil ook vir ons lewe gee. Sal jy die lewe aanvaar wat Hy vir jou wil gee?

# 54. Saggéüs

***Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was. Lukas 19:10***

*Lukas 19:1-10*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 61*

Jesus was oppad na Jerusalem en het deur Jerigo gegaan. Daar was 'n man met die naam Saggéüs wat in Jerigo gewoon het en Jesus wou ontmoet, dus het Jesus soontoe gegaan.

Saggéüs was 'n Joodse tollenaar. Hy was baie ryk en mense het nie van hom gehou nie, want hulle het geweet dat hy ryk geword het, omdat hy mense te veel geld vir belasting gehef het. Maar Saggéüs was besig om te verander. Hy het geluister na Johannes die Doper se preke by die Jordaan. Hy het opgehou om mense ekstra geld te vra en hul om vergifnis begin vra, maar die meeste mense het nie geglo dat hy verander het nie, dus het hulle hom steeds verafsku.

Nadat Johannes die Doper gesterf het, was Saggéüs baie hartseer, maar hy was weer hoopvol toe hy van Jesus hoor. Toe hy hoor dat Jesus na Jerigo kom, het hy verlang om Hom te sien. As hy maar net 'n blik op Jesus kon kry, het hy geweet dat hy die krag sou vind om geestelik te groei.

Eendag het hy gehoor dat Jesus in Jerigo aangekom het. Hy het vinnig na Jesus gaan kyk, maar daar was net te veel mense. Saggéüs was 'n baie, baie kort man, dus was al die mense rondom hom baie langer as hy en het hom verhinder om Jesus te sien. Maar Saggéüs was baie gretig om vir Jesus sien! Hy het 'n wildevyeboom gesien en besluit om daarin te klim, sodat hy 'n beter uitsig kon kry. Hy het nie omgegee dat mense dink dit is skandelik vir 'n ryk en belangrike man om in 'n boom te klim nie – hy wou net vir Jesus sien!

Saggéüs het gekyk hoe Jesus en die skare nader aan die boom kom. Hy was maar te bly om net na Jesus te kyk; hy het nie verwag dat Jesus eintlik onder die boom sou stop en met hom sou praat nie – maar Jesus het juis dít gedoen!

"Saggéüs," het Jesus gesê en en na die tollenaar opgekyk, "Klim gou-gou af, want Ek moet vandag by jou aan huis oorbly."

Wou Jesus by *sy* huis oorbly? Dit het Saggéüs baie bly gemaak! Hy het gedink hy sou net 'n blik op Jesus kry, maar nou het Jesus aangebied om in sy huis oor te bly en persoonlik tyd saam met hom deur te bring! Die priesters was ook verstom. Hulle het na mekaar gekyk en gesê: "Waarom sou Jesus in die huis van 'n sondaar wou oorbly?"

Saggéüs het vinnig uit die boom geklim. Hy het geweet wat die priesters en die res van die mense van hom dink. Hy wou hê almal moes weet dat hy regtig wou verander en dat hy werklik berou gehad het. Net daar, voor almal, het Saggéüs gestaan en vir Jesus gesê: "Here, kyk, ek sal die helfte van my besittings aan die armes gee. En aan dié wat ek bedrieg het, sal ek vier keer soveel teruggee as wat ek van hulle geneem het."

Jesus het vir Saggéüs gesê: "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom." Jesus het Saggéüs bemoedig, want Hy het geweet dat hy al geruime tyd na God se Gees geluister het, hom bekeer en verander het. Jesus het afgesluit deur vir die mense te sê: "Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore is." Hy het die mense daaraan herinner wat Sy werk was: om almal te kom red wat redding nodig het. En wie benodig verlossing? Almal van ons, elke persoon! As ons almal volmaak was, sou Jesus nooit nodig gehad het om aarde toe te kom om ons te red nie. Hy wil baie graag hê dat ons na Sy Gees moet luister en Hom aanneem, sodat

Hy ons kan verander en red. Saggéüs het nou al 'n geruime tyd juis dit gedoen.

Hoe bly was Saggéüs tog om Jesus in Sy huis te hê! Hoe bly was Jesus tog om tyd saam met Saggéüs deur te bring en hom te help! Saggéüs en sy gesin was van toe af volgelinge van Jesus.

Ons kan ook kies om na die Gees van God te luister, net soos Saggéüs gedoen het. Sal jy vir Jesus vra om deur Sy Gees vir jou te wys hoe jy moet verander? Sal jy Hom toelaat om jou te help?

# 55. Bartiméüs

***Die HERE open die oë van die blindes; die HERE rig die wat geboë is, op; die HERE het die regverdiges lief. Psalms 146:8***

*Matthéüs 20:29-34; Markus 10:46-52*

Bartiméüs en sy vriend het langs die pad net buite Jerigo gesit. Elke dag het hulle daar gesit en bedel vir kos of geld. Hulle het dit gedoen, omdat hulle albei blind was.

Eendag het hulle ‘n skare mense uit Jerigo hoor kom. Hulle het gewonder wat aangaan. Toe hoor hulle dat Jesus van Násaret pas in Jerigo aangekom het. Daar was 'n groot menigte, want al hierdie mense het Hom gevolg! Hulle het gehoor dat Hy mense kon genees. Hulle het ook gehoor dat Jesus selfs sondes vergewe. Trouens, Hy het onlangs Saggéüs, die tollenaar, vergewe!

Bartiméüs wou regtig weet dat God sy sondes vergewe het. Hy was nie 'n goeie man nie. Hy was nou 'n blinde bedelaar, omdat hy nie 'n goeie lewe gelei het nie. Hy was jammer oor sy sondes en wou

verander. Hy was bereid om vir die res van sy lewe blind te wees, maar hy wou seker wees dat God hom vergewe het en dat hy kon verander.

Bartiméüs en sy vriend het hard begin uitroep: “Wees ons genadig, Here, Seun van Dawid!” Hulle uitroepe het die mense rondom hulle gepla en daar is vir hulle gesê om op te hou. Maar Bartiméüs wou nie ophou nie. Hy en sy vriend het al harder uitgeroep: “Here, Seun van Dawid, wees ons genadig!”

Jesus het die geroep van hierdie twee blinde manne gehoor. Hy het hul hartseer stories geken. Hy het opgehou loop, gaan stilstaan en hulle geroep om na Hom toe te kom.

Iemand het na Bartiméüs en sy vriend gekom en gesê: “Goeie nuus! Staan op! Hy roep vir julle!” Die twee manne het Jesus hoor roep en hulle het niemand nodig gehad om hulle te kom haal nie. Al was hulle blind, het hulle hul bo-klere op die grond gelos, opgestaan en so vinnig as moontlik nader aan die stem van Jesus gestruikel-val om by Hom te kom.

Bartiméüs was baie gelukkig. Jesus was genadig! Hy was bereid om hulle te help! Toe hulle by Jesus kom, het Hy hulle vriendelik gevra: “Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?”

Wat Bartiméüs die meeste van alles wou hê, was om van sy sondes vergewe te word. Hy wou hê dat sy sondige hart genees moes word. Maar nou het hy ook geglo dat Jesus sy sig kon genees. Hy het vir Jesus gesê: “Dat ons oë geopen mag word.”

Jesus het hulle innig jammer gekry en hul oë aangeraak en met blydskap gesê: “Gaan, julle geloof het aan julle genesing gebring.” Dadelik het Bartiméüs en sy vriend hul sig gekry. Hulle kon nou sien! Hulle oë kon sien, maar hulle harte kon ook die liefde en goedheid

van God sien. Hierdie twee blye manne het Jesus daardie dag begin volg.

Jesus wil ons ook ons geestelike sig gee. Hy wil hê ons moet Sy waarhede, Sy liefde en goedheid sien. Sal jy Hom vra om jou daardie sig te gee?

# 56. Nardussalf vir Jesus

***En wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur. Efésiërs 5:2***

*Matthéüs 26:6-13; Markus 14:3-11; Lukas 7:36-50; Johannes 11:55-12:11*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 62*

Jesus het in Betanië by Sy dierbare vriende Lasarus, Maria en Martha oorgebly. Terwyl Hy daar was, het 'n Fariseër genaamd Simon 'n groot ete vir Hom en Sy vriende gegee. Simon was dankbaar teenoor Jesus, omdat Jesus hom van die verskriklike siekte van melaatsheid genees het. Natuurlik was Lasarus ook by die fees. Martha het aan tafel bedien en Maria het 'n spesiale geskenk vir Jesus voorberei.

Maria was baie dankbaar teenoor Jesus. Hy het haar sewe keer van duiwels bevry. Toe ander gedink het dat sy geen hoop het nie, was Jesus altyd bereid om haar te help, totdat sy uiteindelik vry was van haar sondes. Sy wou iets spesiaals vir Jesus doen en het vir baie maande geld gespaar om vir Hom die duurste nardusparfuum te koop – die soort wat vir konings gebruik was.

Nou, tydens hierdie spesiale ete, het sy besluit om vir Jesus haar geskenk te gee. Sy het stilletjies die parfuum gebring, die albaste fles oopgebreek en dit op Jesus uitgegooi, sommige op Sy hoof en sommige op Sy voete. Toe het sy langs Sy voete neergekniel en begin huil, want haar gemoed was vol oor Sy liefde en genade teenoor haar; sy was baie dankbaar teenoor Hom. Terwyl sy gehuil het, het haar trane op Jesus se voete geval. Sy het dit met haar lang hare afgedroog.

Sy het gehoop niemand sal agterkom wat sy doen nie, maar die heerlike reuk van die parfuum het die vertrek gevul. Sy het gehoor hoe die dissipels vir mekaar fluister. Judas se woorde was: “Wat 'n vermorsing! Hierdie parfuum kon vir 300 silwerstukke verkoop gewees het en daardie geld kon gebruik gewees het om die armes te help.” Die res van die dissipels het met hom saamgestem.

Maria het verleë en verward gevoel. Sy kon nie verduidelik wat sy gedoen het nie; sy het gevoel dat sy haar liefde en dankbaarheid aan Jesus moes wys en dit was hoe sy dit gedoen het. Sy het nie geweet dat die Gees van God haar die idee gegee het om dit so te doen nie. Sy het net gedink: “*Is Lasarus en Martha ook geïrriteerd oor wat ek gedoen het? Is Jesus nou ook ontsteld?*” Sy het vinnig die vertrek probeer verlaat, maar Jesus het begin praat.

Hy het eers met die dissipels gepraat: “Laat haar staan. Hoekom pla julle haar? Sy het 'n goeie ding gedoen. Julle sal altyd die armes by julle hê, maar My het julle nie altyd nie. Sy het alles vir my gedoen wat sy kon, net voor my begrafnis.”

Maria was verlig. Jesus het haar geskenk aangeneem! Sy het nie nodig gehad om aan enigiemand te verduidelik hoekom sy dit gedoen het nie. Jesus het gesê: “Waar die evangelie ook al oor die hele wêreld verkondig word, sal mense onthou wat sy vandag hier gedoen het.”

Die parfuum wat uitgegiet was, was nie vermors nie; dit was 'n pragtige les van liefde en dankbaarheid. Maria wou niks anders as die allerbeste vir Jesus hê nie, want Hy het alles vir haar gegee. Jesus was vervul met vreugde toe Hy besef het dat ten minste een persoon Sy liefde vir ons verstaan het. Al het Maria niks gesê nie het die reuk van die parfuum die hele vertrek gevul en almal het dit opgemerk. Op dieselfde manier, as ons Jesus liefhet en dankbaar teenoor Hom is vir alles wat Hy vir ons doen, sal ander mense, al sê ons niks nie, dit opmerk. Met hierdie liefde van Jesus sal die evangelie aan die hele wêreld verkondig word.

Nie almal het gehou van wat Jesus gesê het nie. Judas was woedend dat Jesus nie met hom saamgestem het nie; dat Jesus eerder Maria verdedig het. Hy het nie regtig omgegee vir die armes nie; hy was net ongemaklik met Maria se liefdesdaad teenoor Jesus. Hy was so kwaad dat hy besluit het om Jesus te verraai. Daardie selfde nag het hy na die hoëpriester gegaan en aangebied om Jesus aan hulle oor te gee vir 30 silwerstukke.

Simon, wat die ete aangebied het, het ook nie daarvan gehou nie. Hy het gedink: "As Jesus 'n profeet was, sou Hy geweet het hoe sondig hierdie vrou was." Dit was onregverdig dat hy so gedink het, want hy was die een wat Maria in die eerste plek in sonde in gelei het. Jesus het dit geweet en Hy het 'n gelykenis vertel sodat Simon die les sou sien sonder om skaam te wees voor al die gaste.

"Simon," het Jesus gesê, "daar was eenkeer twee manne wat geld geskuld het. Een van hulle het 50 silwer munte geskuld en die ander 500. Nie een van hulle kon hul skuld betaal nie, dus het die skuldeiser hulle albei vrygeskeld van hul skuld. Watter een dink jy sal die skuldeiser meer liefhê?"

"Die een wat meer geskuld het, sal hom meer liefhê," het Simon geantwoord. "Dis reg," sê Jesus. "Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis ingekom, maar jy het my nie water vir my voete gegee nie, tog

het Maria my voete gewas en dit met haar hare afgedroog. Jy het my nie met 'n soen gegroet nie, maar Maria het my voete gesoen. Sy het baie liefde betoon, want haar groot hoeveelheid sondes is alles vergewe. Maar dié wat net ’n bietjie vergewe is, sal net ’n bietjie liefhê.”

Jesus kyk toe vriendelik na Maria en sê vir haar: “Jou sondes is vergewe. Jou geloof het jou gered; gaan in vrede.”

Simon was daarna nooit weer dieselfde nie. “Nou verstaan ek,” besef Simon. “Ek het gedink my sondes is nie so erg nie, dus het ek nie besef hoeveel vergifnis ek nodig gehad het nie. Ek was nie so dankbaar teenoor Jesus soos ek behoort te wees nie.” Daarna het Simon hom van sy sondes bekeer en hy het Jesus liefgehad. Hy het 'n getroue volgeling van Jesus geword.

Die liefde wat Maria vir Jesus gevoel het, kan ons s'n wees. Hoe meer ons verstaan hoeveel Jesus vir ons gedoen het en doen, hoe meer dankbaarheid en liefde sal ons ervaar. Ons hoef nie veel te sê nie; mense sal slegs deur ons leefwyse agterkom as ons Jesus liefhet. Kom ons vra Jesus om vir ons Sy liefde te toon en ons te help om te sien wat Maria gesien het. Met hierdie liefde sal ons lewens die evangelie aan die hele wêreld verkondig.

# 57. Die Intog van Jesus in Jerusalem

***VERHEUG jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en ‘n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel – op 'n jong esel, die vul van 'n eselin. Sagaría 9:9***

*Matthéüs 21:1-11; Markus 11:1-10; Lukas 19:29-44; Johannes 12:12-19*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 63 en 64*

Die dag na die fees by Simon se huis het Jesus twee dissipels gevra om na 'n nabygeleë dorpie te gaan. “Daar sal julle 'n eselin, met ‘n jong donkie, 'n vul, vind wat vasgemaak is; maak haar los en bring hulle vir My. Wanneer iemand vir julle iets sê, sê vir hulle dat die Here hulle nodig het.” Jesus was op die punt om 'n profesie in Sagaría te vervul, wat gesê het dat hul Koning na hulle in Jerusalem sou kom en Hy sal op 'n esel ry.

Die dissipels was baie opgewonde. Hulle het die esel en die vul na Jesus gebring en terwyl hulle dit doen, het hulle vir almal vertel wat aan die gebeur was. *“Uiteindelik*,” het hulle gedink, “*sal Jesus in Jerusalem inkom om Homself Koning te maak!”* Die res van die mense het dieselfde gedink en gou was daar groot skares wat gereed was om te kyk hoe Jesus op die esel in Jerusalem inkom.

Al het Jesus geweet dat die mense nie verstaan wat Hy doen nie, moes Hy dit in elk geval doen. Hy het dit gedoen, omdat die profeet Sagaría geskryf het dat dit sou gebeur. Die ander rede was dat dit baie belangrik was vir al die mense om Hom raak te sien. Hulle sou Hom soos 'n koning op 'n esel sien ry. Daarna sou hulle Hom aan die kruis sien. Wanneer hierdie mense die Skrif bestudeer, sou hulle verstaan dat Jesus die profesieë volmaak vervul het en dat Hy werklik die Seun van God is.

Soos Jesus op die esel gery het, het meer en meer mense saamgedrom. Hulle het begin palmtakke swaai, lofliedere sing en hardop uitgeroep: *"Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Hosanna in die hoogste hemel!"* Diegene wat Jesus genees het, het die hardste van almal gesing. Die mense het met vreugde hul klere op die pad oopgegooi en ook palm- en olyftakke op die pad gegooi vir die esel om op te loop, net soos hulle vir 'n koning sou gedoen het.

Die priesters was egter glad nie gelukkig nie. Hulle het probeer om die skare stil te maak, maar niemand het aan hulle aandag gegee nie. Die priesters het vir Jesus gesê: "Meester, bestraf U dissipels!" Maar Jesus het beleefd geantwoord: "As hierdie mense stilbly, dan sal die klippe uitroep." Hierdie oomblik was geprofeteer, dat indien mense nie God se planne gevolg het nie, dan sou die klippe wel.

Die priesters het na 'n paar Romeinse soldate gegaan en gesê: "Doen asseblief iets om hierdie man te keer!" Maar toe die soldate na Jesus kyk, het hulle gesien dat Hy sagmoedig en goed was en niks verkeerd doen nie. Hulle het so baie van Jesus gehou dat hulle, in plaas daarvan om Hom te arresteer, die priesters tereggewys het, omdat hulle moeilikheid veroorsaak het!

Uiteindelik het Jesus by die rand van 'n heuwel gekom en daar het Hy die esel gestop. Almal het uitgekyk op Jerusalem en die pragtige tempel daarin. Die mense het almal na die pragtige stad gekyk en die uitsig geniet. Maar toe kyk hulle na Jesus en hulle sien dat Hy, in plaas daarvan om die uitsig te geniet, begin huil het. Hy was so gevul met hartseer dat Sy hele liggaam gebewe het terwyl Hy gehuil het. Die mense het stil toegekyk. Hulle kon nie verstaan hoekom Jesus huil nie. Waarom was Hy nie bly na al die lof wat hulle vir Hom besing het nie?

Jesus het gehuil, omdat Hy geweet het dat die meeste van die mense in Jerusalem Hom nie as hulle Verlosser sou aanvaar nie, al het hulle nou lofsange tot Hom gesing. Hierdie selfde mense sou Hom binnekort kruisig. Hierdie mense sou God binnekort uit hulle lewens uitsluit en Hy sal hulle moet verlaat en Satan moet toelaat om met hulle te doen wat hy wil. Hy het geweet hulle sou ly. Jesus was so lief vir hulle dat dit Hom seergemaak het om te weet Hy sou hulle verloor.

Jesus wou nie die mense van Jerusalem prysgee nie; hulle was Sy mense wat Hy vir honderde jare gekoester het. Hulle het nog tyd gehad om in Hom as hulle Verlosser te glo. Maar indien hulle dit nie sou doen nie, sou dit te laat wees – dit sou hul finale besluit wees en Jesus sou hul keuse moes respekteer.

Ons het ook die kans om Jesus te kies. Hy wil ons Verlosser wees, die Koning van ons harte. Hy wil vir ons 'n pragtige karakter van liefde en sagmoedigheid soos Syne, gee. Hy wil ons Beskermer wees. Besef ons wat dit beteken wanneer ons 'n ander koning as Hy kies?

# 58. Jesus se Laaste Besoek aan die Tempel

***Jerusalem, Jerusalem… hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Matthéüs 23:37***

*Matthéüs 21:12-17,23-27; 22:15-46; 23; Markus 11:15-19,27-33; 12:13-40; Lukas 19:45-48; 20:1-8,20-47.*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 65 tot 67*

Jesus het by die voorhof van die tempel gestaan. Dit was vol selfsugtige verkopers wat diere ten duurste verkoop het en uit besoekende gelowiges voordeel getrek het. Daar was baie geraas. Dit was onmoontlik om daar te aanbid en dit het Jesus hartseer gemaak. Drie jaar tevore het Hy die tempel skoongemaak. Hy sou dit nou weer moes doen, want Hy wou tyd in die tempel deurbring om die mense voor Sy dood te onderrig. Hy wou veral die priesters bereik.

Eers het Jesus na die mense gestaan en kyk. Almal het stil geword en al het Jesus niemand aangeval nie, was hulle bang. Hy het eenvoudig gesê: "Daar is geskrywe: My huis word 'n huis van gebed genoem, maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak. Neem hierdie goed hier weg." Net soos die eerste keer was die oneerbiedige verkopers en priesters ontsteld en het die tempel so vinnig as wat hulle kon, verlaat.

Baie mense het vinnig weggegaan, maar ander het gebly. Jesus het die evangelie met graagte aan hierdie mense verkondig en hulle siekes genees. Hy het die kinders wat daar was geseën en van hulle het op Sy skoot geklim en daar aan die slaap geraak. Die mense was

so gelukkig en het soveel vrede ervaar, dat hulle daar in die tempel vir Jesus lofsange toegesing het. Selfs die kinders het gesing.

Kort daarna het van die priesters wat weggehardloop het, na die tempel teruggekeer. Toe hulle hoor dat mense besig was om Jesus te prys, was hulle ontsteld. “Laat hulle ophou!” het hulle Jesus beveel. Maar Jesus het geantwoord: “Die Skrif sê dat uit die mond van kindertjies sal lof kom.” Die kinders het die waarheid omtrent Jesus gesing, dus het Jesus hulle nie gekeer nie.

Die priesters besluit toe om vir Jesus moeilike vrae te vra, met die hoop dat Hy iets verkeerd sou sê, sodat hulle Hom kon straf. Jesus het geweet hulle het aandagtig na Hom geluister en daarom het Hy vir hulle gelykenisse vertel om hulle te help om hul gevaar in te sien. Hulle het die kans gehad om hulself te bekeer en Jesus as die Messías te aanvaar, maar ongelukkig was hulle te trots om dit te doen.

“Deur watter gesag doen U hierdie dinge en wie het U hierdie gesag gegee?” het hulle vir Jesus gevra. Jesus het geweet wat hulle probeer doen en daarom het Hy hulle 'n vraag gevra: “Toe Johannes die Doper mense gedoop het, was dit uit God of uit mense?” Die priesters was nou vas. Hulle het geweet die mense glo dat Johannes die Doper uit God was, maar as hulle dit sou sê, dan sou Jesus vir hulle kon vra: “Waarom glo julle dan nie in My nie, aangesien Johannes gesê het Ek is die Lam van die God?” Maar indien hulle sê dat Johannes se doop nie uit God was nie, dan sou die mense vir hulle kwaad word. Uiteindelik het hulle geantwoord: “Ons weet nie.” “Dan sal Ek julle ook nie sê deur watter gesag Ek hierdie dinge doen nie,” het Jesus geantwoord.

Toe stuur die Fariseërs ’n jong man om vir Jesus ’n strikvraag te vra: “Moet ons belasting aan die keiser betaal of nie?” Jesus het geweet dit was 'n strikvraag, maar Hy het geweet hoe om dit te beantwoord. “Wys My die muntstuk,” het Hy gesê. Toe hulle dit vir

Hom wys, het Hy gevra: “Wie se gesig is op hierdie muntstuk?” “Die keiser s'n,” het hulle geantwoord. “Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom,” het Jesus geantwoord. Die Fariseërs was verstom oor Jesus se antwoorde. Hy het duidelik aangedui dat ons God eerste moet gehoorsaam en dat ons die wette van ons land moet gehoorsaam solank dit nie teen die wet van God is nie.

Die Fariseërs en Sadduseërs het meer mense gestuur om vir Jesus moeilike vrae te vra, maar Jesus het goeie antwoorde vir almal gehad. Hulle kon niks verkeerd vind in wat Jesus gesê het nie. Uiteindelik het Jesus vir hulle 'n moeilike vraag gevra. Hy het gevra: “Wie se Seun is die Messías?” Hulle het geantwoord: “Hy is die Seun van Dawid.” Toe het Jesus gevra: "As die Messías die Seun van Dawid is, waarom noem Dawid Hom dan Here?" Niemand noem sy seun “Here” nie, nie waar nie? Almal het stil geraak. Nadat Jesus dit gevra het, het die Fariseërs en Sadduseërs opgehou om vir Hom vrae te vra. Jesus kon voortgaan om die mense te leer.

Dit was die laaste keer dat Jesus by die tempel onderrig gegee het. Hierna sou Hy nooit weer terugkeer nie. Trouens, God se teenwoordigheid sou hierdie tempel binnekort, vir altyd verlaat. Met trane het Jesus gesê: "O Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en dié stenig wat God na jou toe stuur, maar Ek wou dikwels jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak en julle wou dit nie aanvaar nie!"

Hierna het Jesus en Sy dissipels die tempel verlaat. Hy het Sy werk daar voltooi. Dit was nou vir elke persoon om self te besluit of hy Jesus as die Messías sou aanvaar of nie, maar Israel as 'n nasie het as gevolg van die leiers se besluite, Jesus verwerp.

Jesus nooi ons almal uit om na Hom op te kyk en Hom as ons Verlosser te aanvaar. Ons kan kies om Sy sorg en beskerming te ontvang, of ons kan hardkoppig en trots wees soos die

skrifgeleerdes en priesters. Watter een verkies jy? Sal ons probeer om ‘n verhouding met Christus te hê?

# 59. Die Vyeboom

***Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. Efésiërs 2:8,9***

*Matthéüs 21:17-22; Markus 11:11-14*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 64*

Jesus was 'n paar dae besig om in die tempel te onderrig, maar saans het Hy na Betanië teruggestap om daar te oornag. Een oggend, toe Hy teruggekeer het na die tempel, het Hy verby verskeie vyebome geloop. Hy was honger en het gesien dat een van die bome vol groot, groen blare was. Gewoonlik het die vyebome met groot blare ook vrugte gedra. Maar toe Jesus nader aan die boom kom, sien Hy dat die boom slegs blare het; dit het geen vrugte gehad nie. Jesus het met die boom gepraat en gesê: “Laat geen vrugte van nou af van jou af kom nie.” Daarna het Jesus en Sy dissipels weggegaan.

Die volgende oggend, toe hulle verby hierdie selfde boom stap, sien hulle dat dit totaal verdroog het. Die dissipels was verstom. Hulle het gewonder hoekom Jesus dit aan die boom gedoen het. Jesus vernietig nooit enigiets nie; Hy herstel altyd. Hoekom het Hy dit gedoen? “Meester,” het Petrus gesê, “kyk, die vyeboom wat U vervloek het, het verdroog.”

Jesus het dit as 'n gelykenis gedoen. Hy moes vir Sy dissipels iets wat regtig belangrik is, wys. Die Joodse nasie, met sy pragtige

tempel en al sy seremonies, was soos daardie pragtige groen vyeboom met baie blare. Die boom het gesond en sterk gelyk. Die Joodse nasie het gelyk asof hulle besig was om God se werk te doen, deur die tempel te versorg en al die offers te bring. Ongelukkig, toe Jesus mooi gekyk het, het Hy geen vrugte aan die vyeboom gevind nie. Op dieselfde manier het die Jode ook geen geestelike vrugte gedra nie. Hulle het nie die vrug van die Gees, soos vriendelikheid, vrede en sagmoedigheid, in hulle karakters gehad nie.

Die vyeboom sonder vrugte was nutteloos. Niemand wou 'n vyeboom sonder vrugte hê nie! Net so kan mense sonder die vrugte van 'n goeie karakter nie God se koninkryk binnegaan nie. Hoekom nie? Want om hierdie vrugte voort te bring, het ons geloof nodig. As ons nie geloof het nie, sal ons nie eers daarin belangstel om deel van God se koninkryk te wees nie. Andersins, as ons geloof in God het en Sy woorde glo, kan Sy Gees ons harte verander en ons sal pragtige karakters hê wat geskik is vir die hemel, net soos 'n boom wat lieflike vrugte voortbring.

Die Jode, sonder die vrug van die Gees, het ander nasies verwar en verhinder om God te leer ken. Ander nasies sou na hul pragtige tempel, hul boekrolle en hul offers kyk en hulle sou kon dink dat dit wonderlik was. Maar wanneer hulle van nader kennis maak, sou hulle vind dat die Joodse leiers geen liefde, geen vreugde, geen vrede en geen sagmoedigheid gehad het nie en hulle sou dan wegdraai.

Hoe kan ons die vrugte van die Gees ontvang? Deur geloof te hê, wat die Gees van Jesus in ons lewens inlaat. Die vyeboom het gesterf, omdat hy opgehou het om die water te ontvang wat hom aan die lewe gehou het; dit het uitgedroog. Net so, indien Israel aanhou om Jesus te verwerp, sou hulle hul geestelike watervoorraad verloor. Hulle sou God se beskerming verloor. Jesus is deur Sy Gees ons geestelike waterbron en Hy is die enigste een wat ons lewe kan gee.

Jesus het aan Sy dissipels verduidelik: “As julle geloof het, sal julle nie net dit aan die vyeboom kan doen nie; julle sal vir 'n berg kan sê om op te staan en homself in die see te werp en dit sal so wees indien julle nie in jul harte twyfel nie. Wat julle ook al in gebed vra, deur te glo, sal julle ontvang.” Daar is soveel dinge wat God graag vir ons wil doen, maar ons moet geloof in Sy woorde hê om dit te verkry.

Ons kan kies om soos die vrugtelose vyeboom te wees, of ons kan kies om die geloof te hê wat pragtige vrugte in ons karakter voortbring. Kom ons vra Jesus vir hierdie geloof. Hy vertrou volkome op Sy Vader. Hy sal met graagte Sy Geloof aan ons gee!

# 60. Die Weduwee se Offergawe

***Elkeen volgens die gawe van sy hand ooreenkomstig die seën van die HERE jou God wat Hy jou gegee het. Deuteronómium 16:17***

*Markus 12:41-44; Lukas 20:45 – 21:4*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 67*

Gedurende daardie laaste paar dae waarin Jesus by die tempel onderrig gegee het, het Hy duidelik gepraat oor die probleme van die skrifgeleerdes en Fariseërs. Hierdie manne het lang gebede in die openbaar gedoen, baie offerandes gegee en na elke tempelseremonie gegaan. Maar niks hiervan het hulle nader aan God gebring nie. Hoekom nie? Want tydens hulle seremonies het hulle nie gedink aan wat God vir hulle gedoen het nie, maar eerder aan wat ander mense van hulle sou dink. Hulle was baie trots op hulself. Hulle lang gebede het niks beteken nie, want hulle is nie

deur God se liefde verander nie. In plaas daarvan, net nadat hulle gebid het, sou hulle steeds die weduwees en die armes bedrieg. Hulle het nie vir diegene wat hul hulp benodig het, omgegee nie. Al het hulle vir God groot offers gebring, was hierdie geld bloot maar wat van hul groot rykdom oorgebly het; hulle het niks daarvan gemis nie, want hulle het nog soveel vir hulleself oorgehad.

Eendag was Jesus by die voorhof van die tempel. Daar was ‘n groot skatkis in die binnehof waarin mense hul offerandes geplaas het. Jesus het gekyk hoe die mense inkom om hul bydraes te bring. Ryk manne het ingekom en het baie munte uitgehaal en lawaaierig in die kis gegooi, sodat ander dit kon hoor en sien. Hulle het dit geniet om te weet dat ander mense hulle bewonder, omdat hulle sulke groot offerandes gee.

'n Arm weduwee het toe gekom om haar offer te bring. Sy het vinnig twee muntstukkies ingegooi en omgedraai om te weg gaan voordat iemand haar kon sien. Jesus se gesig het opgehelder toe Hy haar sien en sy sien hoe Hy na haar kyk. Toe hoor sy hoe Jesus vir sy dissipels sê: “Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as enigiemand anders wat iets in die skatkis gegooi het.”

Hoe kon haar twee muntstukkies meer werd wees as die groot bedraes geld wat die ander gebring het? Jesus het verduidelik: “Hulle het almal uit hulle oorvloed ingegooi, maar sy het alles gegee wat sy gehad het, selfs wat sy vir lewensnoodsaaklikhede benodig het.”

Die weduwee het die tempel vol vreugde verlaat. Jesus het haar verstaan! Hierdie vrou was lief vir God die Vader en wou tot die werk van God in die tempel bydra. Sy was so lief vir haar hemelse Vader en daarom was sy bereid om geld weg te gee wat sy vir haarself benodig het. Sy het skaam gevoel om so min te gee, maar dit was regtig al wat sy gehad het. Dit het haar bly gemaak dat Jesus gesien het hoe waardevol haar geskenk was.

Hierdie vrou het uit liefde gegee – sy was bly om vir God alles te gee wat sy gehad het. Die ryk mense het uit trots gegee – hulle wou voor ander goed vertoon. Wie, dink jy, het God beter geken? Hoe beter ons God leer ken en waardeer hoeveel Hy vir ons gedoen het en steeds doen, hoe meer sal ons dinge uit liefde doen. God wil nie hê ons moet dinge doen net omdat ons dink ons moet dit doen nie; Hy wil hê ons moet leef en optree uit ware liefde en dankbaarheid teenoor Hom vir wat Hy vir ons doen. As ons Hom vra, sal Hy vir ons hierdie liefde en dankbaarheid in ons harte gee.

# 61. Die Grieke kom na Jesus toe

***So lank as julle die lig het, glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan word. Johannes 12:36***

*Johannes 12:20-50*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 68*

Jesus het pas Sy werk by die tempel voltooi en vir die Jode gesê: "Hierdie tempel, wat julle huis is, word woes (leeg) gelaat." Hulle het Hom verwerp en God se teenwoordigheid sou binnekort die tempel verlaat.

Net nadat Jesus dit gesê het, het Filippus en Andréas na Jesus toe gekom. "Daar is 'n paar Grieke hier wat vra om U te sien," het hulle vir Hom gesê. Jesus was baie bly om hierdie Grieke te ontmoet. Die Jode as 'n nasie sou dalk vir Jesus verwerp het, maar daar was nog tyd vir ander nasies om Hom aan te neem. Hierdie Grieke was van die eerste nie-Jode wat in Jesus geglo het. Hulle het God liefgehad en het gekom om tydens die fees te aanbid. Hulle het ook gehoop om Jesus te ontmoet en self te sien wie Hy is.

Terwyl Jesus met hierdie manne gepraat het, het ander mense ook geluister. Jesus het begin verduidelik dat Hy binnekort sou moes sterf, sodat ons almal die ewige lewe kan ontvang. Hy het ook Sy volgelinge genooi om saam met Hom ander te help om God te leer ken. Terwyl Jesus gepraat het, het die mense gesien hoe 'n wolk Hom omring.

Toe het Jesus hardop gebid. In Sy gebed het Hy vir Sy Vader gesê dat Hy ontsteld is, omdat Hy binnekort gekruisig sou word. Hy het gehoop dat Hy nie deur iets so aakligs moes gaan nie. Maar terwyl Hy gebid het, was Hy vertroos. Hy het Sy gebed afgesluit deur te sê: “Dit is waarvoor Ek na die wêreld gekom het. Vader, verheerlik U Naam – laat mense asseblief U karakter verstaan.”

God het Jesus se gebed met graagte verhoor. ’n Lig het geskyn uit die wolk wat oor Jesus was en die stem van die Vader is daar deur almal gehoor toe Hy gesê het: “Ek hét My Naam verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.” Dit was die derde keer in Jesus se lewe dat God voor ander mense in die openbaar hardop met Sy Seun gepraat het.

Alhoewel almal die stem gehoor het, was sommige mense steeds verward. “Dit het gedonder!” het sommige gesê. Ander het gesê: “ 'n Engel het met Hom gepraat!” Die Grieke het die wolk gesien, die stem gehoor en verstaan en geglo dat Jesus die Seun van God is.

Jesus het vir die mense gesê: “Hierdie stem is hardop gehoor nie om My ontwil nie, maar om julle ontwil.” Daarna het Hy vir hulle gesê: “Die wêreld sal My binnekort oordeel - almal sal besluit wat hulle van My dink. Ek sal gekruisig word en Ek sal almal na My toe trek.” Die mense is die laaste geleenthede gegee om Jesus, die lig van die wêreld, te aanvaar. Hy het gesê: “Nog 'n klein tydjie is die

lig by julle. Glo in die lig terwyl julle dit het, sodat julle kinders van die lig kan word."

Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het Hy weggegaan en hulle kon Hom nie vind nie. Het die mense enige ander teken nodig gehad om te bewys dat Jesus waarlik die Seun van God is? Hulle het sopas gehoor hoe God self met Jesus gepraat het! Het hulle nie ook gesien hoe saggeaard en vriendelik Jesus was en die wonderwerke wat Hy gedoen het nie? Wat moes die mense nog sien om te glo dat Jesus die Messías is? Op daardie oomblik het baie van die Joodse heersers geglo, maar hulle was bang vir die ander leiers, dus het hulle stilgebly. Ongelukkig het die res van die Jode besluit dat hierdie tekens steeds nie genoeg was om te glo nie. Nogtans het die Grieke wel geglo. Wat hulle gesien en gehoor het, was meer as genoeg vir hulle om in te sien dat Jesus werklik die Seun van God is.

Die Grieke het gekies om die lig te glo. Die Joodse leiers het gekies om die lig te verwerp. Ons het ook die kans om te kies. Hoeveel bewyse het jy nodig om te glo dat Jesus die Seun van God is? Is daar enige vrees in jou lewe wat veroorsaak dat jy Sy lig verwerp?

# 62. Tekens van die Einde

***Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen. Matthéüs 28:20***

*Matthéüs 24; Markus 13; Lukas 21:5-38*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 69*

Die priesters was bang. Hulle het Jesus hoor sê: "Hierdie tempel, wat julle huis is, sal leeg gelaat word." Wat het Jesus daarmee bedoel? Hy het bedoel dat, omdat hulle Jesus as die Messías

verwerp het, God binnekort nie meer in die tempel teenwoordig sou wees nie. Al was hulle bang, het hulle gemaak of hulle nie omgee oor wat Jesus gesê het nie.

Nogtans het die dissipels wel omgegee. Wat het Jesus bedoel? Was die tempel werklik in gevaar? Terwyl hulle die tempel verlaat het, het die dissipels na die pragtige, sterk mure van die tempel gewys. Ja, die tempel was pragtig. Maar Jesus het hartseer vir Sy dissipels gesê: "Daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word nie; hierdie tempel sal heeltemal afgebreek word." Baie mense het gehoor wat Jesus gesê het; Sy dissipels het stilweg daaroor nagedink.

Jesus en Sy dissipels het op die Olyfberg gaan rus. Noudat hulle eenkant was van al die mense, het die dissipels vir Jesus gesê: "Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur? Wat is die teken van U koms en van die einde van die wêreld?"

Jesus het die tekens van die einde liefdevol verduidelik – eers van die einde van die tempel en daarna van die einde van die wêreld. Die vernietiging van Jerusalem en die tempel sou 40 jaar later gebeur en die wederkoms sou duisende jare later gebeur – ons wag nou nog op Sy wederkoms. Jesus het geweet dat die dissipels nie gereed was om die verskil tussen hierdie twee gebeure te verstaan nie, daarom het Hy vir hulle die tekens van albei gebeure gegee. Hy het geweet dat Sy volgelinge mettertyd Sy woorde in die Bybel sou lees en uiteindelik sou verstaan van watter gebeurtenis Hy praat.

"Daar sal baie wees wat sal kom en sê dat hulle die Messías is. Moenie dat hulle julle mislei nie," het Jesus gewaarsku. Dit het gebeur voor die vernietiging van Jerusalem en dit gebeur vandag nog.

"Julle sal gearresteer en mishandel word. Sommige van julle sal doodgemaak word, omdat julle in My glo," het Jesus verduidelik,

“Mense sal aanstoot neem en sal mekaar haat en verraai.” Dit is omdat, wanneer hulle God verwerp, hulle die liefde van God in hulle harte verloor en nie in staat is om ander lief te hê nie. Dit sal gebeur voor die wederkoms, maar dit het ook gebeur net voordat Jerusalem vernietig is. Die Jode het die volgelinge van Jesus gehaat en wou hulle seermaak.

Toe het Jesus hulle gewaarsku: “Wanneer julle leërs rondom Jerusalem sien, vlug na die berge, en maak gou, want die einde is naby.” Veertig jaar later, toe dit gebeur het, het al die Christene die woorde van Jesus onthou en na die berge gevlug. Van al die mense wat in Jerusalem gesterf het, was nie een ‘n Christen nie. Die Christene was almal veilig, omdat hulle Jesus se woorde gehoorsaam het.

Jesus het ook gepraat oor die tekens van die wederkoms. “Julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë,” het Jesus gesê, “en daar sal hongersnood, pessiektes en aardbewings wees.” Dit is alles tekens dat mense God verwerp het en Hy Sy beskerming van die aarde onttrek. Maar ons hoef nie bang te wees nie, want God is altyd met Sy kinders, om hulle krag en vertroosting te gee.

Jesus het ook gesê: “Die son en die maan sal verduister word en die sterre sal uit die hemel val.” Dit het reeds in 1780 en 1833 gebeur. “Aan die einde van die tyd sal mense, net soos dit was voor die vloed van Noag, goddeloos wees,” het Jesus gesê. Die wêreld sal erger en erger word voor Sy koms, “en die evangelie van God se koninkryk sal aan die hele aarde verkondig word.” In die tyd van Noag het mense die aarde so beskadig dat die verskriklike ramp van die vloed plaasgevind het. So sal dit aan die einde wees, dat namate ons die aarde meer en meer beskadig as gevolg van ons sonde, daar meer en meer rampe sal plaasvind. Die boodskap van Jesus se wederkoms sal al hoe noodsaakliker word. Elkeen sal 'n kans hê om agter te kom wat aangaan en self te besluit of hulle deel van God

se koninkryk wil wees of nie; en of hulle hul geloof in hierdie wêreld wat besig is om uitmekaar te val, wil plaas.

Daarna het Jesus verduidelik hoe Sy wederkoms sou plaasvind: “Die Seun van die mens sal kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. Dan sal Hy Sy engele uitstuur met 'n harde basuingeluid en Hy sal Sy volgelinge van oor die hele aarde versamel.” Diegene wat gesterf het deur in Jesus te glo, sal opgewek word en na die hemel opgeneem word. Die wat lewe, sal van al die verskriklike dinge wat op die aarde gebeur, beskerm word.

“Maar van daardie dag en dié uur wanneer dit sal gebeur, weet niemand nie, maar net die Vader,” het Jesus verduidelik. En hoe kan ons gereed maak vir die koms van Jesus? Hy vertel ons hoe: “Pas op, waak en bid altyd.” Dit beteken dat ons tyd saam met Jesus moet deurbring en Hom leer ken. As ons seker is dat Jesus ons liefhet, sal ons selfs wanneer dinge moeilik raak, vrede en vertroosting hê. Die tekens van Jesus se koms laat baie mense dalk bekommerd wees, maar ons hoef nie te wees nie. Hierdie tekens dui vir ons aan dat Jesus binnekort hier sal wees!

Jesus het liefdevol vir Sy volgelinge al hierdie tekens vertel, sodat ons gereed kan wees. Ons hoef nie bang te wees nie, want God is sterker as enigiemand of enigiets en Jesus het belowe om altyd by ons te wees, selfs tot aan die einde van die wêreld. Kom ons leer Hom elke dag beter ken en leer om te rus in die versekering van Sy vertroosting, beskerming en liefde. Wil jy ook?

# 63. Die Grootste Dienskneg

***Want Ek het julle ‘n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen. Johannes 13:15***

*Lukas 22:7-18; Johannes 13:1-17*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 71*

Dit sou binnekort die Pasga wees. Jesus het vir Petrus en Johannes gesê: “Gaan na Jerusalem en julle sal ’n man vind wat ’n kruik water dra. Volg hom na sy huis. Sê dan vir die eienaar van die huis: ‘Ons Meester vra waar die gastekamer is waar Hy die Pasga met Sy dissipels kan eet.’ Hy sal julle 'n groot bovertrek wys wat reggemaak is. Daar moet julle alles voorberei.”

Alles het gebeur presies soos Jesus gesê het. Die dissipels het alles gou gereed gemaak en Jesus en die twaalf dissipels het opgegaan na die bovertrek vir hulle pasgamaal.

Terwyl hulle gaan sit het, het hulle besef daar is 'n probleem: hulle het nie 'n bediende gehad om hul stowwerige voete te was nie. Gewoonlik het bediendes hierdie onaangename taak verrig. Wie sou dit tog nou doen? Hulle het nie diensknegte gehad nie en nie een van die dissipels wou soos 'n dienskneg optree deur iemand anders se voete te was nie. Om die waarheid te sê, net voor hulle by die kamer aangekom het, het hulle onder mekaar geredeneer oor wie belangriker is en wie nader aan Jesus was. Elke dissipel wou die vernaamste wees - en belangrike mense was tog nie ander se voete nie…

Jesus was hartseer. Hy het geweet dat die sondes van elke persoon op aarde binne net 'n paar uur, insluitend jou en my sondes, hul volle werk in Sy lewe sou doen. Al ons sondes sou Jesus van Sy Vader skei en dit sou duidelik word wat die gevolge van sonde is.

Jesus het geweet dat hierdie skeiding van Sy Vader Sy hart sou breek. Hy het ook geweet dat Hy deur die Jode verwerp en wreed behandel sou word en dat Hy ook aan die kruis sou ly. En terwyl Hy na Sy dissipels gekyk het, was Hy hartseer omdat hulle vol selfsug was.

Jesus moes Sy dissipels leer hoe om soos God lief te hê. Om dit te doen, het Hy 'n handdoek en 'n waskom met water opgetel en rustig die dissipels se voete begin was. Skielik was die dissipels skaam vir hulle eie optrede. Waarom was Jesus hulle voete? Hulle moes Sy voete gewas het! Hulle wou liefdevol en nederig wees soos Jesus en het hulle selfsug raakgesien.

Petrus het vir Jesus gesê: “Here, gaan U my voete was? U sal my voete nooit was nie!” Hy het sleg gevoel dat Jesus hierdie werk van 'n dienskneg gedoen het. Maar Jesus sê vir Hom: “Ek moet julle was sodat julle in My koninkryk kan wees.” Net soos Jesus sy voete gewas het, wou Hy ook sy hart van sonde was. “Here, was dan nie net my voete nie, maar ook my hande en my kop!” antwoord Petrus. Jesus antwoord hom: “Julle is reeds gewas, net julle voete is vuil en moet gewas word.” Petrus het reeds aan Jesus behoort; Jesus moes daardie aand net sy trots en selfsug afwas.

Nadat Jesus hulle voete klaar gewas het, het Hy na hulle gekyk en liefdevol gesê: “Verstaan julle wat Ek aan julle gedoen het? Ek is julle Meester en Here, tog het Ek julle voete gewas. Julle moet ook mekaar se voete was.”

Daarna het die dissipels nie meer met mekaar geredeneer oor wie die vernaamste is nie. As hulle eie Meester hulle voete gewas het, hoekom kon hulle dan nie nederig teenoor mekaar wees nie? Hulle het nou liefde teenoor mekaar getoon en wou soos Jesus wees. Hulle was jammer dat hulle so trots en selfsugtig was. Jesus het hulle deur 'n voorbeeld getoon wat die vernaamstes in God se koninkryk sal doen. En wat sal hulle doen? Hulle sal ander dien. Net

soos Jesus sal hulle maniere vind om ander te help en te seën, al beteken dit om dinge te doen wat niemand wil doen nie. Dit is hoekom ons nagmaal by die kerk hou, waartydens ons mekaar se voete was. Elke keer wanneer ons dit doen, onthou ons wat Jesus daardie dag vir Sy dissipels probeer leer het en wat Hy ook wil hê ons moet leer.

Die vernaamste in God se koninkryk sal ander voor hulleself stel. Dit is wat Jesus vir ons gedoen het en Hy sal ons graag help om dit vir ander te doen. Sal jy soos Hy bereid wees om ander te dien?

# 64. Die Laaste Maaltyd

***Doen dit tot my gedagtenis. 1 Korinthiërs 11:24***

*Matthéüs 26: 20-29; Markus 14:17-25; Lukas 22:14-23; Johannes 13:18-30*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 72*

Jesus het sopas Sy dissipels se voete gewas. Hulle was spyt dat hulle so trots en selfsugtig was, sodat Jesus die werk van 'n dienskneg vir hulle moes doen. Hulle het nou hul plig teenoor mekaar verstaan en hoe Jesus wou hê hulle moes wees. Hulle harte het verander en hulle was gereed om 'n spesiale maaltyd saam met Jesus te geniet.

Dit was die Pasga-maal en die laaste maaltyd wat hulle saam met Jesus sou hê. Jesus het die brood geneem, dit gebreek en gesê: "Neem en eet; dit is my liggaam." Die liggaam van Jesus sou gebreek word, net soos die brood daardie dag gebreek is. Die Bybel sê ook dat Jesus die brood van die lewe is - net soos ons nie sonder voedsel kan lewe nie, kan ons ook nie sonder Jesus lewe nie.

Daarna neem Jesus die wyn en sê: “Drink almal daaruit, want dit is my bloed. Doen dit ter nagedagtenis aan my.” Jesus sou seerkry en Sy bloed sou vir ons vloei en van toe af sou die dissipels van Jesus, wanneer hulle druiwesap gedrink het, altyd aan die offer van Jesus herinner word.

Jesus het die dissipels gevra om hierdie dinge te doen, om te onthou wat Hy vir ons gedoen het. Dus het die volgelinge van Jesus sedertdien nagmaal gehou. Selfs nou, wanneer ons nagmaal hou en die brood eet en die druiwesap drink, kan ons dink hoe Jesus alles vir ons gegee het om ons te red. Dit help ons om te verstaan hoe lief Hy ons het.

Al die dissipels se harte is aangeraak deur wat Jesus daardie aand gedoen het - almal behalwe een dissipel. Judas was die enigste dissipel wat nie gehou het van wat gebeur het nie. Hy was vererg dat Jesus die werk van 'n dienskneg gedoen het. Judas het gedink dat die Messías dit nooit sou doen nie. Daarom was hy ernstig om Jesus te verraai. Jesus het dit geweet en wou Judas 'n kans gee om hom te bekeer. Jesus het gesê: “Een van julle sal My verraai.” Die dissipels was baie bedroef en elkeen van hulle het Jesus begin uitvra: “Is dit miskien ek, Here?” Een vir een het hulle gevra. Johannes het op Jesus se bors geleun en vir Hom gevra: “Here, wie is dit?” Wie sou so iets doen? Jesus het sagkens geantwoord: “Dit is die een wat saam met My sy hand in die skottel insteek.” Iemand in hierdie einste kamer sou Hom verraai! Judas het uiteindelik gevra: “Meester, is dit ek?” Jesus het baie sag geantwoord: “Jy het dit gesê.” Judas wou skielik die vertrek verlaat. Hy het uiters ongemaklik gevoel.

Net toe Judas weggaan, sê Jesus vir hom: “Wat jy moet doen, doen dit gou.” Dit was die laaste kans vir Judas om hom te bekeer. Jesus het eintlik vir Judas gesê: “Jy moet jou bekeer. Doen dit gou, voor dit te laat is!” Maar wat het Judas verstaan? Omdat hy geweier het om hom te bekeer, het hy besluit dat Jesus vir hom sê: “Jy moet My

verraai – doen dit gou!" Maar dit is natuurlik glad nie wat Jesus bedoel het nie. Jesus het alles gedoen wat Hy kon om die hart van Judas aan te raak. Nadat Judas die plek verlaat het, kon Jesus hom nie meer bereik nie.

Die laaste les wat Jesus, terwyl Hy hier op aarde was, aan Sy dissipels voorgelê het, was 'n les van liefde en diens. Hy het die werk van 'n dienskneg vir Sy dissipels gedoen en Hy het hulle ten volle liefgehad. Hy was ook lief vir Judas. En Hy kan ons help om dieselfde vir ander te doen. Hy het aan Sy dissipels, en aan ons, 'n manier gegee om Sy liefde en opoffering vir ons te onthou. Elke keer wanneer ons aan 'n nagmaaldiens deelneem, kan ons die diep, onselfsugtige liefde van Jesus onthou en Hom vra dat ons dieselfde liefde teenoor ander betoon.

Elke dissipel het daardie dag 'n keuse gehad: hulle kon besluit om by Jesus te leer om meer liefdevol te wees, of hulle kon Hom verwerp. Elf van die dissipels het die liefde van Jesus gekies, maar Judas het sy eie trots gekies. Hy wou nie nederig wees en homself opoffer soos Jesus hulle geleer het om te doen nie. Ons het vandag dieselfde keuse. Mense wil van nature nie nederig wees en ander dien nie; dit is iets wat net Jesus vir ons kan gee. Net Hy kan ons harte verander om ons meer soos Hy te maak. Sal jy Hom toelaat?

# 65. Die Laaste Gesprek

***Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het. Johannes 17:23***

*Johannes 13:31-38; 14-17*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 73*

Jesus was alleen in die bovertrek saam met elf van die dissipels. Judas het reeds die vertrek verlaat en was op pad na die priesters om Jesus te verraai.

Jesus het met die dissipels begin praat. Dit was die laaste keer dat Hy hulle sou kon voorberei vir wat voorlê. Hy het gesê: "Nog 'n klein tydjie is Ek by julle. Waar Ek heengaan, kan julle nie kom nie."

Jesus sou weggaan? Die dissipels was bekommerd toe hulle dit hoor. Maar Jesus het hulle getroos en gesê: "Moenie ontsteld wees nie. Ek gaan na die huis van My Vader om vir julle plek te berei en dan sal Ek weer kom om julle te kom haal."

Die dissipels was verward. Thomas het gevra: "Here, waar gaan U heen? Hoe kan ons die pad ken?" Jesus het geantwoord: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. As julle My ken, dan ken julle ook die Vader." Filippus het steeds nie verstaan nie. Hy het gesê: "Here, wys ons die Vader!" Jesus het geduldig verduidelik, "Ek is so lankal by julle en jy ken My nog steeds nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. Ek is in die Vader en die Vader is in My." Jesus en Sy Vader het dieselfde liefdevolle karakter en dieselfde doel om ons te red. Dus, wat Jesus ook al gedoen het, so is die Vader ook net so.

Jesus het voortgegaan, “Wie in My glo, sal dieselfde werke doen as wat Ek doen. Julle moet die Vader daarvoor vra in my Naam.” Jesus het aan hulle verduidelik dat al sou Hy weggaan, die Vader Sy Gees sou stuur om hulle te vertroos en te lei. Op daardie oomblik kon Jesus net op een plek op 'n slag wees, maar nadat Hy hemel toe is, sou Hy Sy Gees kon stuur en by elkeen van Sy volgelinge wees, enige plek in die wêreld.

Daarna was dit tyd om na die tuin van Getsémané te gaan. Jesus en Sy dissipels het saam Psalm 117 gesing, ‘n psalm wat hulle altyd tydens Pasga gesing het. Daarna het hulle die bovertrek verlaat. Terwyl hulle na Getsémané gestap het, het die dissipels opgemerk dat Jesus al hoe hartseerder gelyk het. Jesus het vir Sy dissipels gesê: “Vanaand sal julle almal oor My ontsteld wees en beskaamd staan.” Petrus het ferm gereageer deur te sê: “Al sou almal dalk aanstoot neem, sal ek nie!” Jesus was hartseer, omdat Hy geweet het wat met Petrus sou gebeur. Hy het sagkens vir hom gesê: “Vannag, voor die haan twee keer kraai, sal jy my drie maal verloën het.” Petrus was baie ontsteld daaroor en het gesê: “Nee! Ek sal my lewe vir U gee!”

Jesus het vriendelik na Sy dissipels gekyk en gesê: “Nadat Ek weer opgestaan het, sal Ek julle in Galiléa ontmoet.” Hy het hulle laat weet dat Hy hulle sou vergewe en weer by hulle sou wees. Terwyl hulle gestap het, het Jesus aangehou om hulle te onderrig. Hy het hulle daaraan herinner dat hulle aan Hom verbind moet word, net soos die lote aan die wingerdstok. As die loot aan die wingerdstok verbind is, sal dit vrugte dra. As ons aan Jesus verbind is, sal ons die vrugte van die Heilige Gees ontwikkel. “Ek wil hê julle moet mekaar liefhê, soos Ek julle liefgehad het. Mense sal weet julle is my volgelinge deur die manier waarop julle mekaar liefhet,” het Jesus gesê. Jesus het selfs diegene liefgehad wat Hom gehaat het en Hy sou Sy volgelinge help om dieselfde te doen.

Toe het Jesus 'n pragtige gebed gedoen. Hy het vir Sy dissipels gebid, en Hy het ook gebid vir al die mense wat Hom later sou volg, ook vir julle! Hy het gebid dat ons almal Hom en Sy Vader sal leer ken en hulle karakter van liefde sal weerspieël. "Ek het U op aarde verheerlik, Ek het mense gehelp om te sien hoe U werklik is, en daardeur het Ek die werk voltooi wat U My gegee het om te doen," het Jesus tot Sy Vader gebid.

Jesus het 'n paar laaste woorde van versekering en bemoediging aan Sy dissipels gegee. Deur Sy lewe het Hy vir die wêreld en die heelal getoon hoe liefdevol en goedhartig God is. Dit was nou tyd vir Jesus om Satan toe te laat om sy wreedheid en afsku te toon. Ons kan Jesus, wat God, Sy Vader, ten volle verteenwoordig het, dank dat Hy so 'n liefdevolle, deernisvolle lewe gelei het. Glo ons werklik dat God soos Sy Seun Jesus is?

# 66. In Getsémané

**Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. Galásiërs 2:20**

*Matthéüs 26:36-56; Markus 14:32-50; Lukas 22:39-53; Johannes 18:1-12*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 74*

**Deel 1: In die Tuin**
Jesus en Sy dissipels het na die tuin van Getsémané gestap. Hoe nader hulle aan die tuin gekom het, hoe stiller het Jesus geword. Hy was tot die dood diep bedroef. Hy het, sonder die versekering van Sy Vader dat alles in orde was, die ganse wêreld se verwerping op

Sy skouers gevoel rus. Dit het vir Hom gevoel asof Sy Vader se teenwoordigheid van Hom weggeneem is en die omvang van sonde het Hom oorweldig. Jesus was met angs vervul.

Naby die ingang van die tuin het die dissipels almal 'n rusplek gevind. Maar Jesus het vir Petrus, Jakobus en Johannes gevra om saam met Hom 'n entjie verder die tuin in te gaan. Toe hulle by Sy gunstelingplek kom, het Jesus vir die drie dissipels gesê: “Bly hier en waak saam met My.” Jesus het net 'n entjie verder waar Sy vriende Hom nog kon sien, gegaan waar Hy op Sy aangesig geval en gebid het.

Jesus kon voel hoe Hy van Sy Vader geskei word as gevolg van die sondes van die wêreld. Hoe meer Hy ons sondes gedra het, hoe meer het Hy die “toorn van God” gevoel. En wat is hierdie toorn van God? Is dit God se woede? Nee, dit is nie. Dit beteken dat God nie meer kan verhoed dat sonde ons seermaak nie; Hy staan nie meer in die pad van sonde nie. Indien iemand keer op keer God verwerp, respekteer God uiteindelik hierdie persoon se wense – Hy hou op om hierdie persoon teen daardie sonde te beskerm en op die ou end veroorsaak sonde dat hierdie persoon sterf. Dit is God se toorn; dit is baie anders as menslike toorn, is dit nie? God is bedroef wanneer dit ook al gebeur, want Hy is lief vir elkeen van ons en wil ons lewe gee. Maar Hy kan dit slegs doen as ons Hom toelaat; Hy sal ons nooit dwing om Sy hulp te aanvaar nie. Wanneer God ophou om in die pad van sonde te staan, dan neem hierdie sonde oor en skei ons van God.

Toe Jesus ons sondes gedra het, was God daar, naby aan Jesus, maar Hy het toegelaat dat ons sondes aan Jesus doen wat dit aan ons sou doen indien ons aan ons sondes vashou. Terwyl Jesus die verskriklike gewig van ons sondes gevoel het, het Hy gevoel dat Hy van God geskei is en heeltemal alleen gelaat is. Geen mens het nog ooit gevoel wat Christus ervaar het nie en geen mens sal dit ervaar tot die tweede dood wanneer al die mense wat God verwerp het,

hulle sondes in die gesig sal staar sonder dat Jesus enigiets daarvan sal dra. Jesus het vir ons deur Sy dood getoon wat die gevolg van sonde is. Hy wil hê ons moet dit weet sodat ons die lewe kan kies.

Jesus het Sy hele lewe deurgebring deur naby God te wees en Sy teenwoordigheid en vertroosting te voel, sodat hierdie skeiding Hom baie droefheid en angs besorg het. Hy het gewens iemand kon daardie sondes van Hom af wegneem, maar daar was niemand nie. Hy was die enigste een wat hierdie sondes vir ons kon dra sodat ons kan glo dat God ons vergewe. Terwyl Hy gely het, het Satan Hom versoek om te dink dat dit nie die moeite werd was om dit vir ons te doen nie. "U sal dalk nooit eers weer U Vader sien nie," het Satan Hom uitgetart, "En dink ook aan al die miljoene mense wat nooit eers dankbaar sal wees vir wat U gedoen het nie! Vergeet maar om dit te doen en gaan terug na U Vader! U het nie nodig om so te ly nie."

Jesus het so gely en gesukkel dat Hy aanhoudend op die grond neergeval het. Hy het gebid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan. Maar Ek wil steeds U wil doen, nie Myne nie." Hy het gewens dat God hierdie verskriklike lyding van Hom kon wegneem, maar Hy was bereid om daardeur te gaan indien God gesê het dat dit die beste is.

Jesus het vertroosting nodig gehad. Hy sou versterk wees indien Sy drie vriende daar was om ondersteunende woorde vir Hom te bring en vir Hom te bid. Maar in plaas daarvan het Hy hulle aan die slaap gevind. Hy het hulle sagkens wakker gemaak en gesê: "Slaap julle? Kon julle nie vir een uur saam met my waak nie? Waak en bid, sodat julle nie versoek word nie." Daarna het Jesus teruggegaan na Sy gebedsplek.

Weereens het Jesus vir God gevra om hierdie beker, of hierdie ervaring, by Hom te laat verbygaan, "Maar net as dit U wil is." Jesus het so gely dat Hy bloed begin sweet het en Hy het weereens op

die grond neergeval. Die dissipels het Jesus hoor bid en het oorweeg om na Jesus te gaan, maar hulle het gou weer aan die slaap geraak. Weereens het Jesus hulle sagkens wakker gemaak. Toe hulle sien dat Hy bloed sweet, het hulle bang en verward geword. Hulle vrees, bekommernis en verwarring het gemaak dat hulle wou slaap, en nie kon bid nie. Hulle kon nie wakker bly nie.

Weereens het Jesus gaan bid. Hy het gebid dat Hy nie aan versoeking sou toegee nie. “Neem asseblief hierdie beker van my af weg, maar net as dit U wil is, en nie myne nie.” Na hierdie gebed het Jesus 'n besluit geneem. Hy het aan ons almal gedink en wat sou gebeur indien Hy dit nie vir ons doen nie. Hy het gedink aan al die mense wat deur Hom gered sou word. Hy sou dit doen, maak nie saak wat gebeur nie. “As hierdie beker nie by My verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat U wil geskied,” het Hy gebid. Nadat Hy dit gesê het, het Hy ineengestort; Hy was byna dood van al die lyding.

Die vriende van Jesus het nie wakker gebly om saam met Hom te bid nie, maar al die engele van die hemel het gewaak. Hoe het hulle gewens dat hulle Jesus kon bevry van Sy lyding! Skielik het 'n engel na Jesus afgekom - die engel wat in God se teenwoordigheid staan. Hy het gekom om Jesus te bemoedig. Hy kon nie die sondes wat Jesus gedra het, wegneem nie, maar Hy het Jesus probeer vertroos. Hy het Jesus se kop op sy bors geplaas en Hom daaraan herinner: “U Vader het U lief. Miljoene mense sal van U lyding hoor, en hulle sal uiteindelik verstaan hoe lief God hulle het, en U sal hulle kan red. Moenie opgee nie.” Die dissipels het wakker geword en die engel gesien en sy stem gehoor, maar hulle verwarring, vrees en bekommernis het hulle lomerig laat voel en hulle het vinnig weer aan die slaap geraak.

**Deel 2: Judas Verraai Jesus**

Na die besoek van die engel is Jesus bemoedig. Hy het steeds geweldig gely, maar Hy was versterk om dit wat kom, die hoof te

bied. Vir die derde en laaste keer het Jesus na Sy dissipels toe gegaan. Weereens was hulle aan die slaap. Hulle het nie wakker gebly om te bid soos Hy hulle gevra het nie. Met droefheid sê Jesus vir hulle: “Slaap maar voort en rus; die tyd is naby dat Ek aan sondaars oorgelewer word.” Jesus het geweet dat dit tyd was vir sondaars om met Hom te doen wat hulle wil; die ganse heelal sou baie duidelik sien dat Lucifer Jesus nog altyd wou doodmaak en dat sonde die dood veroorsaak.

Net toe hoor hulle stemme en voetstappe wat die tuin binnekom. Jesus het vir Sy dissipels gesê: “Staan op, laat ons gaan; kyk, hy wat My verraai is naby.” Die stemme en voetstappe was van 'n groep luidrugtige, woedende manne wat opgedaag het. Jesus het na hulle toe gegaan. “Wie soek julle?” het Hy gevra. “Jesus, die Nasaréner,” het hulle geantwoord. “Dit is Ek,” het Jesus geantwoord.

Net toe staan die engel wat pas by Jesus was, tussen Hom en die gepeupel. Die manne het Jesus se gesig helder sien skyn. Die engel het niemand seergemaak nie, maar toe die klomp manne die helder lig sien, het hulle op die grond neergeval. Jesus kon maklik weggekom het, maar Hy het nie.

Nadat die engel weg is, het die helder lig ook verdwyn. Die manne het weer opgestaan; hulle was vernederd en kwaad. Hulle was ontsteld oor hulle eie vrees. Hulle wou nie aanvaar dat God hulle nog een kans gegee het om in Jesus as die Messías te glo nie. “Wie soek julle?” het Jesus weer gevra. “Jesus, die Nasaréner,” het hulle geantwoord. “Ek het vir julle gesê dat dit Ek is,” het Jesus gesê.

Daarna het iemand na Jesus gekom en Hom op die wang gesoen. Dit was Judas! “Hallo, Meester,” het hy gesê en probeer vriendelik optree. Hy het gemaak of hy bekommerd was oor wat met Jesus gebeur, maar dit was eintlik deur hom dat al hierdie mense opgedaag het. Hy het selfs die priesters belowe dat hy Jesus op die

wang sou soen net sodat hulle kan weet wie Jesus is, sodat hulle Hom kon gevange neem.

Jesus het hom hartseer aangekyk en gesê: “Judas, waar was jy? Verraai jy die Seun van die mens met ’n soen?” Judas kon net daar tot bekering gekom het. Hy kon sien dat wat hy doen verkeerd was, maar hy het geweier om berou te hê. Hy het net stilgebly.

Skielik het die gepeupel vir Jesus gegryp en Hom vasgebind. Jesus het nie teruggeveg nie; Hy sou hierdie manne toelaat om met Hom te doen wat hulle wou. Dit was tyd om Satan toe te laat om die ganse heelal te wys wie en wat hy werklik is. Wat hierdie mense ook al aan Jesus gedoen het, sou wees wat Satan aan Hom wou doen.

Die dissipels was geskok om te sien hoe Jesus vasgebind word. Petrus kon dit nie verduur nie. Hy het 'n swaard by hom gehad en dit skielik gegryp en die gepeupel aangeval. In sy aanval het hy die oor van die hoëpriester se dienaar afgesny. Jesus het Hom vinnig losgemaak en die man se oor aangeraak. En dadelik is die dienaar genees. Toe kyk Jesus na Petrus en beveel: “Hou op, dit is nou genoeg! Sit jou swaard weg; want almal wat die swaard gebruik, sal met 'n swaard sterf. Of dink jy dat Ek nie nou my Vader kan vra en Hy vir My meer as duisende engele kan stuur om My te help nie? Maar die skrifte moet vervul word. Ek moet die beker wat My Vader vir My gegee het, drink.” Om aanvallend te wees en dood te maak is nie in God karakter nie en Jesus wil ook nie hê dat Sy volgelinge dit moet doen nie.

Daarna het Jesus na die priesters en leiers wat daar tussen die klomp mense was, gekyk en sê: “Het julle uitgekom met swaarde en stokke om My gevange te neem, asof Ek ‘n rower is? Dag vir dag het Ek by julle gesit en onderrig gegee in die tempel, maar julle het My nie daar in hegtenis geneem nie. Julle doen dit in die nag, in die donker.” Die priesters was besig om Jesus te arresteer terwyl die

meeste mense geslaap het, sodat daar niemand is om Jesus te verdedig nie. Hulle wou nie hê dat iemand hulle moet keer om dit te doen nie. Wat hulle gedoen het, was nie regverdig nie. Dit was nie reg nie.

Jesus het hulle toegelaat om weer Sy hande vas te bind. Toe die dissipels sien dat Jesus Homself nie sou bevry nie, was hulle so bang dat hulle almal weggehardloop het en Hom alleen gelaat het. Hulle wou nie saam met Jesus gearresteer word nie.

Jesus het daardie nag baie gely. Hy het die sondes van elke enkele persoon gedra en Hy het dit gedoen, al het dit vir Hom verskriklike lyding besorg. Sy dissipels het geslaap terwyl Hy hulle nodig gehad het, nogtans het Hy hulle liefgehad en vergewe. Hy het hulle vergewe dat hulle weggehardloop het toe Hy gearresteer is. Hy was lief vir Judas en wou hom ook vergewe. Hy was sagmoedig en liefdevol teenoor die gepeupel wat Hom kom arresteer het en het selfs 'n man se oor genees. Dit alles toon hoe liefdevol en vergewensgesind God is. God en Sy Seun het waarlik alles gegee, sodat ons gered kan word en die ewige lewe kan hê. Kom ons dank ons Vader vir so 'n wonderlike geskenk!

# 67. By die Paleis van die Hoëpriester

***[Christus] Wat, toe Hy uitgeskel is, nie terug uitgeskel het nie; toe Hy gely het, nie gedreig het nie, maar dit oorgegee het aan Hom wat regverdig oordeel. 1 Petrus 2:23***

*Matthéüs 26:57-27:10; Markus 14:53-72; 15:1; Lukas 22:54-71; Johannes 18:13-27*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 75 en 76*

Dit was aand. Die paar Joodse leiers wat van Jesus gehou het en wat Hom verdedig het, het geslaap. Hulle het nie geweet wat aan die gang is nie; niemand het hulle vertel nie. Die priesters en leiers wat Jesus gehaat het, wou vinnig optree. Hulle het Jesus na die huis van Annas gebring. Die raserige gepeupel het hulle gevolg. Annas was 'n ouer priester wat voorheen die hoëpriester was. Hy wou iets verkeerd in Jesus vind, maar Jesus het nog nooit iets verkeerd gedoen nie.

Annas het vir Jesus begin vrae vra in die hoop dat Jesus iets verkeerd sou sê. Maar Jesus het eenvoudig gesê: "Ek het nog nooit in die geheim gespreek nie; mense het My in die tempel en in die sinagoges gehoor. Jy kan die mense met wie Ek gepraat het, vra; hulle weet wat Ek gesê het." Uiteindelik het Annas nie geweet wat om nog vir Jesus te vra nie; hy het maar baie ongemaklik gelyk. Een van die diensknegte het so kwaad geword om Annas ongemaklik te sien, dat hy Jesus in die gesig geslaan het. Jesus het na die dienskneg gekyk en sagkens gesê: "As Ek iets verkeerd gesê het, vertel My asseblief. Maar as Ek reg gespreek het, waarom slaan jy My?"

"Neem Hom na Kájafas, die hoëpriester," het Annas beveel. By die paleis van die hoëpriester het die groep leiers vergader om oordeel oor Jesus te fel. Kájafas het met Jesus begin spot en Hom gevra om

'n wonderwerk te doen. Nogtans het Jesus eenvoudig stil en kalm daar bly staan. Al het hulle Hom wreed behandel, was Hy die enigste persoon in die hele vertrek wat vrede in Sy gemoed gehad het.

Kájafas, die hoëpriester, het ook 'n rede probeer vind om Jesus aan te kla, maar hy kon ook niks vind nie. Hy het mense ingebring om stories oor Jesus te vertel, maar al hierdie stories was leuens en wat een persoon vertel het, het nie ooreengestem met wat die ander gesê het nie.

Laastens het Kájafas vir Jesus kwaai gevra: "Gaan U niks antwoord op wat hierdie mense sê nie?" Jesus het eenvoudig stilgebly. Toe sê Kájafas vir Hom: "Ek vra U, in die Naam van die lewende God, om asseblief vir ons te sê of U die Christus, die Seun van God is." Dit was 'n baie belangrike vraag, gevra deur een van die belangrikste Joodse leiers. Die hoëpriester het vir Jesus gevra of Hy die Seun van God is. Jesus het hom met respek geantwoord: "Ja, U het dit gesê." Sou die hoëpriester Jesus se antwoord aanvaar?

Jesus het die waarheid aan die Hoëpriester gegee en Kájafas het dit geweet. God het hierdie man nog een kans gegee om hom te bekeer, maar hy het geweier om te luister. In plaas daarvan om Jesus as die Seun van God te aanvaar, het hy Hom ter dood veroordeel. Hy het so kwaad geword dat hy iets gedoen het wat 'n priester nooit mag doen nie – om uit te druk hoe woedend hy was, het hy sy priesterlike kleed geskeur. "Ons hoef niemand anders aan te hoor nie! Hierdie man praat teen God!" het hy uitgeroep. Volgens die mensgemaakte wette van die priesters kon 'n priester sy klere skeur as iemand dinge teen God praat. Maar volgens God se wet mag 'n priester nie sy klere skeur nie. Toe Kájafas dit gedoen het, het hy God se wet oortree en sy gesag as hoëpriester in die oë van God prysgegee.

Dit was nog nag en volgens die Joodse wet kon niemand snags veroordeel word nie. Hulle moes dus 'n paar uur wag tot die dag. Intussen het hulle die gepeupel toegelaat om Jesus te bespot en Hom seer te maak. Tydens dit alles was Jesus te alle tye kalm en sagmoedig.

Iets anders het gebeur terwyl Kájafas Jesus uitgevra het: die dissipels, Johannes en Petrus, het die vertrek binnegekom. Al het hulle in Getsémané weggehardloop, het hulle van plan verander en besluit om terug te keer om naby Jesus te bly. Johannes het alles stil dopgehou en nie omgegee dat mense weet wie hy is nie, maar Petrus was angstig en bang en wou nie hê mense moet weet wie hy is nie. Hy het by 'n warm vuur in die binneplaas van die paleis gaan sit om sy hande warm te maak. Skielik het 'n diensmeisie na hom gekyk en gesê: “Jy was ook by Jesus, was jy nie?” “Nee, ek ken Hom nie,” het Petrus gejok.

Toe Petrus uitgaan na die poort, sê ‘n ander diensmeisie aan dié wat daar was: “Hierdie een was ook by Jesus, die Nasaréner.” “Nee, ek ken Hom nie, ek belowe!” het Petrus weer ontken. ‘n Bietjie later kom die wat daar staan, en sê vir Petrus: “Waarlik, jy is ook een van hulle, want jy praat soos een van hulle!” Die mense het geweet dat die dissipels van Jesus nie slegte woorde gebruik het nie. Daarom het Petrus, om seker te maak dat niemand dink dat hy 'n dissipel van Jesus is nie, lelike taal begin gebruik en vir die mense daar gesê dat hy Jesus nie ken nie.

Op daardie oomblik het die haan gekraai. En Petrus het die woorde van Jesus onthou wat Hy vir hom gesê het: “Voor die haan kraai, sal jy My drie maal verloën.” Petrus en Jesus het na mekaar gekyk. Die gesig van Jesus was vol sorg en jammerte; Petrus het verskriklik gevoel. Hy het besef dat hy Jesus seergemaak het en het weggehardloop, terug na die tuin van Getsémané. Daar het hy bitterlik gehuil. Hy het God gesmeek om hom te vergewe.

Met dagbreek, het die Joodse heersers Jesus weer ingebring om Hom vrae te vra, met die hoop dat Hy iets verkeerd sou sê. “As U die Christus is, sê vir ons,” het hulle gesê. En Jesus het hulle geantwoord: “As Ek vir u sê, sal u tog nie glo nie. En as Ek u vra, sal u My tog nie antwoord of loslaat nie.” Toe vra hulle weer vir Jesus: “Is U dan die Seun van God?” “U sê dat Ek dit is,” het Jesus geantwoord. Hierdie antwoorde was nie genoeg om Jesus te veroordeel nie, maar die leiers het besluit om hom na die Romeinse goewerneur te neem. Voordat hy weggebring is, het hulle toegelaat dat Jesus nog meer geslaan en bespot word. Die gepeupel was so gewelddadig teenoor Jesus dat selfs die Romeinse soldate kwaad was vir die klomp mense en Jesus probeer beskerm het.

Judas het ook die verhoor dopgehou. Hy het besef dat Jesus Homself nie gaan bevry nie en hy het berou gekry. Hy het besef hy het 'n onskuldige Man verraai. Hy is terug na Kájafas, waar hy die 30 silwerstukke op die vloer gegooi en geroep het: “Hy is onskuldig! Laat hom gaan! Ek het gesondig, ek het 'n onskuldige Man verraai!” Maar Kájafas het vir Judas gesê: “Dit maak nie saak nie. Dit is jou probleem.” Judas het toe voor Jesus gekniel. “Bevry Uself!” het hy gesmeek. Jesus het Judas vriendelik aangekyk en geantwoord: “Ek het na die wêreld toe gekom hiervoor.” Noudat Judas verstaan het dat Jesus Homself nie gaan bevry nie, het hy vinnig uit die vertrek gegaan en homself opgehang en so gesterf. Jesus sou hom vergewe het, maar Judas het nie geglo dat God hom kon vergewe vir wat hy gedoen het nie.

Die Jode, Jesus se eie mense, het Hom beskuldig van dinge wat Hy nooit gedoen het nie en hulle het Hom soos 'n verskriklike misdadiger behandel. Hulle het Hom nou na die Romeine neem om te kyk of Hy doodgemaak kan word. Deur al hierdie wreedheid was Jesus liefdevol, kalm en vol respek teenoor ander. Hy het die wrede priesters liefgehad, Hy het Petrus wat Hom verloën het, liefgehad en Hy was lief vir Judas, wat Hom verraai het. Hy was lief vir die gewelddadige manne in die gepeupel wat Hom bespot en

mishandel het. Hy was bereid om hulle almal te vergewe, maar net 'n paar sou Sy liefde en vergifnis aanvaar. Deur al hierdie gebeure kon die ganse heelal die liefde, sagmoedigheid en genade van God en die wrede, bose haat van Satan sien. Kom ons dank God vir al die liefde wat Hy deur Jesus aan ons gee!

# 68. By die Paleis van Pilatus en Herodus

***Hy [Christus] wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie. 1 Petrus 2:22***

*Matthéüs 27:2,11-31; Markus 15:1-20; Lukas 23:1-25; Johannes 18:28 – 19:16*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 77*

**Goewerneur Pilatus**
Dit was vroeg in die môre. Die priesters het Jesus vinnig na die Romeinse goewerneur gebring. Die Romeinse goewerneur is Pilatus genoem. Toe Pilatus die vreedsame, sagte aangesig van Jesus sien, het hy geweet dat Jesus nie 'n misdadiger was nie.

"Wat het hierdie man gedoen?" het Pilatus vir die priesters gevra. Die priesters het geweet dat Jesus niks verkeerd gedoen het nie, dus was hulle nie seker wat om Pilatus te antwoord nie. Daarom het hulle gesê: "As Hy niks verkeerd gedoen het nie, dan sou ons Hom nie hier na u toe gebring het nie." Hulle het gehoop Pilatus sou hulle net glo en Jesus straf. Maar Pilatus het na Jesus gekyk en besluit dat Jesus 'n goeie man is. Tog was hy bang vir die Joodse leiers en daarom het hy gesê: "Neem julle Hom en oordeel Hom volgens julle wet."

“Ons wet sê dat Hy moet sterf,” het hulle geantwoord, “maar ons het u toestemming nodig om Hom dood te maak.” Toe bring hulle mense wat leuens oor Jesus vertel het. Hulle het gehoop dat Pilatus hulle sou glo dat Jesus 'n bedreiging was. Maar Pilatus kon sien dat hulle jok.

Pilatus het vir Jesus gevra: “Is U die koning van die Jode?” Jesus het geantwoord: “U sê dit?” Terwyl die priesters en ouderlinge Jesus beskuldig het, het Jesus stilgebly. Pilatus het hom verwonder oor Jesus se optrede. Hy het vir Jesus gevra: “Antwoord U niks nie? Kyk na al die dinge wat hulle teen U sê.” Maar Jesus het niks meer gesê nie. Jesus het nie nodig gehad om Homself te verdedig nie. Sy gesig en Sy lewe het getoon dat Hy onskuldig was.

Pilatus het Jesus eenkant toe geneem en met Hom gepraat. “Is U die Koning van die Jode?” het hy weer gevra. Jesus het hom 'n antwoord gegee wat tot sy hart gespreek het. Hy het uitgereik na Pilatus en hom van die waarheid probeer oortuig deur vir hom te sê: “Vra u dit uit uself, of het ander u dit van My gesê?”

Pilatus het in sy hart gevoel dat Jesus die Seun van God is, maar hy het ongemaklik gevoel en besluit om dit wat hy voel, te ignoreer. Hy het vir Jesus gesê: “Ek is nie 'n Jood nie, maar kyk – die Joodse leiers, U eie mense, sê dat U skuldig is. Wat het U gedoen?” Jesus het vriendelik geantwoord: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. As Ek 'n aardse koninkryk gehad het, sou Ek dienaars gehad het wat My verdedig. Maar My koninkryk is nie van hier nie.”

“Is U dan 'n koning?” het Pilatus gevra. Jesus het geantwoord: “U sê dat Ek 'n koning is. Daarom het Ek na die wêreld gekom; om mense die waarheid te toon. Wie die waarheid liefhet, sal na My woorde luister.”

Pilatus vra toe vir Jesus: “Wat is waarheid?” Maar hy het nie gewag dat Jesus hom antwoord nie; hy het weer teruggegaan na die Jode

en vir hulle gesê: “Ek vind geen skuld in Hom nie.” Die priesters was ontevrede en was kwaad oor Pilatus se woorde. Pilatus wou Jesus baie graag bevry, maar hy was bang dat die woedende gepeupel groot probleme sou veroorsaak. Daarom het hy gesê: “Jesus is van Galiléa. Neem hom na koning Herodes, die owerste van Galiléa, sodat hy hom kan oordeel. Koning Herodes is op die oomblik hier in Jerusalem.”

**Koning Herodus**

Toe koning Herodes hoor dat hulle Jesus na hom toe bring, was hy bly. “Miskien, indien ek Jesus kan help, sal ek beter voel oor wat ek aan Johannes die Doper gedoen het. Ook wil ek baie graag ’n wonderwerk sien,” het Herodes gedink. Hy het na Jesus gekyk en geweet dat Jesus onskuldig was. Hy het vir Jesus baie vrae gevra, maar Jesus het hom niks geantwoord nie. Herodes het Jesus gevra om 'n wonderwerk te doen, maar Jesus het nie daarop gereageer nie. Daar was geen behoefte aan 'n wonderwerk nie. Jesus het reeds baie wonderwerke gedoen; die mense het nie nodig gehad om nog een te sien nie. Almal het reeds geweet wie Jesus was en dat Hy niks verkeerd gedoen het nie. Hulle moes net besluit hoe hulle Jesus sou hanteer.

Herodes het kwaad geword omdat Jesus nie met hom wou praat nie. Uiteindelik het hy die klomp mense aan Jesus laat doen wat hulle wou. Hulle het Jesus sleg behandel en bespot. Hulle het 'n pragtige koningskleed oor Jesus gegooi en Herodes, die priesters, die skare en die soldate het met Hom gespot. Jesus was deur dit alles kalm en stil. Hy het nooit gekla nie en nooit kwaad geword nie, al het dit Hom seergemaak om so behandel te word. Maar selfs terwyl hulle Jesus gespot het, was sommige van die mense daar, insluitend Herodes, oortuig dat Jesus die Seun van God is. Al kon Herodes sien dat Jesus van God was, het hy geweier om Hom te bevry. Hy het egter ook geweier om Jesus te veroordeel. Hy het eerder beveel dat Jesus na Pilatus teruggestuur word. Herodes was

te bang vir die Joodse leiers om Jesus te bevry en terselfdertyd was hy te bang om verantwoordelik te wees vir Jesus se dood.

**Weereens voor Pilatus**

Weereens het die Jode Jesus na Pilatus gebring. Pilatus was nie gelukkig hieroor nie. “Ek sien niks verkeerd in Hom nie,” het Pilatus gesê, “Ek sal Hom met die sweep laat slaan en dan loslaat.” As Jesus niks verkeerd gedoen het nie, hoekom het Pilatus dan toegelaat dat Hy geslaan word? Pilatus het gehoop om die priesters tevrede te stel deur Jesus te laat ly en gehoop dat hulle sou dink dat dit genoegsame straf sou wees.

Op daardie stadium het Pilatus 'n boodskap van sy vrou ontvang. Dit het gelees: “Moet asseblief niks aan hierdie onskuldige man doen nie. Ek het ’n vreeslike droom oor Hom gehad.” Pilatus wou na sy vrou luister en Jesus laat gaan, maar hy was bang vir die Joodse leiers. Die Joodse leiers het aangehou om Pilatus te vra om Jesus dood te maak. Hoe kon hy Jesus bevry?

Toe het Pilatus 'n idee gekry: dit was amper Pasga en elke Pasga het die Romeine 'n gevangene vrygelaat. Pilatus het besluit om die ergste gevangene wat hy gehad het, genaamd Barábbas, in te bring. “Kies julle dan tussen Jesus en Barábbas. Wie wil julle hê moet ek vrylaat?” vra Pilatus. Hy was seker die mense sou Jesus kies, want Barábbas het aaklige dinge gedoen en Jesus was nog altyd so goed en vriendelik. Maar Pilatus was geskok toe die volk uitroep: “Bevry Barábbas!”

“Wat wil julle hê moet ek met Jesus doen?” het Pilatus gevra. Die skare het uitgeroep: “Kruisig Hom! Kruisig Hom!” Pilatus wou Jesus nie doodmaak nie en verseker nie kruisig nie. “Watter kwaad het Hy gedoen?” het Pilatus gevra. Maar die mense het aangehou om hom te vra om Jesus te kruisig. Hulle het Jesus in die binneplaas van die goewerneur se paleis ingelei en vir Hom 'n purperkleed soos 'n

koning aangetrek en 'n doringkroon op Sy hoof gesit. Toe het hulle Hom bespot en op Hom gespoeg en Hom met 'n riet op Sy hoof geslaan. Jesus was verskriklik moeg; Hy was met bloed bedek. Gedurende al hierdie dinge het Hy nooit gekla nie en nooit Sy humeur verloor nie, al het al hierdie dinge Hom baie seergemaak.

Pilatus en baie van die soldate was verstom oor hoe geduldig en sagmoedig Jesus was. Hy het gedink die priesters sal jammer voel vir Jesus en Hom laat gaan ná al hierdie lyding. Maar in plaas daarvan het hulle aanhou vra om Hom te kruisig. Pilatus het ’n laaste keer met Jesus probeer praat, maar Jesus het hom nie geantwoord nie. Jesus het reeds al sy vrae beantwoord; Pilatus het reeds geweet wat hy moes weet. Uiteindelik het Pilatus gesê: “Wil U nie met my praat nie? Weet U nie dat Ek die mag het om U te laat kruisig, of om U vry te laat nie?” Jesus het geantwoord: “Die enigste mag wat u het, is dit wat aan u uit die hemel gegee is. Maar dié wat My na u toe gebring het, is meer skuldig as u.”

Pilatus het nog een keer probeer om die Jode te oortuig om Jesus vry te laat, maar hulle wou nie. “Wil julle hê dat ek julle koning kruisig?” het Pilatus gevra. Die Jode het geantwoord: “Ons enigste koning is Caesar, die Romeinse keiser! U is nie Caesar se vriend as u Jesus vrylaat nie!” Nou was Pilatus baie bang. Hy wou natuurlik Caesar se vriend wees, anders sou hy nie meer die goewerneur kon wees nie. Wat sou hy kies: om 'n goewerneur te wees, of om Jesus te bevry? Ongelukkig het hy gekies om 'n goewerneur te wees. Hy het water geneem en sy hande voor almal gewas en gesê: “Ek is onskuldig aan die dood van hierdie regverdige man!” Maar was hy regtig onskuldig? Nee, want hy kon Jesus vrygelaat het, maar hy het nie. Die Joodse leiers het vir hom gesê: “Ons en ons kinders sal die skuld dra vir Sy dood.” Daarna het Pilatus toegelaat dat Jesus geneem, weer geslaan en gekruisig word.

Tydens die verhoor van Jesus het Hy die karakter van Sy Vader getoon. Jesus het getoon dat God geduldig, vriendelik, sagmoedig

en liefdevol is. Hy het nie probeer om die mense wat Hom so wreed behandel het, terug te kry nie. Hy het probeer om sagkens die harte van elkeen van die mense wat daar was, te bereik. Hierdie verhoor het ook vir die ganse heelal getoon dat Satan vol wreedheid, bespotting en boosheid is. Terwyl die engele gekyk het, het hulle geen twyfel gehad dat God liefde is nie. Hierdie verhaal toon aan ons die verskil tussen God se sagte, liefdevolle karakter en Satan se wreedheid en boosheid. Kom ons dank Jesus dat Hy bereid is om te ly sodat ons nog duideliker kan sien hoe mooi die karakter van God is.

# 69. Jesus word Gekruisig

***[Christus] Wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.***
***1 Petrus 2:24***

*Matthéüs 27:31-53; Markus 15:20-47; Lukas 23:26-56; Johannes 19:16-42*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 78 tot 80*

**Deel 1: Op pad na die Kruis**
’n Groot skare mense het bymekaargekom om te kyk hoe Jesus geneem word om gekruisig te word. Jesus was veronderstel om Sy eie kruis na die plek van die kruisiging te dra, maar Hy was te swak. Hy het nie geslaap nie, Hy het niks te ete of te drinke gehad nie en Hy het gebloei van al die houe wat Hy ontvang het. Die kruis was net te swaar en al het Hy probeer, kon Hy dit nie dra nie.

Op daardie oomblik het ’n man genaamd Simon van Ciréne, wat nie ’n Jood was nie, kom kyk. ’n Soldaat het Simon gesien en hom

gedwing om die kruis van Jesus te dra. Simon het dit glad nie verwag nie. Hy het nie eers in Jesus geglo nie, al het sy seuns wel. Nogtans was hy aangeraak deur die deernis van Jesus en het geëerd gevoel dat hy Jesus kon help deur Sy kruis te dra. Simon het ná daardie dag ’n getroue volgeling van Jesus geword.

Sommige vroue het naby gestaan en huil. Hulle was baie hartseer om Jesus te sien ly. Terwyl Jesus verbygestap het, het Hy gestop om die vroue te troos. Hy het meer omgegee vir hulle lyding as vir Sy eie lyding.

**Deel 2: Aan die Kruis**

Uiteindelik is Jesus en twee ander misdadigers elk aan 'n kruis vasgespyker. Hulle het Jesus in die middel geplaas, tussen die twee misdadigers. Terwyl die soldate die lang spykers deur Sy hande ingeslaan het, het Jesus gebid: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.” Jesus het hulle liefgehad ten spyte daarvan dat hulle Hom baie lyding besorg het.

Bo-aan elke kruis was 'n naambord. Op daardie naambord kon mense lees wat die gevangene verkeerd gedoen het. Pilatus het op Jesus se bord laat aanteken: “Jesus die Nasaréner, die Koning van die Jode.” Uit hierdie opskrif was dit duidelik dat Jesus niks verkeerd gedoen het nie en dat die Jode besluit het om hul eie koning dood te maak. “O – nee, moenie skryf: Die Koning van die Jode, nie,” het die priesters Pilatus gesmeek, “maar skryf eerder dat Hy gesê het: ‘Ek is die Koning van die Jode’.” Maar Pilatus was so ontsteld dat hy toegelaat het dat Jesus gekruisig word en hy was kwaad vir die Joodse leiers; daarom het hy hulle geantwoord: “Wat ek geskryf het, het ek geskrywe.” Hy gaan nie die opskrif verander nie. Duisende mense het daardie opskrif gelees, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad was en baie het as gevolg van die Pasga na Jerusalem gekom. Dit sou tot gevolg hê dat baie van hulle die Skrif sou bestudeer en in Jesus as die Messías sou glo.

Nadat Jesus aan die kruis gehang is, het die soldate Sy klere onder mekaar verdeel. Sy onderkleed was van een stuk lap, sonder naat, gemaak. “Laat ons dit nie skeur nie,” het die soldate vir mekaar gesê, “kom ons werp lootjies om te sien wie dit kan kry.” Hulle het nie geweet dat die Skrif gesê het dat dit sou gebeur nie.

Terwyl Jesus aan die kruis gehang het, het die Joodse leiers Jesus bespot. Jesus het dit gehoor; dit het Hom nog meer lyding gebring. Hierdie manne moes die mense na Jesus gelei het, maar in plaas daarvan het hulle mense van Hom af weggelei. Die diewe wat saam met Jesus gekruisig is, het alles wat met Hom gebeur het, gesien en gehoor. Een van hulle het kwaai vir Jesus gesê: “As U die Christus is, red Uself en ons!” Maar die ander dief het geantwoord: “Respekteer jy nie vir God nie? Ons verdien wat met ons gebeur, maar hierdie man het niks verkeerd gedoen nie.” Hierdie dief was jammer oor die misdade wat hy gepleeg het. Hy het gewens dat hy Jesus gedurende sy lewe gevolg het. Hy het vir Jesus gesê: “Here, dink aan my wanneer U in U koninkryk kom.” Jesus was verskriklik bly om hierdie dief te vergewe. Hy het vir die man gesê: “Ek verseker jou vandag, jy sal saam met My in die paradys wees.” Die man het net daar vrede gevind, wetende dat God hom vergewe het.

Johannes die dissipel en Maria die moeder van Jesus het by die kruis gestaan en baie hartseer toegekyk. Jesus het afgekyk en vir Maria gesê: “Vrou, kyk na jou seun!” En vir Johannes het Hy gesê: “Kyk na jou moeder!” Hy wou seker maak dat Johannes vir Maria ná Sy dood sou sorg. Johannes het haar met graagte na sy huis geneem en haar die res van haar lewe versorg en sy was vertroos deur met so 'n hegte dissipel van Jesus te kon saamleef.

Terwyl Jesus aan die kruis gehang het, het Hy die sondes van elke persoon op hierdie aarde gedra. Hierdie sonde het Hom die gevoel gebring dat Hy van Sy Vader geskei is en dit het Hom hartseer en sonder hoop gelaat. Hy het nie geweet of Hy weer sou opstaan en by Sy Vader sou wees nie. Teen die middag het dit skielik baie

donker geword. Die son het ophou skyn en omdat dit dag was, het daar ook geen maan of sterre geskyn nie. Die natuur het saam met Jesus, sy Skepper gely. In hierdie duisternis het die Vader naby die kruis gekom. Jesus kon Hom nie sien of voel nie, maar die Vader was daar. Hierdie duisternis het die heerlikheid van die Vader verberg sodat sondige mense nie van Sy teenwoordigheid sou sterf nie. Al hierdie gebeure was genoegsaam vir almal om te glo dat Jesus die Seun van God is.

Die donkerte het mense bang gemaak. Baie van hulle het kermend huistoe gegaan. Om drie uur het die son weer geskyn, maar die kruis was steeds bedek met 'n donker wolk. Die sonde wat Jesus gedra het, het Hom so alleen, so ver van God verwyder laat voel, dat Hy uitgeroep het, "My God, My God, waarom het U My verlaat?" Sy hart was baie seer as gevolg van hierdie skeiding. Ook in Sy liggaam was Hy baie seer. Hy het gesê: "Ek het dors." Een van die Romeinse soldate het 'n spons in asyn gedruk en dit vir Jesus aangebied om te drink. Die Psalms het gesê dat die Messías asyn gegee sou word om te drink en dit het gebeur. Hierdie soort drankie was bedoel om Sy verstand te benewel sodat Hy minder pyn sou voel, maar Jesus wou helder dink, daarom het Hy geweier om dit te drink.

**Deel 3: Jesus Sterf**

Jesus het verlate gevoel, en sonder hoop, maar Hy het gekies om op Sy Vader te vertrou. Uiteindelik het Hy uitgeroep: "Dit is volbring. Vader, in U hande gee Ek my gees oor." Lig het op die kruis en oor die gesig van Jesus geflits en Jesus het Sy kop laat sak en gesterf. Daar was 'n Romeinse hoofman oor honderd wat naby die kruis gestaan het toe dit alles gebeur het. Hy het alles gesien en was uiters verbaas. "Waarlik, dit was die Seun van God!" het hy uitgeroep. Hy was nie bang om ander te laat weet dat hy nou in Jesus glo nie.

Op dieselfde tydstip was die priester in die tempel, gereed om die lam vir die aandoffer te offer. Maar voordat hy dit kon doen, het die aarde gebewe en die voorhangsel tussen die Heilige en die Allerheiligste is van bo na onder geskeur. Die Allerheiligste kon deur almal in die tempel gesien word. Hierdie plek was nou nie meer heilig nie. Die priester het verskrik die mes laat val en die lam het weggehardloop. Noudat Jesus gesterf het, was dit nie meer nodig om diere te offer nie.

Die son was besig om onder te gaan en almal het stil huistoe gegaan. Die Sabbat was op die punt om aan te breek, maar daar was geen vreugde onder die mense nie. Baie van die mense wat Jesus bespot het, het nou gevoel dat hulle iets verskriklik verkeerd gedoen het.

Intussen wou die priesters hê dat die liggaam van Jesus weggeneem en begrawe moes word voordat die Sabbat aanbreek. Pilatus het ingestem. Hy het die soldate gevra om die bene van die gevangenes aan die kruis te breek sodat hulle gouer sou sterf. Maar toe hulle sien dat Jesus reeds dood was, het hulle nie een van Sy bene gebreek nie. Net om aan die priesters te bewys dat Jesus dood is, het 'n soldaat 'n spies in die sy van Jesus gedruk en water en bloed het uit die wond gevloei.

Die bedroefde dissipels van Jesus wou Hom begrawe, maar hulle het geen geld en geen graf gehad nie. Hulle was verras en verlig toe twee belangrike Joodse leiers Jesus kom begrawe het. Hierdie manne was Josef van Arimathéa en Nikodémus, mense wat lief vir Jesus was. Hulle was nie na die verhoor van Jesus genooi nie, dus kon hulle Hom nie van die ander priesters beskerm nie. Josef het vir Jesus 'n graf gegee en Nikodémus het al die duur speserye en doeke vir die begrafnis gekoop. Toe het hulle Jesus in die graf geplaas, net betyds voordat die Sabbatsure aangebreek het.

Sedert die kruis kon die ganse heelal duidelik sien dat God liefde is. God het in Sy Seun alles gegee sodat mense van sonde gered kon word. Hy het hulle selfs toegelaat om aan Sy Seun te doen wat hulle wou, net sodat hulle kon besef hoe sondig hulle harte was. Satan, aan die ander kant, was bereid om alles wat God gegee het, te neem en te vernietig; sy beginsels lei net tot ondergang.

Die liefdevolle, barmhartige karakter van God en die selfsugtige, afskuwelike karakter van Satan is baie duidelik getoon. Die engele het nou geen twyfel gehad dat God altyd goeie, vriendelike en liefdevolle dinge doen. Ons hoef ook nie daaraan te twyfel nie. Hoe meer ons dink oor hoeveel Jesus vir ons gegee het, omdat Hy ons liefhet, hoe meer sal ons Hom liefhê en hoe meer sal ons 'n pragtige karakter soos Syne wil hê. Wil jy dit hê? Hy verlang om dit nou vir jou te gee!

# 70. Hy het Opgestaan!

***Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. 1 Korinthiërs 15:20***

*Matthéüs 27: 66-28:15; Markus 16:1-8; Lukas 24:1-12; Johannes 20:1-18.*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 80 tot 82*

Gedurende die Sabbatsure het Jesus in die graf gerus. Intussen het almal Pasga gevier, maar dit was nie 'n vreugdevolle tyd nie. Baie siek mense het gekom in die hoop om Jesus te vra vir genesing, maar hulle was hartseer om te hoor dat Hy doodgemaak is. Ander het begin om die Skrif te bestudeer en vrae te vra, maar die priesters kon nie hierdie vrae beantwoord nie. Baie mense was hartseer en verward en die priesters was bang. Hulle het Pilatus

gevra om 'n wag by die graf te plaas. Hulle het vir Pilatus gesê: “Die dissipels kan die liggaam van Jesus steel en dan kan hulle vir almal vetel dat Hy uit die dood opgestaan het.” In werklikheid was hulle bang dat Jesus na drie dae uit die dood sou opstaan, want hulle het onthou dat Hy hieroor gepraat het.

Sondagoggend vroeg was daar 'n aardbewing. 'n Magtige engel van God het uit die hemel neergedaal en gekom om die steen van die gaf se opening weg te rol en om Jesus uit Sy graf te roep. Hierdie engel was vol glans en sy klere was soos sneeu. Die wagte wat by die graf waggehou het, was vreesbevange en hulle het op die grond geval en kon nie beweeg nie. Hulle het gekyk hoe die engel die klip soos 'n klein klippie maklik wegrol. Toe roep die engel uit: “Seun van God, kom uit! U Vader roep U!” Toe kom Jesus uit die graf en sê: “Ek is die opstanding en die lewe.” Hy het uitgekom, blinkend in heerlikheid. En toe Hy uitkom, het 'n menigte engele voor Hom neergebuig en lofliedere gesing.

Toe die wagte nie meer vir Jesus of die engele kon sien nie, het hulle bewend opgestaan en na die stad gegaan om Pilatus te sien. Oppad het hulle vir almal wie hulle ontmoet het vertel wat hulle gesien en gehoor het. Baie mense het nou gehoor dat Jesus opgestaan het. Toe die priesters dit uitvind, het hulle vinnig die wagte gevra om na hulle toe te kom voordat hulle na Pilatus gaan. “Moenie vir enigiemand vertel wat julle gesien het nie,” het Kájafas beveel, “sê vir hulle dat julle aan die slaap geraak het en dat die dissipels die liggaam gesteel het sodat dit nie sou lyk asof Jesus opgestaan het nie.”

Die wagte was verskrik. “Nee!” het hulle gesê: “Pilatus sal ons laat doodmaak as hy glo dat ons aan die slaap geraak het. Ons wil nie ons lewens in gevaar stel nie!” Kájafas het hulle verseker: “Pilatus wil ook nie hê dat enigiemand moet glo dat Jesus opgestaan het nie. Ek sal seker maak dat hy julle nie straf nie, en ons sal julle baie geld betaal as julle hierdie leuen vertel.” Ongelukkig het die wagte

ingestem. Hulle het hulle geld geneem en daarna vir almal die leuen wat die priesters uitgedink het, vertel. Maar selfs leuens kon nie die waarheid verberg nie. Pilatus en die onberouvolle priesters was vir die res van hulle lewe bang en verskrik.

Al het die wagte die leuen van die priesters vertel, was daar mense wat reeds die waarheid gehoor het, wat hierdie waarheid met ander gedeel het. Nog iets wonderliks het daardie Sondagoggend gebeur: verskeie mense is saam met Jesus uit die dood opgewek. Hierdie mense het daarna aan mense op straat en in die stad vertel dat Jesus opgestaan het en dat hulle saam met Hom opgewek is.

Die volgelinge van Jesus het eers niks gehoor van Jesus wat uit die dood opgestaan het nie. Vroegoggend het Maria Magdaléna na die graf gegaan met speserye vir die liggaam van Jesus. Toe sy sien dat die graf oop en leeg was, het sy gehardloop om dit vir die dissipels te vertel. Terwyl Maria by die dissipels was, het 'n paar ander vroue na die graf gekom. Hulle het lig in die graf gesien, maar dit was leeg. Net toe sien hulle 'n man in blink klere daar naby sit; dit was dieselfde engel wat die klip weggerol het. “Moenie bang wees nie,” het hy die vroue getroos, “ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan, soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar Hy gelê het. En gaan gou en sê vir die dissipels dat Hy uit die dode opgestaan het!”

Die ander vroue wat saam met hulle was het in die leë graf gekyk. Toe sê ’n ander engel, wat as ’n mens verskyn het, “Waarom soek julle die Lewende by die dooies? Hy is nie hier nie; Hy het opgestaan. Onthou julle dat Hy vir julle gesê het dat Hy gekruisig sou word en dan op die derde dag sou opstaan?” Die vroue was verbaas en vol vreugde en het gehardloop om die ander dissipels te vertel.

Intussen het Maria vir Petrus en Johannes van die leë graf vertel. Maar sy het nog nie geweet dat Jesus opgestaan het nie. Petrus en

Johannes het na die graf gehardloop en dit leeg gevind, net soos Maria gesê het. Toe merk hulle iets op: die grafklere was netjies opgevou; Jesus self het hulle opgevou. Toe Johannes hierdie opgevoude doeke sien, het hy onthou dat Jesus vir hulle gesê het Hy sou opstaan en hy het geglo.

Terwyl Petrus en Johannes daar was, het Maria opgedaag. Die twee dissipels het gou vertrek, maar Maria het agtergebly. Sy het nog nie geweet dat Jesus opgestaan het nie en sy was baie hartseer. Toe sien sy twee engele in die graf. “Vrou, waarom huil jy?” het hulle haar gevra. “Omdat hulle my Here weggeneem het, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie,” het Maria geantwoord. Sy het nie geweet sy praat met engele nie. Sy het omgedraai en iemand het haar weer gevra: “Vrou, waarom huil jy? Wie soek jy?” Maria het gedink dis die tuinier en antwoord hom: “Meneer, as u Hom weggedra het, sê asseblief vir my waar u Hom neergelê het. Ek sal Hom wegneem.” Sy het gedink sy kan Jesus in die leë graf sit waar haar broer Lasarus was.

Die vreemdeling sê toe vir haar: “Maria!” Sy het hierdie stem herken! Hierdie man was nie 'n vreemdeling nie - dit was Jesus! Maria was so bly dat sy Jesus wou omhels, maar Jesus sê vir haar “Wag, raak My nie aan nie.” Hy wou eers by Sy Vader hoor of Sy offer genoegsaam was om ons te red. Hy wou nie aanbid word voordat Hy daarvan seker was nie. In plaas daarvan het Hy Maria gestuur om vir die dissipels te gaan vertel dat Hy opgestaan het.

Nadat Maria weg is, het Jesus vir 'n oomblik na die hemel opgegaan. Hy het gehoor hoe Sy Vader vir Hom sê: “U het meer as genoeg gedoen om mense te red!” Die engele in die hemel was verheug om dit te hoor. Maar die dissipels van Jesus was steeds hartseer en sonder hoop. Hulle kon bly gewees het saam met die engele, maar in plaas daarvan het hulle Maria nie geglo toe sy vertel het: “Jesus het opgestaan, en ek het Hom gesien! Hy het gesê ons moet Hom in Galiléa ontmoet!”

Jesus het opgestaan! Jesus het dit alles gedoen sodat ons gered kon word. Dit was wonderlike nuus! Dit was tyd om vrolik te wees, maar die dissipels het nie in hierdie vreugde gedeel nie, omdat hulle nie wou glo nie. Jesus het wonderlike, vreugdevolle nuus vir ons. Hy leef en Hy wil ons die ewige lewe gee. Glo ons wat Hy vir ons sê?

# 71. Op die Weg na Émmaüs

***Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Johannes 20:21***

*Lukas 24:13-48; Johannes 20:19-29*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 83 en 84*

Dit was laat Sondagmiddag. Kléopas en ‘n vriend het van Jerusalem na Émmaüs huistoe gegaan. Hierdie twee manne het geglo in Jesus. Terwyl hulle gestap het, het hulle gesels oor al die hartseer dinge wat daardie naweek gebeur het. Jesus het gesterf en met Sy dood is al hulle hoop en drome verwoes. Hierdie twee manne was baie hartseer.

Oppad het hulle 'n ander man ontmoet wat by hulle aangesluit het. Hierdie vreemdeling het vir hulle gevra: “Waarvan praat julle? Hoekom is julle so hartseer?” Kléopas het Hom geantwoord: “Is U ‘n vreemdeling in Jerusalem, dat U nie weet wat gebeur het nie?" Toe vertel hy die vreemdeling alles van Jesus en wat gebeur het.

Die vreemdeling het teer vir hulle gesê: “Ag, hoekom glo julle nie wat die profete gesê het omtrent die lyding van die Messías nie?” Versigtig het Hy die baie gedeeltes in die Skrif verduidelik wat van die Messías gepraat het. Hoe meer Hy gepraat het, hoe meer het

die dissipels besef dat Jesus alles gedoen het wat die Skrif gesê het die Messías sou doen. Die twee dissipels was vertroos deur hierdie woorde. Hulle wou meer tyd saam met hierdie Vreemdeling deurbring.

Teen die tyd dat hulle by Émmaüs aangekom het, was dit reeds donker en daarom het hulle die Vreemdeling genooi om by hulle aan huis oor te bly. Aanvanklik het Hy geweier en gesê dat Hy Sy reis sou voortsit. Maar die manne het daarop aangedring dat Hy by hulle moet bly, daarom het Hy. Die aandete was gou gereed en hulle het aangesit om te eet. Net voor ete het die Besoeker Sy hande opgesteek om die kos te seën – en dit is toe dat die manne besef het dat hulle die hele tyd deur Jesus self besoek is! Jesus het altyd die voedsel so geseën voordat Hy geëet het en hulle het die spykermerke in Sy hande gesien. “Dit is die Here Jesus! Hy het uit die dood opgestaan!” het hulle uitgeroep. Hulle het by Sy voete gekniel om Hom te aanbid. Maar Jesus het uit hulle gesigsveld verdwyn, sodat hulle dit vir hulle vriende kon gaan vertel. Hulle sou nie hulle huis wou verlaat as Jesus daar was nie!

Die manne was nou nie meer honger, moeg of hartseer nie. Hulle moes vir die ander dissipels vertel! Al was dit donker en kon hulle nie die pad sien nie, het hulle steeds van Émmaüs na Jerusalem gehardloop. So vinnig as wat hulle kon, het hulle na die bovertrek gegaan waar die dissipels van Jesus gebly het. Hulle het aan die deur geklop. Aanvanklik het niemand dit oopgemaak nie. Dié wat in die vertrek was, het die deur gesluit omdat hulle bang was dat iemand hulle sou kom seermaak. “Maak die deur oop, dis ons!” het Kléopas en sy vriend geroep. Net nadat die dissipels hulle in die kamer ingelaat het, het hulle die wonderlike nuus gedeel omtrent Jesus se besoek aan hulle daardie middag. Sommige van die ander dissipels het ook vertel: “Ja, Hy het opgestaan en Hy het ook aan Simon verskyn!”

Skielik het hulle almal opgemerk dat daar nog iemand wat hulle nie voorheen gesien het nie, in die vertrek was. Hulle het almal stil geraak. Hulle het na hierdie Vreemdeling gekyk, en Hy het, in 'n stem wat hulle almal geken het, gesê: “Vrede vir julle!” Hulle het almal geweet dis Jesus, maar hulle was eers bang. “Moenie bang wees nie,” het Jesus hulle getroos, “Ek is nie ’n spook nie; dit is waarlik Ek. Kyk na My hande en voete; voel aan My en kyk.” Hulle het aan Jesus geraak en die spykermerke op Sy hande en voete gesien. Toe het Jesus vir hulle voedsel gevra en hulle het vir Hom vis en heuning gegee om te eet. Hy wou vir hulle toon dat dit werklik Hy was, dat Hy werklik uit die dood opgestaan het, dat Hy kon eet en dat hulle Hom kon aanraak. Die dissipels was daarna nie meer bang nie; hulle was met vreugde gevul!

Toe het Jesus die Skrif aan almal verduidelik. Hy het vir hulle getoon hoe Sy lewe alles wat deur die profete geskryf is, vervul het. Hy het hulle begin voorberei om hierdie wonderlike nuus met die hele wêreld te deel. Toe blaas Hy op hulle en sê: “Ontvang die Heilige Gees.” Met Sy Gees sou hulle die wysheid en krag vind om die evangelie met die hele wêreld te deel.

Die dag toe Jesus die dissipels in die bo-vertrek ontmoet het, was Thomas nie daar nie. Vir 'n hele week het sy vriende hom alles vertel omtrent die ontmoeting met Jesus, maar Thomas het geweier om te glo. “Ek sal slegs glo as ek die spykermerke op Sy hande en die wond aan Sy sy kan sien en aanraak,” het Thomas gesê. Hy het gedink dit is nie regverdig dat die ander Jesus gesien het, maar nie hy nie. Elke aand het die dissipels in daardie bo-vertrek bymekaargekom om saam te wees, maar Thomas het geweier.

Eers een week nadat Jesus Homself aan die dissipels getoon het, het Thomas besluit om by hulle aan te sluit. Skielik het Jesus, al was die deur gesluit, weer verskyn. Weer het Jesus gesê: “Vrede vir julle.”

Toe draai Hy na Thomas en sê: “Kom, raak aan My hande en aan My sy. Moenie ongelowig wees nie, maar glo.” Thomas het dadelik geglo; hy het nie eers nodig gehad om aan Jesus te raak om seker te maak dat dit waar is nie. Hy het by die voete van Jesus neergeval en gesê: “My Here en my God!” Maar Jesus het sagkens vir Thomas gesê: “Jy glo omdat jy My gesien het; geseënd is die wat glo, al het hulle nie gesien nie.” Jesus was bly dat Thomas geglo het, maar Hy was hartseer dat Thomas nie voorheen geglo het nie. Jesus sou Thomas vroeër wou ontmoet het, maar Hy moes wag sodat Thomas kon agterkom dat hy meer geloof nodig het.

Die dissipels van Jesus was vertroos en het, nadat hulle Jesus gesien het, vrede gehad. Hulle was verheug dat Hy opgestaan het en hulle het begin verstaan hoekom Hy aarde toe gekom het en waarom Hy moes sterf. Hulle sou binnekort gereed wees om hierdie vrede, vreugde en vertroosting te deel met almal wat hulle ontmoet. Jesus wil ook vir ons hierdie vrede, vreugde en vertroosting gee. Al wat ons moet doen is om Hom te glo en te aanvaar wat Hy aan ons bied.

# 72. By die See saam met Jesus

***En mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nadat ons ‘n kort tyd gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves! 1 Petrus 5:10***

*Johannes 21:1-22*
*Koning van die Eeue, hoofstuk 85*

Die dissipels het nog 'n paar dae in Jerusalem gebly totdat die Pasgaweek om was. Hulle het geweet dat as hulle Jerusalem tydens die fees verlaat, hulle dalk probleme met die Joodse leiers sou hê.

Maar nadat die fees verby was, het die dissipels na Galiléa gegaan, want Jesus het belowe om hulle daar te ontmoet.

Petrus, Jakobus, Johannes en vier ander dissipels het na die See van Galiléa gegaan om vir Jesus te wag. Hulle het die baie plekke gesien waar Jesus verkondig en wonderwerke gedoen het. So baie dinge het hulle aan Jesus herinner! Toe kry Petrus 'n idee: "Ek gaan vanaand visvang!" het hy aan sy vriende voorgestel. Die ander dissipels het ingestem om saam te gaan. Hulle moes vis verkoop sodat hulle voedsel en klere kon koop.

Die hele nag het hulle hard gewerk, maar hulle het nie een vis gevang nie. Hulle was baie moedeloos. Met dagbreek het hulle met leë nette na die oewer begin terugroei. Daar was 'n vreemdeling op die strand wat na hulle geroep het: "My kinders, het julle nie iets om te eet nie?" "Nee," het hulle geantwoord. Toe sê die vreemdeling vir hulle: "Gooi die nette aan die regterkant van die skuit en julle sal kry." Die regterkant van die skuit was die naaste aan die kus. Dit het nie sin gemaak om so vis te vang nie, maar hulle het nie met die vreemdeling geredeneer nie; hulle het Hom eenvoudig gehoorsaam en gou was die net so vol vis dat dit moeilik was om dit aan wal te bring!

Johannes het dadelik geweet wie die Vreemdeling is. Hy het vir Petrus gesê: "Dit is die Here!" Petrus was so opgewonde dat hy in die water gespring en geswem het na waar Jesus was, terwyl die ander dissipels met die skuit geroei en die net na die wal gesleep het. Daar het Jesus vir hulle gewag. Hy was besig om vis en brood op die kole voor te berei.

Die dissipels het verstom na Jesus en die kos gekyk. "Bring die vis wat julle gevang het," het Jesus hulle genooi. Petrus het gehelp om die vis in te bring en toe het hulle almal gaan sit om die maaltyd te eet wat Jesus vir hulle voorberei het. Die laaste keer toe Jesus hulle gehelp het om so 'n net vol vis te trek, het Hy die dissipels genooi

om vir Hom as vissers van mense te werk. Hy het hulle nou weer genooi; Hy het hulle gevra om Sy dienaars te word.

Daar was een dissipel wat gevoel het dat hy nie meer 'n dienaar van Jesus kon wees nie. Sy vriende het ook gewonder of hy waardig is om vir Jesus te werk. Hierdie dissipel was Petrus. Hy het Jesus drie keer verloën. Kon hy werklik vertrou word om in die koninkryk van God te werk?

Jesus het geweet wat hulle almal dink en Hy het ook geweet dat Petrus baie jammer was oor wat hy gedoen het. Jesus het hom voor die ander dissipels gevra: “Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hierdie dissipels?” Petrus het stilweg geantwoord: “Ja, Here, U weet dat ek het U liefhet.” Toe sê Jesus vir hom: “Laat my lammers wei.”

’n Paar oomblikke later het Jesus weer gevra: “Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief?” Petrus het geantwoord: “Ja, Here, U weet dat ek het U liefhet.” Jesus sê vir hom: “Pas my skape op.” ’n Derde keer het Jesus gevra: “Simon, seun van Jona, het jy My lief?” Petrus het baie bedroef geword, omdat Jesus hom dit 'n derde maal gevra het. Hy het gedink dat Jesus hom nie meer vertrou nie. Petrus het Jesus stilweg geantwoord: “Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet.” Weereens het Jesus vir Petrus gesê: “Laat my skape wei.”

Petrus het Jesus drie keer verloën voor verskeie mense. Nou het Petrus drie keer, voor die ander dissipels, gesê dat hy Jesus liefhet en drie keer het Jesus hom die werk gegee om Sy lammers te voed. Nie een van Petrus se vriende het nou getwyfel dat hy jammer was oor wat hy aan Jesus gedoen het nie en almal van hulle het geweet dat Jesus wou hê dat Petrus een van Sy dienaars moet wees. Petrus het geweet dat Jesus hom ten volle vergewe het en daarna was hy 'n nuwe mens. Hy het 'n wonderlike dienaar in die koninkryk van God geword.

Daarna het Jesus saam met Petrus gaan stap en alleen met hom gepraat. Hy het vir hom gesê dat hy uiteindelik ook gekruisig sal word, as gevolg van sy werk vir Jesus. Nadat Jesus dit gesê het, het Hy Petrus genooi: “Volg My.” Sou Petrus bereid wees om Christus te volg, selfs met hierdie wete? Ja, Petrus was gewillig. Hy het gesien hoe kosbaar Jesus vir hom was en was nou werklik bereid om enigiets vir Hom te doen. Maar toe wonder Petrus wat met Johannes gaan gebeur. “Here, wat van hom?” Jesus het Petrus sagkens geantwoord: “Al bly hy lewe totdat Ek kom, maak dit saak? Al wat jy hoef te doen is om my te volg.” Elke dissipel moes besluit of hy Jesus sou volg en Hom sou vertrou om te doen wat die beste vir hom is. Die dissipels het nie nodig gehad om te kyk na wat met die ander dissipels gebeur nie; hulle moes na Jesus kyk en van Hom leer.

Petrus het verstaan en aanvaar wat Jesus gesê het. Hy het besluit om Jesus te volg, ongeag wat met hom sou gebeur, want hy het vertrou dat Jesus altyd sal doen wat die beste vir hom is. Die ander dissipels het dieselfde besluit geneem. Daardie dag by die see het hulle almal weer opnuut dienaars van Jesus geword. Hulle het vertrou dat Jesus sou aanhou om vir hulle te sorg.

Jesus gee ook vir ons om. Ons voedsel en alles wat ons het, kom van Hom af. Hy nooi ons ook om vir Hom te werk, om die evangelie met ander te deel. Sal jy Sy uitnodiging aanvaar?

# 73. Jesus Gaan Terug Hemel Toe

***Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag. Filippense 3:20***

*Matthéüs 28:16-20; Lukas 24:50-53; Handelinge 1:9-12*
*Koning van die Eeue, hoofstukke 86 en 87*

Jesus het vir Sy dissipels gesê dat Hy hulle in Galiléa, op 'n berg, sou ontmoet. Toe die tyd aanbreek om te ontmoet, was daar ongeveer 500 mense wat gewag het om Jesus te sien. Al hierdie mense was dissipels, volgelinge en gelowiges van Jesus. Hulle het in klein groepies bymekaargekom om vir Jesus te wag en het opgewonde alles gedeel wat hulle van die opgestane Messías geweet het.

Skielik het Jesus aan hulle verskyn. Hy het liefdevol met hulle gepraat en verduidelik dat Hy alles gedoen het wat nodig was vir elke mens om gered te word. Hy het oor die koninkryk van God gepraat en Sy volgelinge genooi om die goeie nuus omtrent die evangelie met die ganse wêreld te deel. “Begin in Jerusalem,” het Jesus beveel, “en gaan dan na die hele wêreld toe.” Hy het belowe dat Hy deur Sy Gees by hulle sal wees om hulle in hierdie werk te help. Hy het belowe dat Hy hulle krag sal gee om ander omtrent die koninkryk van God te leer en om die siekes te genees, net soos Hy gedoen het. “Ek sal by julle wees al die dae tot aan die voleinding van die wêreld,” het Jesus aan hulle belowe.

Hierna het Jesus en Sy elf dissipels na die Olyfberg gestap. Hulle het deur die poort van Jerusalem gegaan en baie mense het hulle gesien. Terwyl Jesus en die dissipels na die berg oppad was, het hulle gesels.

Toe hulle by die berg aankom, het Jesus hulle liefdevol aangekyk. Helder ligstrale het vanuit Sy gesig geskyn en Hy het hulle

bemoedig. Hy het vir hulle gesê hoe lief Hy hulle het en dat Hy vir hulle sal sorg. Hy het Sy arms uitgestrek om hulle te seën en het stadig begin om na die hemel op te vaar. Die dissipels het na Hom gekyk so lank as wat hulle kon en hulle het gekyk hoe Hy deur 'n helder wolk bedek word. Hulle het gesien hoe 'n blink skare engele Jesus ontvang en hulle het gehoor hoe die engele pragtige liedere sing.

Die dissipels het nog na die hemel opgekyk toe twee engele na hulle toe kom. Hulle het die dissipels liefdevol vertroos en vir hulle gesê: "Waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so weer kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het." Die dissipels was vertroos. Hulle sou verlang om Jesus by hulle te hê, maar hulle was bly, omdat hulle geweet het dat Sy Gees by hulle sou wees. Hulle was opgewonde om vir almal te vertel wat hulle gesien en gehoor het. Die dissipels het teruggegaan na Jerusalem en begin vertel dat Jesus uit die dood opgestaan het en nou teruggegaan het hemel toe en dat Hy besig was om vir hulle 'n plek voor te berei en sou terugkom om hulle na die hemel te neem. Dit was die beste nuus wat hulle nog ooit gehoor het! Baie mense was opgewonde om te hoor wat die dissipels met hulle gedeel het.

Intussen het Jesus by die poorte van die hemel aangekom. Die engele wat Jesus na die hemel gebring het, het by die poort gestaan en vreugdevol gesing:

Hef op julle hoofde, o poorte,
ja, verhef julle, ewige deure,
dat die Erekoning kan ingaan!

Die engele aan die ander kant van die poort was vol vreugde terwyl hulle gesing het,

Wie is dan tog die Erekoning?

Die engele het natuurlik geweet wie die Erekoning is. Maar hulle wou dit sing! Buite die hemelse poorte het die engele wat saam met Jesus gekom het, gesing:

Die HERE, sterk en geweldig,<br>die HERE geweldig in die stryd.<br>Hef op julle hoofde, o poorte, ja, hef op, ewige deure,<br>Dat die Erekoning kan ingaan!

Die engele binne die hemelse poorte het weer gesing,

Wie is dan tog die Erekoning?

En die engele buite die poort het gesing wat almal wou hoor:

Die HERE van die leërskare -<br>Hy is die Erekoning!

(Psalm 24)

Daarna is die poorte van die hemel wyd oopgemaak en die engele het die mooiste liedere gesing terwyl Jesus ingekom het. Jesus het nie alleen ingekom nie; daar was engele by Hom en Hy het ook die mense wat op dieselfde dag as Hy uit die dood opgewek is, saamgebring.

Daar was 'n baie groot skare wat vir Jesus gewag het: al die engele van die hemel was daar, asook leiers uit ander wêrelde waarin niemand gesondig het nie. Almal van hulle wou Jesus aanbid en loof, maar Jesus het hulle gevra om te wag. Hy moes eers na Sy Vader gaan. Die Seun het aan Sy Vader Sy hande en voete gewys. Hy het ook vir Hom die mense gewys wat uit die dood opgewek is. Het die Vader aanvaar wat Jesus gedoen het? Sou Jesus en al hierdie opgestane mense vir ewig in die hemel kon lewe?

Ja, natuurlik kan hulle! Die Vader het Jesus verseker dat Hy meer as genoeg gedoen het om ons te red. Die Vader en die Seun het mekaar styf vasgedruk en die engele het hulle met vreugde aanbid. Jesus het die werk voltooi! Jesus kon 'n lewe op aarde lei sonder om te sondig en nou sou Hy 'n pragtige huis voorberei vir elkeen wat saam met Hom in die hemel wil wees.

Watter wonderlike nuus! Jesus is in die hemel, besig om vir jou en my 'n huis voor te berei. Elke dag bied Hy aan ons Sy Gees, sodat ons kan leer om vriendelik en liefdevol soos Hy te wees en gereed te maak om in so 'n wonderlike plek te woon. Kom ons dank Hom dat Hy so lief vir ons is en kom ons deel hierdie wonderlike nuus met ander!

# Tematiese Inhoudsopgawe

Hierdie inhoudsopgawe is voorsien om jou te help om spesifieke verhale op te soek. Die nommers **verwys na die hoofstukke (nie die bladsy nommers nie)** in hierdie stel boekies.


Andréas 11, 20, 36, 61
Anna 4
Annas 67
Bartiméüs 55
Besetene 23, 32, 34, 42
Betésda, bad van 21
Betsáida 40
Blinde bedelaar 47
Blinde en Stomme 39
Blinde man in Betsáida 40
Blindes, twee 34
Blinde, twee vriende 55
Brood, Pasga 64
Broers van Jesus 30, 45
Dawid 26
Dekápolis 32, 39
Dief aan die kruis 69
Dienskneg, Jesus as 63
Dissipels, Jesus roep 11
Doop van Jesus 9
Elía 41, 48
Elísabet 1, 2
Émmaüs 71
Esel 57
Filippus 11, 36, 61
Gabriël, engel 1, 2
Geboorte van Jesus 3
Gesaaides, eet 26
Getsémané 65, 66
God se stem 9, 41, 61
Grieke 61
Grootste in God se Koningkryk 43
Haan 67
Hemel, Jesus gaan terug 73
Herders 3
Heródias 19
Hoofman oor honderd 28
Hoofman oor honderd by die kruisiging 69
Jaïrus 33
Jakobus 20, 33, 41, 43, 66, 72
Johannes die dissipel 20, 33, 41, 43, 64, 66, 67, 69, 70, 72
Johannes die Doper 1, 8, 9, 18, 19
Josef 2, 3, 4, 5, 7
Josef van Arimathéa 69
Judas 56, 64, 66, 67
Kájafas 67
Kananése vrou 38
Kapérnaüm 17, 23, 25, 43, 44
Kindjie, kindertjies 43, 50
Kléopas 71
Koning Herodus 5, 19, 68
Koninklike beampte 17
Kruis 69
Kruisiging 69
Laaste aandete 64
Lam man, Betésda 21
Lasarus 52, 53, 56
Legio 32
Loop op water 37
Maria Magdaléna 52, 53, 56, 70
Maria moeder van Jesus 2, 3, 4, 7, 13, 30, 69
Martha 52, 53
Melaatse 24
Melaatses, tien 49

Moeder van Jakobus en Johannes 43
Moses 41
Muntstuk in ‘n vis 44
Násaret 6, 22
Natánael 11
Nikodémus 15, 45, 69
Ontken, Petrus 67
Oorwinningsintog 57
Opstanding 70
Pasga Maal 63, 64
Pilatus 68, 69
Ryk jong man 51
Sagaría 1, 2
Sagaría, profeet 57
Saggéüs 54
Salóme 19
Samaritaanse vrou 16
Samaritane, 48
Sendelinge 35, 48
Seuntjie met vyf brode en twee vissies 36
Silóam, bad 47
Símeon 4
Simon die Ciréner 69
Simon die Fariseër 56
Simon Petrus 11, 20, 23, 33, 37, 41, 44, 63, 66, 67, 70, 72
Simon Petrus se skoonmoeder 23
Stomme 34
Storm, stil 31
Strikvraag 58
Swaard, Petrus 66
Tekens, endtye 62
Tempel, reining 14, 58
Thomas 71
Vader van maansieke seun 42
Varke val van krans af 32
Verdorde hand 27
Verheerliking 41
Verlamde man, oopgemaakte dak 25
Vis 36, 39, 44
Visvang wonderwerk 20, 72
Voed die vierduisend 39
Voed van vyfduisend 36
Voetwassing 63
Vrou gevang in owerspel 46
Vrou huil tydens kruisiging 69
Vrou, inmekaargetrek 27
Vrou siek vir twaalf jaar 33
Vyeboom, verdroogde 59
Water(sug) 27
Weduwee, offerande 60
Weduwee van Nain 29
Wyse manne 5
Wyn 13, 64

Kinders is een van die kosbaarste gawes wat God aan ons toevertrou het. Dit is ons verantwoordelikheid om hulle van Jesus te vertel, sodat hulle met reg kan waarneem hoe lief hulle hemelse Vader hulle het. Die waarhede, wat ons verstaan as die sleutel tot die ervaring van God se volk in hierdie laaste dae, moet duidelik, tog tederlik aan hulle oopgebreek word.

Hierdie boek het ten doel om die lewe van Jesus in die lig van hierdie waarhede aan te bied: die nuwe verbond, die karakter van God en die boodskap van verlossing. Ons bid dat dit ons kinders sal help om 'n verhouding met God te hê, met ‘n kennis van Hom deur Sy Seun, Jesus Christus, as basis.